# DIE GESKIEDENIS VAN MARICO TOT 1900,

deur Petrus Johannes Oosthuizen, B.A. Honns.

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad M.A.(Geskiedenis) in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Desember 1971

Leier: Prof. dr. J.S. du Plessis.

INHOUDSOPGAWE


Hoofstuk I

DIE BANTOES IN DIE MARICOGEBIED TOT MET DIE KOMS VAN DIE VOORTREKKERS

1. Die vroeëre Bantoestamme in die Maricogebied voor die inval van die Mantatese .......... 3
a. Die Hurutshestam .......................... 4
b. Die Ngwaketsestam .......................... 5
c. Die Rolongstam .......................... 6
d. Die Tlhapingstam .......................... 8
e. Die Kaa-stam .......................... 9
f. Die Ngwatostam .......................... 9
g. Die Kwenastam .......................... 10
2. Die Mantatese .......................... 10
3. Die Matebeles .......................... 14
4. Enkele vroeë sendelinge uit hierdie tydperk 18

Hoofstuk II

DIE VESTIGING EN LEWENSWYSE VAN DIE BLANKES IN DIE MARICOGEBIED

1. Gevolge van die verdrywing van die Matebeles .......................... 23
a. Vir die Nie-Blankes .......................... 23
b. Vir die Blankes .......................... 25
2. Die vestiging van die Blankes in die Maricogebied .......................... 26
3. Marico as selfstandige distrik ............ 35
4. Marico en die konstitusionele stryd ....... 37
a. Die kommandant-generaalskap .............. 37
b. Die konstitusionele stryd ................ 39
5. Bestaansbronne .......................... 47
a. Boerdery .......................... 47
(i) Die stelsel van grondbesit .............. 48
(ii) Veeteelt .......................... 49
(iii) Landbou .......................... 52
b. Jag .......................... 55

Hoofstuk III

VESTIGINGS- EN BESTAANSPROBLEME

1. Arbeidsprobleme .......................... 59

2. Die Bantoeprobleem ........................ 62
3. Siektes .................................. 75
4. Mediese dienste .......................... 80
5. Kommunikasieprobleme ..................... 81
a. Paaie .................................... 81
b. Spoorwegverbindings ...................... 84
c. Poswese .................................. 85

Hoofstuk IV
DORPSTIGTING

1. Zeerust .................................. 89
2. Ander dorpe .............................. 98
a. Ottosdal hoop ............................ 98
b. Jacobsdal ................................ 100
c. Lichtenburg .............................. 101
3. Die samelewing in Marico ................. 103
a. Die sosiale lewe ......................... 103
b. Die kultuurlewe .......................... 103
c. Sport en ontspanning ..................... 105
d. Jeugverenigings .......................... 106

Hoofstuk V
DIE ONDERWYS VAN DIE BLANKES IN MARICO

1. Die algemene toestand tydens die Groot Trek 109
2. Die maatskaplike toestand in die beginjare in Marico ................................. 111
3. Ontwikkeling van die onderwys in Marico: Kerkskole ................................. 114
4. Die onderwyswet van 1866 ................. 115
5. Onderwys tydens die bewind van president Burgers .................................. 116
6. Onderwys gedurende die eerste Britse bewind 119
7. Die eerste distrikskool in Zeerust ....... 120
8. Die onderwys onder di. S.J. du Toit en H. Stiemens ................................. 121
9. Dienonderwys onder dr. N. Mansvelt ....... 124
10. Private onderwys in Marico .............. 127

Hoofstuk VI

KERKSTIGTING IN MARICO


1. Algemene toestande voor kerkstigting ..... 129
2. Marico en die eerste besoekende predikante 130
a. Di. William Robertson en E. Faure ........ 130
b. Ds. Andrew Murray jr. ................... 131
c. Die tweede besoek van ds. Murray ......... 132
d. Die derde en vierde besoeke van ds. Murray 133
3. Die Nederduitsch Hervormde Kerk .......... 134
a. Die koms van ds. Dirk van der Hoff ....... 134
b. Die eerste kerkgebou van die Ned. Herv. Kerk in Groot-Marico .................... 137
c. Die selfstandigwording van die Ned. Herv. gemeente van Zeerust ................... 138
4. Die stigting van die Nederduitse Gereformeerde gemeente van Zeerust ............. 139
5. Die vereniging van die Nederduitse Gereformeerde en Nederduitsch Hervormde kerke in Marico ................................. 143
6. Die stigting van die Gereformeerde Kerk, Zeerust ................................ 146
7. Die Anglikaanse Kerk, Zeerust ........... 148
8. Die Jerusalemgangers .................... 149


Hoofstuk VII

EKONOMIESE ONTWIKKELING


1. Algemene ekonomiese toestande ........... 154
2. Die handel .............................. 156
3. Mynbou .................................. 159
a. Die ontginning van lood ................. 161
b. Die ontginning van goud ................. 162


Hoofstuk VIII


SAMEVATTING ................................ 169

BIBLIOGRAFIE ............................... 173

KAARTE :

Tussen bladsye

1. Verspreiding van naturellestamme tot die koms van die Matebele.............. 3 en 4

2. Landdrosdistrik Marico ................36 en 37

VOORWOORD

Daar bestaan 'n behoefte aan 'n streeksgeskiedenis van Wes-Transvaal. Die keuse om die geskiedenis van die Marico-deel tot 1900 na te vors moet gevolglik beskou word as 'n poging om 'n bydrae in die verband te lewer.

Hoewel daar reeds heelwat oor Marico geskryf is, lê die gegewens so verspreid dat daar tot nog toe nie 'n totaalbeeld van die distrik gevorm kan word nie. Daarom het ek probeer om op grond van reisbeskrywings, oorspronklike dokumente, publikasies, ens. 'n oorsigtelike beeld te gee van die vroeë ontwikkeling van die streek. Dit moet beklemtoon word dat ek nie getrag het om ten opsigte van een of ander aspek van die ontwikkeling in besonderhede in te gaan nie, maar dat my doel alleen was om 'n breë oorsig oor die algemene ontwikkeling van die eerste vyftig jaar sedert die vestiging van die Blankes in die gebied te gee.

Ek besef terdeë dat hiermee nie die laaste woord oor die tydperk geskryf is nie, maar as ek daarin kon slaag om sake in verband te stel en opnuut die belangstelling vir die geskiedenis van die gebied op te wek, sal ek myself ryklik beloon ag.

Wat die spelling van die naam Marico betref, wil ek graag die aandag daarop vestig dat alhoewel ek die algemeen gebruikte spelling deurgaans gebruik het, die volgende spelwyses ook teëgekom is : Mariqua, Mariequa, Marequa, Marikwa, Marikue, Morieca en Mariekoo. Wat verder ook opgeval het, is die verskillende skryfwyses van persoonsname. So is byvoorbeeld die volgende spelling van Engelbrecht aangetref: Engelberg en Engelbrechts. Ook in hierdie verband het ek die huidige spelwyse gebruik. In die voetnote het ek ook deurgaans gebruik gemaak van die afkorting Agj. vir Argiefjaarboek.

Dit is vir my 'n besondere voorreg om by die voltooiing van hierdie verhandeling my opregte dank en waardering teenoor prof. dr. du Plessis te betuig. Sonder sy bekwame leiding, aanmoediging en tegemoetkoming sou hierdie werk nie noltooi kon word nie. Vervolgens wil ek ook my dank uitspreek teenoor alle persone vir hulp en belangstelling wat hulle in my vordering getoon het. Daar is soveel wat

maar te gretig was om van hulle boeke tot my beskikking te stel dat ek onmoontlik hulle name kan noem. Ek wil egter 'n besondere woord van dank rig tot my eggenote wat dikwels ongerief moes verduur om my in staat te stel om navorsing te kon doen. Ek wil ook die volgende instansies bedank vir hulle vriendelike hulp: die personeel van die Ferdinand Postma-Biblioteek van die P.U. vir C.H.O., die T.O.D.-Biblioteekdiens, die personeel van die Staatsargief, Pretoria en dié van die Staatsbiblioteek. Ten laaste ook my opregte dank aan die Transvaalse Onderwysdepartement vir die studieverlof aan my toegestaan.

P.J. Oosthuizen.

SWARTRUGGENS.

Desember 1971.

## H o o f s t u k 1

## DIE BANTOES IN DIE MARICO GEBIED TOT MET DIE KOMS VAN DIE VOORTREKKERS

### Inleiding

Die Maricogebied[1] was om verskeie redes ŉ gesogte woongebied, eers vir die Bantoes en later ook vir die Blankes. Net soos die res van Transvaal kan dié gebied ook in drie streke verdeel word, nl. die hoëveld, die middelveld en die bosveld.

Die hoëveldgedeelte, met sy kort soetgras, strek oor die suidelike gedeelte van die gebied. Dit word van water voorsien deur die Maloporivier[2], die Malmaniespruit en ander kleiner lope. Die middelgedeelte bestaan uit gebroke veld met ŉ groot verskeidenheid plantegroei en word deurkruis deur die Klein-Maricorivier, die bolope van die Groot-Maricorivier en vroeër was daar in die gebied ook ses en twintig standhoudende lope en fonteine. In die middel- en bosveldgedeelte is onder welige plantegroei goeie timmerhoutsoorte aangetref soos: tambotie, olienhout en sering. So het die sendeling Robert Moffat se tweede besoek in 1835 aan Silkaats, wat hom toe met sy volgelinge reeds aan die noordelike hang van die Magaliesberg langs die Marico- en Toelanierivier gevestig het[3], onder meer ook ten doel gehad om ŉ goeie voorraad timmerhout vir ŉ

---

1. Die woord Marico is waarskynlik afkomstig van die Hurutshe-woorde „Madi Ko", wat respektiewelik bloed en daar beteken; dus daar is bloed. Moontlik is dit ŉ herinnering aan die vroeëre bloedvergieting deur die Mantatese en Matebeles. ŉ Ander verklaring van die naam Marico is dat dit afgelei is van die oorspronklike naam van die Maricorivier, Madikwe, wat beteken „plek van aanval deur ŉ oormag." Waarskynlik is dit so genoem omdat die inboorlinge op hulle jagtogte die wild op die walle van die rivier vasgekeer het. [Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek 1867 - 1967 (Stadsraad van Zeerust, 1967), p. 3.]

2. Die rivier is vernoem na Malope, die groot stamvader van die Hurutshe. [Snyman, J.J.: Die naturellestamme in Marico vanaf die 18de eeu tot die verdwyning van die Matebelestam in November 1837 (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U.K. vir C.H.O., 1949), p.5.] Na hierdie werk sal verder verwys word as Snyman: Die naturellestamme in Marico.

3. Kyk Potgieter, F.J.: Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837 - 1866 (Agj., 1958, dl. II, Kaapstad, 1959, p. 15).

nuwe kerk op Kuruman in die hande te kry[4].

Verder was die gebied vrugbaar en uitnemend geskik vir landbou en veeteelt. Die menigte kuddes groot- en kleinvee van die Matabeles, asook hulle uitgestrekte koringlande was sprekende bewys hiervan[5].

Hierbenewens was die Maricogebied ook ŉ aantrekkingskrag vanweë sy natuurskoon. Vroeë Blanke besoekers, bv. Moffat, vermeld dat die skoonheid van die gebied veral verhoog is deur die baie en mooi strome wat deur die vrugbare valleie vloei[6]. By sy aankoms by die bolope van die Maricorivier kom die bekende jagter uit daardie dae, W.C. Harris, ook diep onder die indruk van die skoonheid van die gebied. Pragtige skaduryke bome het die oewers van die rivier omsoom. Met hulle sambreelvormige kruine het die akasias so dig gestaan dat die sonstrale heeltemal uitgesluit was. Tussen die bome en riete deur het die rivier wat omtrent twintig treë breed gevloei het, ŉ diep, in skadugehulde kanaal gevorm. Die grassoorte met pragtige blomme tussenin het soos ŉ luukse tapyt vertoon. Hierdie skouspelagtige gesig het hy met die volgende woorde mooi saamgevat: „The approach to this small, but beautiful river, is picturesque in the highest degree"[7].

ŉ Verdere aanloklikheid was die feit dat wild in die gebied volop was - ŉ ware jagtersparadys. Olifante, renosters, buffels, elande, kameelperde, hartbeeste, rooibokke, kwaggas, ens. was volop[8], en was ŉ bron van voedsel sowel as van inkomste[9].

---

4. Vgl. Kotze, D.J.: Die eerste Amerikaanse sendelinge onder die Matebeles (Agj., 1950, dl. I, Kaapstad, s.j., pp. 212 - 221.)

5. Snyman, J.J.: ŉ Histories-kritiese studie oor die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die distrik Marico, Transvaal 1848 - 1948 (ongepubliseerde M.Ed- verhandeling, P.U.K. vir C.H.O., 1948), p. 1. Na hierdie werk sal verder verwys word as Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in Marico.

6. Vgl. Kirby, P.R.(Red.): Robert Moffat's visit to Mzilikazi in 1835 (Witwatersrand University Press, 1940) p. 10.

7. Sien Harris, W.C.: The wild sports of Southern Africa (John Murray, London, 1842), p. 152.

8. Ibid, pp. 153 - 182.

9. Potgieter, F.J.: Op. cit., p. 15.

Die klimaat is gedurende die wintermaande ook redelik warm en dit het die Bantoe met sy skamele kleredrag aangestaan.

Uit hoofde van bogenoemde is dit heel natuurlik dat die Maricogebied reeds voor die koms van die Blankes 'n Bantoebevolking gehad het „numerous as the locusts", en groot veekuddes die vlaktes oordek het[10].

1. Die vroeëre Bantoestamme in die Maricogebied voor die inval van die Mantatese[11]

Die vroegste geskiendeis van die Bantoe word nog steeds deur 'n waas van onsekerheid omhul. Nóg hulle ontstaan nòg hulle suidwaartse trek kon tot dusver met sekerheid bepaal word[12]. Veral ook omdat daar noodwendig van oorleweringe van die Bantoe self gebruik gemaak moes word om die skrale gegewens in die verband aan te vul, bestaan daar nie eenstemmigheid by navorsers oor hulle herkoms nie[13].

Die groep wat hulle in die westelike dele - die huidige Botswana en die aangrensende dele van Wes-Transvaal en Noord-Kaapland - gevestig het, is die Wes-Sotho, meer algemeen bekend as die Tswanavolke[14]. Hoewel hulle in die tyd toe die Blankes die binneland binnegetrek het reeds as afsonderlike stamme elk in sy eie gebied verspreid gewoon het, word dit aanvaar dat al die groepe met die verloop van jare van dieselfde moederstam afgeskei het.

---

10. Moffat, R.: Missionary Labours and scenes in Southern Africa (London, 1842), pp. 523 - 527.


11. Vir die studie van hierdie tydperk is hoofsaaklik gebruik gemaak van Snyman: Die naturellestamme in Marico, pp. 1-28.

12. Vergelyk Bruwer, F.P.: Die Bantoe van Suid-Afrika (Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1963), pp. 1-8.

13. Vgl. Eiselen, W.M.: Die Suid-Afrikaanse inboorlinge (In Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L. (Red.): Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. II (Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, 1951, p. 343). Vgl. ook Van Rooyen, T.S.: Die Bantoe in die Suid-Afrikaanse Historiografie (In Cronje, G. (Red): Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie (Van Schaik, Pretoria, 1967, pp. 134- 135).

14. Bruwer: Op. cit., p. 22.

# VERSPREIDING VAN NATURELLESTAMME TOT DIE KOMS VAN DIE MATABELE



a. Die Hurutshestam

Volgens oorlewering het die Tswanastamme ontstaan vanweë die feit dat die oorspronklike moederstam, die Hurutshe[15], in die vroeë jare opgesplits het in 'n aantal groepe waaruit met verloop van tyd 'n aantal onafhanklike stamme voortgekom het, soos bv.: die Kwena, Ngwaketse, Ngwato, Kgatla, Rolong, ens.

Volgens oorlewering het die Hurutshe, onder die kapteinskap van Malope, die groot stamvader, ongeveer in die sestiende eeu vanuit die noorde, vermoedelik oor die bolope van die Zambezi en langs die oostekant van die Kalahari[16], na die suide getrek en hulle in die westelike deel van die latere Transvaal gevestig. Die eenheid van die stam het bewaar gebly net tot met die dood van Malope se seun, Malope I. Na hom is die stam verdeel onder sy twee seuns Mohurutshe en Kwena, met eg. as kaptein van die hoofstam. Na Mohurutshe se dood is die hoofstam weer verdeel onder sy drie seuns Mohurutshe, kaptein van die Hurtushestam, Ngwato wat die Ngwatostam en Ngwaketse wat die Ngwaketsestam gevorm het.

Met die dood van Mohurutshe is die Hurutshestam weer onder sy twee seuns, Motebele en Motebyane, verdeel. Na 'n rusie tussen die twee broers wat uiteindelik op 'n botsing uitgeloop het, waarin Motebele die hulp van die Zoeloes ingeroep het, het Motebele hom in Betsjoeanaland gaan vestig, waar hy die stigter is van die Baccengstam. Manyane, die tiende kaptein ná Motebyane, het as gevolg van 'n stamgeveg verskuif na Braklaagte, net noord van die huidige zeerust.

---

15. Volgens prof. Bruwer was die eerste voorlopers van die Wes-Sotho (Tswana) die Kgalagadi en na hulle het die Kwena gekom, wat, volgens Bruwer, blykbaar die moedergroep was. Theal is dieselfde mening toegedaan. Hulle stem egter in die opsig met Snyman saam dat die Tswana met verloop van tyd in baie groepe onderverdeel het. Daarom word ook beweer dat die kollektiewe naam Tswana vermeerdering of onderverdeling beteken. [Kyk Bruwer: Op. cit., p. 22 en Theal, G.M.: Geschiedenis van Zuid-Afrika, vierde uitgawe (T. Maskwe Miller, Kaapstad, s.j.), p. 17.]

16. Vergelyk Eiselen: Op. cit., p. 343.

Die Hurutshestam kon teen die einde van die 16de eeu gevolglik nie meer die eenheid van die ryk bewaar nie en gedurige afskeiding het plaasgevind, omdat hulle te wyd verspreid gewoon het en ook as gevolg van die gedurige stamtwiste. Gevolglik het 'n groep ter wille van groter veiligheid Meseg ten noorde van die huidige Zeerust, as hoofvesting geneem.

Die Kgatlastam, 'n selfstandige loot van die hoofstam, het hulle weer in Buyspoort se rante gaan vestig - ruim negentig jaar voor die Blankes hulle in Marico gevestig het. Botsings met die Hurutshe het gedurig voorgekom totdat die Kgatla voor die aanslae van die Hurutshe uit die gebied moes vlug.

Ook met die Rolongstam wat hulle langs die Malopo gevestig het, het die Hurutshe in botsing gekom. Naby Linokana het woeste tonele hulle afgespeel totdat die Rolongstam in die begin van die 18de eeu genoodsaak was om die Maloporivier oor te steek en na die suide die wyk te neem.

So is die Hurutsheryk uitgebrei oor groot dele van Wes-Transvaal en het hulle oral verspreid gewoon in die Maricogebied tot in Betsjoeanaland.

Met die inval van die Mantatese was Kurrechane die koningstat en Lekweleng die hoofkaptein. Na die verwoesting van die stat deur die Mantatese in 1823, het Mokhatla, 'n jonger broer van Lekweleng, die verjaagde oorblyfsels van die Hurutshe by Mosega versamel waar hulle bly woon het tot die gebied deur Silkaats verower is. Daarna vestig hulle hul op die ruïnes van die Tlhaping by Taung. Net 'n groepie van die Hurutshe het in Mosega onder Secheli oorgebly.

b. <u>Die Ngwaketsestam</u>

Volgens onbetwiste oorlewering is die Ngwaketsestam 'n loot van die Kwenastam. Albei stamme vereer dieselfde totem[17)] - die krokodil - en die stamhoofde maak aanspraak op gemeen-

---

17. 'n Besondere kleur word aan die stamorganisasie van die Tswana verleen deurdat elke stam sy eie totem het. Behalwe dat stamlede hulle totemdier nie eet nie, speel die totems geen rol in hulle religieuse lewe nie en is dit feitlik net stamwapens. Die bekende dolosstelle bestaan hoofsaaklik uit die beentjies van totemdiere, aangevul deur vier ivoor - en beeskloustukke, wat vermoedelik in gewysigde vorm van die Venda oorgeneem is. [Kyk Eiselen: Op. cit., pp. 343 - 344.]

skaplike voorvaders.

Wanneer en deur wie die afskeiding plaasgevind het, is onseker. Wat wel algemeen aanvaar word, is dat ŉ deel van die stam hulle onder Mangala by Lobatsi gevestig het. Daarom moet hy vir alle praktiese redes as die grondlegger van die stam beskou word. Hier het die Kgwatleng onder Tau hulle onder Mongala geskaar, maar na ŉ stamtwis het die Kgwatleng hulle weer uit die voete gemaak. In die botsing wat hierop gevolg het, het Mongala gesneuwel, maar Tau is wreed verslaan en ŉ deel van sy stam het die Kalahari ingevlug; ŉ tweede seksie het na die Rolongstam gevlug, terwyl ŉ derde groep na Lobatsi teruggebring en by die Ngwaketsestam ingelyf is.

Onder Makaba is die Ngwaketsestam tot die mees gevreesde stam opgebou en in die begin van die 19de eeu was hy die magtigste potentaat in Suid-Betsjoeanaland. Nie net buurstamme is in bedwang gehou nie, maar selfs die Mantatesevloedgolf is met die slag van Tlhorong afgeweer. Na die slag verskuif hy met sy volgelinge van Kgwakgwe, waar Moffat hulle aangetref het.

Na sy dood in ŉ aanval deur ŉ bende vrybuiters - die Makololo - is hy opgevolg deur sy seun Sebego. Onder sy kapteinskap het egter chaos en agteruitgang ingetree en moes hy vlug voor sy vyande.

Met die koms van Silkaats moes Sebego tribuut in beeste betaal en na die afbranding van sy stat Lwala, vlug hy na Ghanzi.

Na die verdrywing van Silkaats in 1837 het Sebego met sy gevolg weer stadig ingesypel in die Ngwaketsegebied.

c. Die Rolongstam

Die Rolongstam is die eerste Tswanastam wat die Moloporivier oorgesteek het na die suide.

Die naam van die Rolongstam is afgelei van die hoofkaptein Morolong wat met sy stam uit die noorde geëmigreer het, vermoedelik uit die omgewing van die groot mere, ongeveer 1400 n.C.

Die Rolong het baie jare in die omgewing van die Malopo in vrede geleef, toegeneem in mag en ryk geword. Die toppunt van hulle voorspoed is onder Tau, die veertiende afstammeling van Morolong, bereik. Na sy dood het die mag van die stam afgeneem as gevolg van stamtwiste en het verskillende seksies weggebreek en ŉ onafhanklike bestaan gevoer.

Vanweë hulle verswakte posisie het hulle heen en weer getrek totdat hulle hul uiteindelik by Thabeng, naby Schoonspruit, gevestig het. Hiervandaan is hulle weer deur die Bakona na Makwassie verdryf. Ook hier kon hulle nie rustig lewe nie, want hulle is verder geteister deur die Mantatesehordes en die Batuang onder Molitsani. Om vrede te vind en as gevolg van hulle haglike lewensomstandighede trek hulle onder Sifonella suidwaarts na Platberg. In die vroeë dertigerjare van die 19de eeu is hulle onder Marokko, Sifonella se opvolger[18], deur die Wesleyaanse sendelinge J. Archbell, W. Edwards en T. Jenkins na Thaba'Nchu geneem. In 1833 word hulle gevolg deur Gontse en Tawane met hulle volgelinge[19].

Matlabe[20], kaptein van een van die takke van die Rolongstam, is deur Silkaats onderwerp en by die Matebeles ingelyf[21], maar in 1835 ontsnap hy en voeg hom ook by die res van die stam by Thaba'Nchu.

In 1839 keer Moshetti[22] weer terug en vestig hom te Maklaong (Machavi) waar Matlabe reeds weer gewoon het. In 1847 verskuif ook Tawane vanaf Platberg na Lotlakana (Mafeking) aan die Malopo. Kort hierna verlaat Moshetti Machavi weer om hom by die ou vesting, Khunwane, te vestig.

Matlabe wat hom, soos reeds gemeld, op Machavi gevestig het, moes weens diefstal die gebied verlaat en na Taung trek, waar hy verskeie jare by Mahura, die Tlhapingkaptein, gewoon het. In 1853 het hy egter van M.W. Pretorius verlof ontvang om terug te keer na die omgewing van Potchefstroom. In 1873 vestig hy hom by Polfontein naby Lichtenburg.

---

18. Kyk Badenhorst, W.J.: Die geskiedenis van Potchefstroom (In Van der Walt, A.J.H., Badenhorst, W.J., Coetzee, J.C., en Jenkins, E.H.: Potchefstroom 1838-1938 (Afrikaanse Pers Bpk., Johannesburg, 1939, p. 2).

19. Vgl. Theal: History of South Africa since 1795, vol. I (Unwin & Allen, London, 1915), pp. 472 - 477.

20. Hy het as gids gedien in die Kapainslag en as vergoeding vir sy dienste is deur die krygsraad aan hom vergunning verleen om hom ten weste van Potchefstroom op Machavi te vestig. [Vgl. Snyman: Die naturellestamme in Marico, p. 60.] Meer besonderhede oor die Kapainslag kan verkry word in Becker, P.: Path of blood. The rise and conquests of Mzilikazi founder of the Matebele tribe of southern Africa (Longmans, London, 1962), pp. 173 - 178.

21. Theal: History of South Africa since 1795, vol I, pp. 472 - 477.

22. Volgens Snyman: Die Naturellestamme in Marico, p. 17 het hy ook saam met Tawane na die suide tot by Platberg getrek.

d. <u>Die Tlhapingstam</u>

Dit word algemeen aanvaar dat die Tlhaping, d.i. „mense van visse", direkte afstammelinge van die Rolongstam is. Die tydstip waarop die afskeiding plaasgevind het, word deur Brown en Wockey[23)] aangedui as gedurende die regeertyd van Tau, d.w.s. omstreeks 1760. As rede word aangegee dat Tau afgunstig was op die jagterkaptein Mokgosi. Hulle vestig hulle by die samevloeiing van die Harts- en Vaalrivier en noem hulle woonplek Dikgatlhong. Aanvanklik het dit met die stam so sleg gegaan dat hulle van vis moes lewe; daarom is hulle deur die Rolong Ba-tlhaping genoem, d.i. die mense van die visplek.

Omdat Tau die afskeiding nie aanvaar het nie, het hy besluit om hulle met wapengeweld na sy hoofstat terug te bring. Sy leër is egter in n hinderlaag gelok en n gevoelige nederlaag toegedien. Selfs die hoofstat Taung is geplunder. Maidi, een van Tau se hoofmanne, het die skuld vir die nederlaag gekry; gevolglik breek hy ook weg en vestig hom ook by Dikgatlhong, waardeur die Tlhaping se geledere aansienlik versterk is. Deur die toevoeging van Boesmans en veral Korannas by die stam het hulle n rooskleurige toekoms tegemoet gegaan.

Teen die einde van die 18de eeu verhuis die stam na Kuruman en Dithakong en hierna volg n aantal jare van agteruitgang en hongersnood as gevolg van botsings, veral met die Korannas.

In 1812 word Mothibi kaptein en is die stam weer opgebou en hulle besittings vermeerder deur middel van roof. In 1823 het hy met die hulp van gewapende berede Griekwas die Mantatese verslaan.

Teen 1830 het die stam egter in verskillende groepe opgebreek en verspreid in Suidwes-Transvaal gaan woon.

---

23. Vgl. Snyman : <u>Die Naturellestamme in Marico</u>, p. 19.

e. Die Kaa-stam

Dit word aanvaar dat die Tswanastam bekend as die Bakaa, voor die stam onderverdeel is na die dood van Tau, weggebreek het van die Rolong onder Maleke, ŉ jonger broer van Tau, en hulle by Mafeking gaan vestig het. Hiervandaan het hulle later verskuif na Mathebe, naby Linokana in die Maricogebied.

Na vele omswerwinge en vervolgings het hulle veewagters van Silkaats geword en neem hulle eindelik hulle toevlug tot Secheli by Kolobeng.

f. Die Ngwatostam

Hulle stam uit die Hurutshe en het later onder Matibi, die grootvader van Moilwe, weer verdeel. Die een groep het onder Tawane na die N'Gamimeer verskuif. Khama I het met sy volgelinge in die hoofstat Sjosjong bly woon. Onder Khari, seun van Khama I, het die stam tot ŉ sterk mag ontwikkel, maar na sy dood is sy stam aan die genade van hulle vyande oorgelaat. Hulle het veral swaar gely onder die Makololo onder Sebetwane en later ook onder die Matebeles.

Onder Khama II het die stam egter weer sy magte begin konsolideer, maar hy word ongelukkig in ŉ komplot, wat deur sy broer Sekhome gesmee is, gedood. ŉ Tydlank bly die stam nou die onderhoriges van Silkaats en moes jaarliks duisende assegaailemme as tribuut betaal. Hierdie posisie het voortgeduur tot selfs na Silkaats se neerlaag in die Negedaagse slag en sy vlug oor die Limpopo gedurende November 1837[24].

Uiteindelik kon Sekhome die onderhorigheid nie langer verduur nie en het hy die „belastinggaarders" van Silkaats om die lewe laat bring en die Ngwatostam onder sy kapteinskap onafhanklik verklaar.

In 1872 moes Sekhome egter die wyk neem voor Macheng, die wettige erfgenaam van die troon. In dieselfde jaar word hy egter uitgestoot omdat hy die Matebelestamgewoontes by die Ngwatostam in die praktyk wou bring en is hy opgevolg deur sy seun Khama III wat ŉ leerling van Livingstone was en in 1862 gedoop is. Tot sy dood in 1923 was hy baie gewild by

24. Van der Walt, A.J.H.: Die Groot trek tot 1838. (In Van der Walt, e.a. (Red.): Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. 1, p. 295.)

sy onderdane wat hy goed bestuur het en wie se lewenswyse hy in vele opsigte hervorm het.

g. <u>Die Kwenastam</u>

Die Kwenastam is ook ŉ loot van die Hurutshe. Na die dood van Malope I het die stam verdeel onder sy twee seuns Mohurutshe en Kwena. Lg. het toe as ŉ selfstandige kaptein oor sy volgelinge opgetree vanaf die begin van die 17de eeu. Hulle het hulle in die Kwenareservaat met Mabotsa as vesting gevestig.

Die eenheid van die stam is nie lank bewaar nie, want in die 18de eeu het die Ngwaketsestam as loot van hulle afgeskei onder die kapteinskap van Motshodi.

Motswasele I, opvolger van Motshodi, het die Ngwaketse wat hy as opstandelinge beskou het, aangeval en ŉ groot neerlaag toegedien. Dit het tot gevolg gehad dat daar tot met die dood van Makaba, hoofman van die Ngwaketse, vyandskap tussen die stamme was. Ook met die Hurutshe, Rolong, Ngwato en Makololo was hy gedurig in oorlog gewikkel.

Motswasele I is opgevolg deur sy seun Motswasele II wat in die begin van die 19de eeu deur sy eie mense vermoor en opgevolg is deur Secheli, een van die vermoorde se seuns. Secheli het hom te Sjokwane gaan vestig, waar Livingstone hom in 1845 aangetref het.

2. <u>Die Mantatese</u>

Soos uit die voorgenoemde uiteensetting blyk, was daar voortdurend stryd en wrywing onder die Bantoestamme in die Maricogebied. Dikwels was dit om vee te roof en jong Bantoevroue te skaak. Hierdie uitbundigheid was die jong krygers se vernaamste tydverdryf[25].

In die begin van die twintigerjare van die 19de eeu het daar ŉ ingrypende verandering in die toestand gekom met die inval van die Mantatese.

Aan die hange van die Drakensberge, ongeveer by die oorsprong van die Wilgerrivier in die huidige distrik Harrismith, het die stam, die Batlokua[26], gewoon. Onder die ander stamme

---

25. Snyman : <u>Die naturellestamme in Marico</u>, p. 19.

26. Die naam word in ander werke ook soos volg gespel: Bahlokwa.

was hulle bekend as bedrewe werkers met yster en handelaars in ysterware.

Verwant aan die Batlokua en ondertrou met hulle was die Basia, wie se krale al langs die Elandsrivier was. Mokotsho, hoof van die Batlokua, het aan die begin van die 19de eeu as sy hoofvrou geneem Monyalwe, dogter van Mothage, hoof van die Basia. Hulle oudste kind was ŉ dogter, Ntatisi, en na haar geboorte is Monyalwe, volgens gebruik, Ma Ntatisi genoem[27).]

As gevolg van die optrede van Tsjaka moes verskeie stamme uit hulle woongebiede vlug. So het ŉ gedeelte van die Amahlubi onder Umpangazita ook oor die Drakensberge ontvlug. As gevolg van onderlinge twis het Motsholi, swaer van Umpangazita, die groep met sy aanhangers verlaat en skuiling gesoek by die Batlokua wat toe onder die regentskap van Ma Ntatisi, namens haar seun Sikonyella, gestaan het, waar Motsholi met ope arms ontvang is[28)].

In die winter van 1821 het Sikonyella, toe ŉ jong kryger van ongeveer sewentien jaar en op die drumpel van volwassenheid, met ŉ bende vir Motsholi en ongeveer twintig van sy mense oorval en gedood.

Toe die berig Umpangazita bereik, besluit hy om die dood van Motsholi te wreek. Gevolglik moes die Batlokua en ander stamme voor die Amahlubi vlug tot oor die Vaalrivier en is al die stamme wat hulle teëgekom het uitgedelg. Hoewel Tshuane die hoofleier van die groepe was, het Ma Ntatisi die meeste roem verwerf.

Ma Ntatisi was ŉ lang, skraal vrou, ligter van kleur as die meeste van haar stam; haar gelaatstrekke was meer Oosters as die van die Bantoe. Sy was skerpsinnig, met groot bekwaamheid en die koue blik in haar oë het gehoorsaamheid afgedwing en ŉ volslae gevoelloosheid vir menslike lyding weerspieël. Onder haar is die oorblyfsels van die voort-

---

27. Theal: History of South Africa since 1795, vol I (Unwin & Allen, London, 1915,) p. 430.

28. Potgieter, C. en Theunissen, N.H.: Kommandant-generaal Hendrik Potgieter (Afrikaanse Pers Beperk, Johannesburg, 1938), p. 46.

vlugtendes verenig en is hulle later genoem die „Mantati verwoesters" en staan hulle bekend onder die naam Mantatese.

Nadat hulle die Vaalrivier in 1822[29] oorgesteek het, het hulle ŉ noordwestelike koers ingeslaan en elke stam in hulle weg uitgewis. Nadat die buit verdeel was, het hulle voortgetrek. Hulle getalle is ook uit die oorvalde stamme aangevul. Deur berigte het Ma Ntatisi in die oë van ander stamme ŉ reusegestalte geword met bonatuurlike kragte. Gevolglik is die stamme so deur die vrees verlam dat hulle hul nie kon verenig en die verwoesters teëstaan nie, maar stamsgewyse gevlug en skuiling gaan soek het.

Plate verbleikte mensegeraamtes het hulle verdelgingspad aangewys en daar word algemeen aanvaar dat agt en twintig afsonderlike stamme uitgewis is.

In 1823 stuit hulle teen die rustige Hurutshestat, Kurrechane. Die slagting was kort van duur en die wat die dood vrygespring het, is wyd en syd tot in die Kalahari verdryf. Die stat is daarop geplunder en totaal verwoes.

Dieselfde lot het die Ngwato, die Kwena en die Kaa getref. Hierna het die Ngwaketse aan die beurt gekom, maar hier het die Mantatese hulle eerste terugslag ondervind toe Makaba die Mantatese onverwags oorval het toe hulle in twee groepe verdeel was. Hulle is met groot verliese teruggedryf en verplig om in ŉ suidwestelike rigting te trek[30].

In hierdie rigting het die Rolongstam in hulle weg gewoon. Die Rolongs is uitmekaar gejaag en die woestyn ingedryf. Daarna val hulle die Tlhapingstam aan, neem besit van Lithako en was op die punt om na Kuruman op te ruk waar kaptein Mothibi gewoon het, toe hulle deur ŉ mag van Griekwaruiters onder kapteins Cornelis en Adam Kok, Barend Barends en Andries Waterboer - met lg. as leier[31], op 26 Junie 1823 aangeval is.

---

29. Theal: Geschiedenis van Zuid-Afrika, vierde uitgawe (T. Maskew Miller, Kaapstad, s.j.), P. 225.

30. Stow, G.W.: The native races of South Africa (Sonnenschein, London, 1910), p. 540.

31. Ibid.

Die Griekwas is hiertoe aangespoor deur eerw. Robert Moffat sendeling te Kuruman, John Melville, n landmeter en George Thompson, n staatsamptenaar van die Britse regering[32]. Hoewel die Griekwas slegs ongeveer n honderd man sterk was, het hulle tog tot die aanval oorgegaan omdat hulle te perd en met gewere gewapen was. Hulle is ook, hoewel slegs in naam, bygestaan deur ongeveer 600 Tlhapingkrygsmanne wat met assegaaie, strydbyle en pyl en boog met gifpunte gewapen was. Van hulle is tydens die geveg geen daadwerklike hulp ontvang nie, omdat hulle dit nie gewaag het om binne vegafstand van die Mantatese te kom nie.

Die Mantatese is deur Moffat en Melville op tussen 40 000 en 50 000 geskat, vroue en kinders ingesluit. Na vrugtelose pogings van Moffat om met die Mantatese te onderhandel het die Griekwas hulle te perd aangeval. Hulle het nadergejaag, geskiet, teruggeval om te herlaai en weer ingejaag om te skiet. Eers nadat tussen 400 en 500 Mantatesekrygers asook twee leidende hoofmanne doodgeskiet en baie gewond is, het die horde in paniek gevlug, met die agterlating van baie vee, vroue, kinders en n klompie verhongerde mans, asook die gewondes. Op hierdie groep het die Tlhapingkrygers verwoed toegesak en baie doodgemaak voordat Moffat en Melville daarin kon slaag om n klompie van die vroue te red[33].

Na hierdie neerlaag het die Mantatese in verskillende groepe verdeel. Een groep is noordwaarts, waar hulle enkele jare later deur eerw. dr. Livingstone aan n tak van die Zambezi aangetref is. n Ander groep onder Ma Ntatisi en Sikonyella is terug na die Caledon waar hulle weer n aktiewe rol gespeel het in die verwoesting van daardie gebied. Kleiner groepe het oral rondgeswerf en geroof en gemoor totdat hulleself uitgewis is. n Groep het in n gehawende en verhongerde toestand tot in die Kaapkolonie deurgedring in n poging om voedsel te bekom.

---

32. Kyk Becker: Op. cit., p. 56.

33. Vir volle besonderhede i.v.m. die slag van Lithako kyk Stow: Op. cit., pp. 460 - 482 en Theal : History of South Africa since 1795, vol. I (Unwin & Allen, London, 1915), pp. 440 - 446.

Hier is hulle deur landdroste byeengebring, van voedsel voorsien en onder die boere verhuur[34].

3. Die Matebeles

Die oorblywende Bantoestamme het nog nie eers van die ramp wat die Mantatese oor hulle gebring het, herstel nie, toe hulle deur 'n volgende mag - die Matebeles - getref is. Hulle het nog steeds in groepe gewoon op plekke waarheen hulle vir die Mantatese gevlug het en die meeste het in 'n uiters verwaarloosde toestand verkeer. Hulle het dit nog nie weer so ver gebring om te saai nie en omtrent al hulle vee was al geslag; gevolglik het hongersnood geheers. Om alles te kroon was hulle ook nog oorgelaat aan die Griekwa- en Korannabendes wat met hulle perde en gewere na hartelus geplunder het. So het Moffat byvoorbeeld die Ngwaketsestam onder hoofman Makaba aan die noordekant van die Malopo gevind. Met sy besoek is kinders te koop aangebied teen die prys wat vir 'n skaap betaal is.

Net soos in die geval met die Mantatese het die stamme ook nie teen Silkaats saamgestaan nie, maar eerder verkies om te vlug as die Matebeles nader, om dan later weer terug te keer[35].

Ruim tien jaar lank sou hulle gebuk moes gaan onder Silkaats wat sy septer genadeloos in die gebied kom swaai het; 'n heerserstydperk wat in die toekoms verreikende gevolge sou hê.

Toe Tsjaka Silkaats tot verantwoording vir sy dade wou bring[36], het Silkaats onraad gemerk en in 1824 noordwaarts gevlug. Op sy tog noordwaars deur die Vrystaat na die Transvaal moes die Konas, Matshequans, Hurutshe, Makoro's en ander stamme wreed deurloop. Net ashope en mensbeendere het oorgebly om die verhaal te vertel. Sy doel was nie net om alle lewende wesens uit te wis en sodoende 'n staat van leegheid tussen hom en sy vyande te laat nie, maar ook 'n uiting van sy bloed-

---

34. Theal: History of South Africa since 1795, vol. I (Unwin & Allen, London, 1915), pp. 446.

35. Ibid, pp. 472 - 477.

36. Volledeige besonderhede i.v.m. Silkaats se optrede onder Tsjaka kan gevind word in Snyman: Die naturellestamme in Marico, pp. 32-33 en Becker: Op. cit., pp. 24 - 30.

dorstigheid[37].

Agter die Magaliesberg het hy halt geroep en sy hoofkwartier, Motlasela, naby die huidige Hartebeespoortdam ingerig. Tot so ver as Mosega in die Maricogebied het hy militêre poste opgerig om die gebied te beheers. Hy het egter in die westelike dele van sy gebied voortdurend las gehad van veerowers. In 1828 het 'n groep Korannas onder Karap en Witvoet Mosega aangeval en 'n ryk buit gemaak. In 1831 stuur Barend Barends 'n groot mag Silkaats se gebied vanuit die Suidweste binne. Hulle het drie poste van die Matebeles oorval en baie vee gebuit. Op hulle terugreis is hulle egter deur Silkaats se mag oorval en in 'n bloedige slagting uitgewis, sodat net vier dit oorleef het, o.a. Hendrik Hendriks, Barend Barends en 'n sekere Dowel. Al die vee is teruggeneem, benewens 250 perde en 300 gewere wat gebuit is[38].

Toe Silkaats in 1832 op verrassende wyse deur Dingaan aangeval is, het hy die land genadeloos verwoes om toekomstige agtervolging te voorkom en self na Marico verskuif. Hier het hy alles in die gebied tussen die Krokodilrivier (vanaf sy oorsprong tot by sy vereniging met die Maricorivier) en die Vaalrivier beheers[39].

Die gevolg was dat feitlik die hele Transvaal ontvolk is, met uitsondering van die Matebeles en hulle afhanklikes wat woonagtig was in die gebied wat tans bekend is as die distrikte van Marico, Rustenburg en Pretoria[40].

Kapain, op die oewer van die Maricorivier, is as hoofstat gekies en die vrugbare vallei tussen die Groot- en Klein-Maricorivier is in besit geneem vir sy vee en vir graanbou.

---

37. Badenhorst: Op. cit., p. 8.

38. Potgieter en Theunissen : Op. cit., p. 48.

39. Cachet, F.L.: De worstelstrÿd der Transvalers (D.F. du Toit en Co., Paarl, 1882), p. 135.

40. Potgieter, F.J.: Op. cit., p. 15.

Mosega, tuiste van die Hurutshe onder Mokhatla, is onmiddellik aangeval en die Hurutshe moes weer eens vlug, tesame met die sendelinge Lemue en Rolland[41].

Mosega het Silkaats se suidelike militêre pos geword om te waak teen die Griekwas en Korannas; aan die Tolanierivier is ꞌn tweede militêre pos ingerig om te waak teen ꞌn onverwagse aanval van die Zoeloes en ꞌn derde by Meseg sowat veertig myl noord van Zeerust.

Die Rolongstam het nou die prooi geword van Silkaats se bloeddorstige krygers omdat een van kaptein Towane se seuns saam met die stroper Barend Barends was. ꞌn Groot slagting is onder Kalipi aangerig. Harris verklaar dat hy met sy besoek aan Silkaats in 1836 by groot verlate krale verby is en dat hy dikwels op hope mensebeendere afgekom het. Ook het hy gevind dat die verjaagde stamme van alle lewensmiddele beroof was sodat hulle van sprinkane en wild moes lewe[42].

Hierna het die Ngwaketse aan die beurt gekom. Ook hulle is wreed om die lewe gebring en die wat ontkom het, is die woestyn ingedryf.

Met die Ngwato het dit beter gegaan, want vanweë hulle vaardigheid in die bewerking van metaal, o.a. die maak van assegaaie en strydbyle, is hulle van uitwissing gevrywaar op voorwaarde dat hulle jaarliks ꞌn tribuut van enige duisende assegaailemme, byle, ens. moes betaal [43].

Ook die Kwenastam het wreed deurgeloop en die groep onder Secheli is byna geheel uitgeroei, terwyl ꞌn ander groep weggevlug het.

So het Silkaats sy mag deur sy assegaaie laat uitdra oor Transvaal tot ver in die Kalahari[44].

Die beëindiging van die Matebelemag

Silkaats het geen onderskeid gemaak tussen Blanke, Korranna en Griekwa nie; almal kom van die suide in die rigting

---

41. Vir meer besonderhede oor die sendelinge kyk hieronder p. 19 e.v.

42. Harris: Op. cit., pp. 70 - 79.

43. Snyman: Die naturellestamme in Marico, p. 36.

44. Ibid, pp. 31 - 40.

van sy gebied, en hy het reeds kennis gemaak met die roofpoging van Barend Barends.

Toe hy verneem van die Trichardt- en Van Rensburgtrekke, van jagters langs die Vaalrivier, die Potgietersending na Soutpansberg en van talle gewapende Blankes suid van die Vaalrivier, was hy besorg oor sy veetroppe. Hy sou die dreigende gevaar met een veeg wou verwyder. Harris verklaar ook dat oorlog die oorheersende drif by die Matebele is; hulle brand met 'n onversadigbare dors na die bloed van hulle vyande van wie hulle altyd met wraak en woede praat[45].

Hierdie lewenshouding sou beslis ook van 'n deurslaggewende belang gewees het toe Silkaats besluit het om Kalipi na die suide te stuur. Die gevolg was die aanslag en moord op die kamp van Erasmus en op die Liebenbergs, maar ook die mislukte aanslae met die Vaalrivierslag en die slag by Vegkop[46].

Die gevolg was dat Potgieter ten spyte van hulle oorwinning by Vegkop besef het dat die Trekkers nooit in die binneland veilig sal wees solank die mag van Silkaats nie gebreek is nie. In samewerking met Maritz is gevolglik op 'n strafekspedisie teen Silkaats besluit. Op Maandag, 2 Jan. 1837 het Potgieter met sy kommando vertrek en die volgende dag het Maritz gevolg.

Op 17 Jan. 1837 het die twee kommando's Mosega onverhoeds aangeval, die Matebeles met groot verliese verdryf en die stat afgebrand. Op merkwaardige wyse het geen burger of inboorlinghulptroep gesneuwel nie, maar veel meer as 500 Matebelekrygers. Omdat die perde te afgemat was, is die oorwinning nie opgevolg en Kapain ook aangeval nie.

So keer die kommando's seëvierend terug met tussen 6 000 en 7 000 beeste en 'n groot trop skape[47]. Ook die sendelinge wat by Mosega gestasioneer was, het op eie versoek saam met die kommando na die Voortrekkerlaers teruggekeer.

---

45. Harris: Op. cit., p. 165.

46. Becker: Op. cit., pp. 163 - 164 en Potgieter en Theunissen: Op. cit., pp. 68 - 79.

47. Volle besonderhede oor die Mosegaslag word gevind in Snyman: Die naturellestamme in Marico, pp. 54 - 58; Potgieter en Theunissen: Op. cit., pp. 68 - 79; Becker: Op. cit., pp. 168 - 173 en Thom, H.B.: Die lewe van Gert Maritz (Nas. Boekhandel Bpk., Kaapstad, 1965), pp. 129 - 139.

Omdat Potgieter besef het dat Silkaats se mag nog nie finaal gebreek was nie en sy ideaal om hom met sy volgelinge noord van die Vaalrivier te vestig dus nog nie verwesenlik kon word nie, besluit hy op ʼn tweede aanval op Silkaats waarvoor hy die hulp van Piet Uys verkry het.

Met ongeveer 360 burgers, ʼn vyftigtal kleurlingagterryers en veewagters en ʼn paar gidse, o.a. die Rolongkaptein Matlabe, het hulle na die Matebelegebied vertrek.

In die bekende Negedaagse slag of die Marikwaslag van Saterdag 4 tot Sondag 12 November 1837[48)] is die mag van Silkaats so verbreek en sy volk so verdryf dat hy nie meer ʼn mag van enige toekomstige betekenis in die verloop van die geskiedenis van die Maricogebied asook van Transvaal was nie. Volgens skatting het tussen 3 000 en 5 000 Matebeles gesneuwel, en kon die kommando met ʼn groot hoeveelheid vee as oorwinnaars terugkeer na die Voortrekkerlaers[49)].

4. Enkele vroeë sendelinge uit hierdie tydperk

In 1820 het eerw. Campbell, direkteur van die Londense Sendinggenootskap, sy verskyning in Marico gemaak[50)] by die Hurutshestam om die moontlikhede vir sending onder die Bantoes te ondersoek[51)] en op 19 November 1829 was Robert Moffat een van die eerste Blankes met wie Silkaats in aanraking gekom het. Moffat het egter verklaar dat hy nie ʼn leraar is nie, maar ʼn student van die taal en vroeë geskiedenis van die inboorlinge[52)]. Aan hom het Silkaats sy begeerte herbevestig[53)]

---

48. Volle besonderhede oor die slag kan nagelees word in Potgieter en Theunissen: Op. cit., pp. 68 - 79 - en Becker: Op. cit., pp. 173 - 178.

49. Vgl. Boëseken, A.J., Krüger, D.W. en Kieser, A.: Drie eeue (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1952), pp. 200-202.

50. Eeufeesblad van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Zeerust, 15 Augustus 1968, p. 8.

51. Snyman: Die naturellestamme in Marico, p. 48.

52. Brief van R. Moffat aan M. Pretorius, d.d. 30 Mei 1859. (Breytenbach, J.H.: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, dl. iv: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1859 - 1863 (Cape Times Ltd., Kaapstad, 1952), bylaag 16, p. 250.

53. Vroeër in dieselfde jaar het hy sy begeerte dat „teachers" na sy land gestuur moet word, teenoor twee handelaars, Mc Luckie en Hume, uitgespreek. (Kyk Kotze: Op. cit., pp. 201 - 204.)

om sendelinge onder sy mense te kry en kort hierna sou hy die geleentheid kry om te bewys dat sy begeerte eg is.

In Julie 1831 het Samuel Rolland en Prosper Lemue, die eerste twee sendelinge wat deur die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap na Afrika gestuur is, op Kuruman aangekom. Op advies van Moffat het hulle besluit om hulle by Mosega onder die Hurutshe te gaan vestig. In dieselfde jaar het hulle van Makatla 'n stuk grond vir 'n sendingstasie by Mosega ontvang en daarna teruggekeer na Kuruman. Hoewel hulle so spoedig moontlik wou terugkeer om met die oprigting van die sendingstasie te begin, is hulle vertraag deur die siekte van Lemue en die vyandige houding wat Silkaats teenoor alle Blankes ingeneem het na die botsing met Barend Barends.

In Januarie 1832 het 'n derde sendeling, Jean-Pierre Pellisier, by hulle aangesluit[54]. Toe Silkaats aan Moffat laat weet dat hy nog sy vriend is en dat enigeen van sy vriende hom in veiligheid kon besoek mits dit oor Kuruman geskied, het die drie sendelinge in Februarie 1832 na Mosega teruggekeer en is hulle vriendelik ontvang deur Mokatla omdat hy op hulle beskerming teen Silkaats gereken het. In die Mosegavallei het hulle 'n huisie gebou en 'n tuin aangelê.

As gevolg van Silkaats se suspisieuse en aanmatigende houding teenoor die sendelinge het die Hurutshe hulle egter versoek om ter wille van hulle veiligheid die gebied te verlaat. Hoewel Moffat daarna weer by hulle aangedring het om terug te keer, het hulle finaal van die voorneme afgesien toe hulle verneem het dat Silkaats die Hurutshe aangeval en uit Mosega verdryf het. Hierop het hulle 'n sendingstasie by Motito begin[55]. In 'n latere gesprek met Moffat waarin die rede vir die vertrek van die sendelinge ter sprake gekom het, het Silkaats hom egter probeer verontskuldig deur die skuld daarvoor op Mokatla te pak[56].

---

54. Volledige besonderhede oor die lewe en werk van Jean Pierre Pellisier kan gevind word in Pellisier, S.H.: Jean Pierre Pellisier van Bethulie (J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1956).

55. Kotze : Op. cit., pp. 201 - 204.

56. Kirby : Op. cit., pp. 15.

In 1835 besoek Moffat Silkaats 'n tweede keer om as voorspraak te dien vir die koms van die Amerikaanse sendelinge en ook om 'n goeie voorraad timmerhout vir die nuwe kerk op Kuruman in die hande te kry. Nadat Silkaats ingestem het om die Amerikaners onder sy mense te ontvang, het Moffat hom meegedeel dat drie persone wat na sy mense onderweg was op Kuruman aangekom het en dat een 'n dokter was. Hieroor het Silkaats sy blydskap te kenne gegee, en op 'n vraag van Moffat waar hulle hul moes vestig, het Silkaats na Mosega gewys en gesê daar of op enige plek waar hulle dit sou verkies[57].

In Junie 1836 het drie Amerikaanse sendelinge, D. Lindley, H. Venable en dr. A. Wilson, hulle sendingtaak by Mosega begin. In September 1836 het dr. Wilson se vrou aan die koors gesterf - die eerste Blanke vrou wat in Transvaal oorlede is. Daarna is hy weer met mev. Wilson se suster getroud.

Hulle arbeid het geduur tot met die slag van Mosega op 17 Januarie 1837, toe die sendelinge uit vrees vir hulle lewens saam met die kommando's na die Vrystaat vertrek het[58].

Die plaas waarop die sendingstasie was, later Zendelingspos genoem, het 'n geruime tyd nie in private besit oorgegaan nie. In antwoord op 'n navraag van veldkornet J. Viljoen antwoord die Volksraad dat die veldkornet moet sorg dat die geboue nie verniel word nie en dat die plaas in publieke diens moet bly[59]. In 1850 het die V.R. besluit dat die plaas volgens koopbrief aan H. Engelbrecht (ook gespel Engelbrechts) toegestaan word op voorwaarde dat die verbeteringe deur die sendelinge aangebring, ooreenkomstig die waardasie deur 'n kommissie wat daarvoor benoem is, uitbetaal moes word[60].

---

57. Ibid, p. 35.

58. Potgieter en Theunissen : Op. cit., p. 74.

59. V.R.B., art. 6, d.d. 23 Mei 1849 (Breytenbach, J.H. en Pretorius, H.S.: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, dl. I: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1844 - 1850 (Cape Times Ltd., Kaapstad, 1949), art. 6, p. 100.

60. V.R.B., art. 33, d.d. 23 Jan. 1850.

Met die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap het die Boere baie moeilikheid gehad omdat hulle geen simpatie met die Blankes gehad het nie. So was Livingstone, wat hom by Secheli gevestig het, 'n geesgenoot van drr. Kemp en Philip [61]. Hy het o.a. wapens en ammunisie aan die Bantoes verskaf en hulle ook later teen die Blankes opgesweep[62]. Ook Edwards en Inglis het hulle hieraan skuldig gemaak en na hulle skerp veroordeling van die Regering en hulle beledigende brief aan kmdt. Scholtz, is hulle op Rustenburg verhoor en gelas om die Republiek binne veertien dae te verlaat[63].

Vir die Morawiese broeders daarenteen, het die deure van die S.A.R. oopgestaan. Sodra verneem is dat hulle van Genadendal kom, is hulle besonder hartlik ontvang.

Op die Volksraadsitting van 13 September 1859 is gerapporteer dat Secheli aangebied het om die skade wat sy volk in 1854 die burgers in Marico berokken het, te vergoed. Hierdie aanbod was die gevolg van die goeie werk van die sendelinge van die Morawiese broeders wat daar gevestig was. Dit was duidelik dat die sendelinge nie net die barbare wou beskaaf nie, maar ook alles in die werk gestel het om die vrede met die Suid-Afrikaanse Republiek duursamer en vaster te maak[64].

---

61. Huyser, J.D.: Die naturellepolitiek van die Suid-Afrikaanse Republiek 1838 - 1877 (ongepubliseerde D. Litt.- verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1936), pp. 225 - 226.

62. Potgieter en Theunissen: Op. cit., p. 251.

63. Huyser: Op. cit., p. 231.

64. Rapport aan Volksraad, d.d. 12 September 1859 (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. iv, art. 8, p. 14).

5. Samevatting

As gevolg van verskillende faktore was die Maricogebied ŉ gesogte woonplek vir die Bantoes. Omdat die gebied buite die bereik was van die magtige Bantoestamme in die oostelike deel van suidelike Afrika, kon die verskillende Tswanastamme baie lank vry van inmenging van buite voortbestaan.

In die twintigerjare (1820) van die 19de eeu is hulle voortbestaan egter ernstig bedreig deur die barbaarse aanvalle van die Mantatese. Baie is gedood en die wat die dood vrygespring het, moes die woestyn invlug om die moorddadige aanslae te ontvlug.

Na die mag van die Mantatese by Kuruman gebreek is, het ŉ nuwe bedreiging die Tswanas oorval. Vroeg in die dertigerjare het Silkaats na die Maricogebied verskuif en weer eens is die stamme op ŉ wreedaardige wyse uitgemoor en moes die wat die dood vrygespring het, hulle aan sy gesag onderwerp of na die woestyn vlug.

In 1837 is egter ook aan Silkaats se oorheersing ŉ einde gemaak toe hy in die Negedaagse slag beslissend verslaan is.

Die gevolg was dat die vrugbare gebied wat in der waarheid byna heeltemal ontvolk was, oopgelê het vir Blankevestiging. Na die vestiging kon die pogings om die Bantoestamme te kersten, bestendig word en het dit ook vir hulle ŉ tydperk van hervestiging en vastigheid ingelui.

## H o o f s t u k  II

## DIE VESTIGING EN LEWENSWYSE VAN DIE BLANKES IN DIE MARICOGEBIED

### 1. Gevolge van die verdrywing van die Matabeles

Die verdrywing van die Matebeles het verreikende gevolge vir die Nie-Blankes sowel as die Blankes gehad.

### a. Vir die Nie-Blankes

Soos in die voorgaande hoofstuk vermeld, was die binneland byna totaal ontvolk deur die roof- en moordtogte van die Mantatese en die Matebeles. Daar kan met reg gesê word dat die hart van Transvaal tydens die intog van die Blankes 'n bevolkingsvakuum was. Hierdie vakuum was nie net tot die gebied noord van die Vaal beperk nie, maar het hom tot ver suid van die rivier uitgestrek. Die hele gebied van Thaba'Nchu af tot by Mosega was verwoes en onbewoon en groot hope beendere het tussen die geruïneerde krale gelê[1]. So verhaal J.H. Hatting (sr.) dat hulle onder kmdt. Hendrik Potgieter vanaf die omgewing van die Sandrivier noordwaarts 'n woeste en verlate landstreek binnegegaan het waar wild in groot troppe voorgekom het, maar geen mense nie omdat niemand na aan Silkaats wou woon nie [2]. Ook Anna Steenkamp het vertel dat toe hulle die gebied noord van die Sandrivier binnegegaan het, hulle baie verlate krale aangetref het met hier en daar hope doodsbeendere van stamme wat deur Silkaats vermoor en uitgeroei is. Slegs wild was volop[3].

Hierdie toestand was in die besonder waar vir die Maricogebied - die tuiste van die Matebeles - en oral is deur vroeëre reisigers oorblyfsels gevind van verwoeste en verlate

---

1. Kyk Voight, J.C.: Fifty years of the history of the Republic in South Africa, vol. 1 (C. Struik (Pty) Ltd., Kaapstad, 1969), p. 183.

2. Herinneringe van J.H. Neethling, sr. (Preller: Voortrekkermense I (Nas. Pers, Kaapstad, 1920), p. 124.)

3. Gedenkskrif van Anna Steenkamp (Preller: Voortrekkermense II (Nas. Pers, Kaapstad, 1920), pp. 33 - 34) Vgl. ook Voight: Op. cit., p. 183.

statte wat getuig het van vroeëre bewoners[4].

Die verdrywing van die Mateheles het die toekoms van die Nie-Blankes wat die dood vrygespring het, ingrypend verander. Nadat die besef tot hulle deur gedring het dat Silkaats vir hulle geen gevaar meer ingehou het nie, het hulle na hul oorspronklike woongebiede begin terugkeer[5] om onder die beskerming van die Blankes rustig voort te lewe. Nie net vroeëre bewoners het na die veiligheid van hulle ou woongebiede teruggekeer nie, maar ook vreemde Bantoes uit ander gebiede sou weldra begin instroom[6] en hulle sou binne afsienbare tyd vir die Trekkers probleme skep.

Hulle getalle en besittings het so vinnig toegeneem dat van die kapteins binne enkele jare 'n gevoel van eie mag ontwikkel het en in hulle strewe na onafhanklikheid 'n bedreiging vir die Blankes sou word.

Die verhouding tussen die Blanke inwoners en die Bantoes sou nog verder vertroebel word deur die invloed en aktiwiteite van die Britse politieke sendelinge wat hulle reeds in die omstreke bevind het. In 1845 het dr. Livingstone byvoorbeeld al 'n sendingstasie onder hierdie Bantoes opgerig. Hyself het so 'n groot invloed oor Secheli verkry dat dit die algemene sprake was dat die Bakwenahoof deur die witman getoor is[7].

Reeds in die winter van 1852 sou die Blanke bewoners van Marico die onaangename gevolge van hierdie besondere beïnvloeding moes verduur.

---

4. Vgl. Potgieter, F.J.: Op. cit., pp. 16 - 17.

5. Ibid.

6. Krüger, D.W.: Die Republiek Stellaland (ongepubliseerde M.A.- verhandeling, P.U.K. vir C.H.O., 1930), pp. 5 - 6.

7. Theal, G. McC.: History of South Africa from 1795 to 1872, vol. III (Allen and Unwin, London, 1916), p. 390. Vgl. ook Huyser : Op. cit., p. 247.

b. Vir die Blankes

Na die beslissende Negedaagse slag het Hendrik Potgieter 'n proklamasie waarvan hy 'n afskrif aan die Engelse regering in die Kaap gestuur het, uitgevaardig dat hy as skadeloosstelling vir die verlies wat die Blankes gely het[8] uit naam van die Voortrek besit neem van die hele gebied so ver „... as die lem van Silkaats geregeer het"[9]. Hoewel geen grense afgebaken is nie, het hierdie gebied die grootste gedeelte van Transoranje, Transvaal en die suidelike deel van die huidige Rhodesië tot aan die Kalahari ingesluit[10].

Potgieter het sy aanspraak op die volgende gronde geregverdig:

(i) Dat groot dele van die gebied onbewoon was,

(ii) Dat hulle Silkaats verdryf het, en

(iii) kragtens ooreenkomste wat met inboorlingkapteins gesluit is.

By die Trekkers was die vrees aanwesig dat 'n ander nasie hulle aanspraak op die gebied kon ontken as die punte onder (i) en (ii) genoem die enigste gronde vir die inbesitname was; daarom het hulle gevoel dat hulle hul regmatige aanspraak kragtens die ooreenkomste wat met inboorlingkapteins gesluit is, kon handhaaf. Hierdie ooreenkomste is uit eie vrye wil aangegaan, waardeur die Bantoes hulle onder die beskerming van die Blankes geplaas het[11].

Die Blankes kon hulle gevolglik met veiligheid en reg in die westelike gedeelte van die Transvaal vestig. Hulle het die gebied in besit geneem net soos Silkaats dit gedoen het en die oorlewendes van die oorspronklike bewoners van die gebied onder hulle beskerming geneem. Met reg kon die Trekkers

---

8. Aangehaal by Potgieter en Theunissen: Op. cit., p. 92.

9. Herinnering van A.H. en W.J. Potgieter (Preller: Voortrekkermense III (Nas. Pers, Kaapstad, 1922), p. 1.)

10. Walker, E.A.: A history of South Africa (Longmans Green and Co., London, 1928), p. 213.

11. Vgl. Kuyser: Op. cit., pp. 31 - 34 en R. 141/48: Die Volksraad aan Goewerneur van Lourenco Marques, d.d. 12 Mei 1948.

hulleself dus beskou as die de jure opvolgers van Silkaats as eienaars van hierdie landstreek[12].

2. Die vestiging van die Blankes in die Maricogebied

Toe die Trekkers in die dertigerjare van die 19de eeu die gebied noord van die Vaal met die oog op permanente vestiging binnegetrek het, was hulle nie heeltemal onkundig aangaande die streek nie. Uit verskillende oorde het brokkies nuus uit die gebied hulle reeds voor die tyd ter ore gekom.

Inligting is o.a. van die volgende verkry:

(i) Handelaars wat die gebied besoek het, o.a. Hume en Mc. Luckie, twee handelaars uit die Kolonie wat Silkaats reeds in 1829 aan die oewers van die huidige Apiesrivier besoek het[13].

(ii) Sendelinge wat hulle in die binneland gevestig het.

(iii) Wetenskaplike reisigers soos dr. A. Smith[14] wat saam met Moffat 'n besoek aan die westelike dele van die Transvaal gebring en baie noukeurige aantekeninge gemaak het.

(iv) Jagters wat tot in die noorde deurgedring het, o.a. kapt. W.C. Harris[15] wat 'n breedvoerige beskrywing van sy reise gemaak het.

(v) Verkenners wat voor die aanvang van die Groot Trek die binneland moes gaan verken.

(vi) Bantoes was 'n goeie bron van inligting, veral t.o.v. die plekke waar die Blankes nie kon kom nie[16].

---

12. Vgl. Kruger: Op. cit., pp. 5 - 6.

13. Vgl. Kotze: Op. cit., pp. 212 - 221.

14. Kirby, P.R.: The diary of dr. Andrew Smith, director of the "Expedition for exploring Central Africa, 1834 - 1836 vol. I (The Van Riebeeck Society, Cape Town, 1939).

15. Vgl. Harris, W.C.: The wildsports of Southern Africa.

16. Potgieter, F.J.: Op. cit., pp. 32 - 33.

(vii) Van die Maricogebied in die besonder is eerstehandse kennis opgedoen tydens die twee strafekspedisies teen Silkaats.

Daar is opgemerk dat die streek vanweë sy waterrykheid geskik sou wees vir landbou sowel as veeteelt. Hierdie vermoede is bevestig by die aanskouing van die koringlande en groot troppe vee van die Matebeles. Hierdie eerste kennismaking met die gebied en al sy moontlikhede is in 1838 opgevolg deur 'n kommissie wat tussen Mei en November die streek verder gaan verken het[17].

Ten spyte van die aanloklikheid van die gebied sou daar eers tien jaar verloop voordat die eerste Trekkers hulle daar sou gaan vestig. Hierdie tydsverloop kan daaraan toegeskryf word dat die eerste Blankes - onder wie ook Potgieter - hulle aan die Mooirivier gevestig het, waar Potchefstroom ontstaan het. Uit die Potchefstroomse samelewing het daar weer 'n nuwe bevolkingskonsentrasie ten noorde van die Magaliesberg ontstaan. As redes vir die vorming van die nuwe groepering kan die volgende aangegee word:

(i) Nuwe intrekkers uit die suide het bevind dat Potchefstroom reeds bewoon was en het gevolglik verder getrek.

(ii) Die vrugbare grond en die waterrykheid van die gebied aan die hange van die Magaliesberg het hulle gelok.

(iii) Die bekoring van die natuurskoon.

Nadat die bevolkingsdigtheid ook in die streek toegeneem het, is dit vansefsprekend dat verdere uitbreiding vanweë die ekstensiewe aard van die boerdery sou plaasvind, hierdie keer na die weste. Die vrugbare gebied aan die oewers van die Groot- en Klein Maricorivier het nou die steeds vooruitskuiwende boere daarheen gelok. Dit is dus verstaanbaar dat Marico eintlik eers na die twee genoemde gebiede permanent bewoon sou word.

Voordat die voorpunt uit die Magaliesbergse maatskappy Marico bereik het, het Blanke gesinne hulle uit die Oranjeriviersoewereiniteit daar gaan vestig. Hierdie intrekkers was na die slag van Boomplaas in 1848 so ontevrede om langer

---

17. Potgieter en Theunissen: Op. cit., p. 114.

onder Britse bewind te bly dat hulle besluit het om hulle besittings weer op te pak en verder noordwaards te trek om weer vry te wees van Britse oorheersing. Drie persone wat aan die ekspedisies teen Silkaats deelgeneem het en dus bekend was met die vrugbare landstreek nl. Ockert Oosthuizen, Hans Terblanche en Jan Viljoen, was die eerstes wat met hulle families vanaf Koppie-alleen die tog na Marico begin het. In Oktober 1848 is die drie trekke oor die huidige Ventersdorp tot by Wilgerboomspruit, halfpad tussen die huidige dorpe Groot-Marico en Zeerust. Hiervandaan is hulle haastig te perd deur Maricospoort om hulle plase te gaan afry, want ander trekkers was ook reeds op pad na die gebied[18].

Ongeveer agt myl van die latere dorp Zeerust is die eerste drie plase in Marico geokkupeer. Hans Terblanche het sy plaas Uitvlucht genoem, Ockert Oosthuizen syne Klaarstroom en Jan Viljoen het hom op Vergenoeg gevestig[19].

Dit was die gebruik om die plaasname te koppel aan 'n bepaalde gebeurtenis of 'n sekere eienskap van die plaas of omgewing, soos bv. Kareespruit, Zendelingsplaas, Lindleyspoort, Kameeldoorn, Enselsberg en Kromellenboog. Daarom is hierdie eerste drie plaasname baie treffend en tekenend van die omstandighede van die tyd. Die naam Uitvlucht kon seker met reg aan een van die volgende twee moontlikhede - of albei- gekoppel word: Terblanche het heelwaarskynlik daaraan gedink dat hy weer onder die Britse bewind uitgevlug het en/of dat hy die vurige hoop gekoester het dat sy nuwe tuiste vir hom 'n ware toevlugsoord sou wees.

Oosthuizen se plaasnaam getuig onteenseglik van die helder waterstrome wat Marico in daardie tyd gekenmerk het, terwyl die naam Vergenoeg aandui dat sy eienaar nou so ver getrek het dat die Engelse hom nie weer sou vind nie[20]. Dit kan natuurlik ook 'n aanduiding wees dat Jan Viljoen nie meer verder wou trek nie. As laasgenoemde die geval is, is dit ironies dat Viljoen weer een keer moes dreig om sy plaas te verkoop

---

18. Vgl. Van Schoor, M.C.E.: <u>Politieke groeperinge in Transgariep</u> (Agj., 1950, dl. II, p. 82).

19. Snyman: <u>Die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in Marico</u>, p. 2.

20. Vgl. Engelbrecht, S.P.: Johannes Willem Viljoen (<u>Die Brandwag</u>, 10 Nov. 1950, p. 41).

en verder te trek. Dit het plaasgevind toe hy sy diepste afkeur uitgespreek het oor die aanstelling van T.F. Dreyer as kommandant-generaal[21]. Hy het hom egter later hierin berus en nie uitvoering gegee aan sy voornemens nie. So het Vergenoeg ver genoeg gebly tot met sy dood.

Volgens Snyman was Jan Viljoen tydens hierdie vestiging van die drie families nie self by nie omdat hy nog in die tronk was vanweë sy aandeel aan die stryd teen sir Harry Smith in die Oranjeriviersoewereiniteit, en dat sy vrou gevolglik die plaas uitgesoek het. Viljoen sou hom dan eers drie maande later, nadat hy uit die gevangenis ontslaan is, op sy plaas Vergenoeg gaan vestig het[22]. J.H. Stander, die oudste seun van kmdt. A.H. Stander wat hom ook kort na die drie genoemde families om dieselfde rede in Marico gaan vestig het, verklaar egter dat Jan Viljoen en nog vyf ander „belhamels"[23] onder wie ook sy vader, na 'n mislukte opstand in April 1846 teen die Britse bewind naby Winburg, gevange geneem en na die gevangenis op Colesberg gestuur is. Na drie maande en twee en twintig dae is hulle deur sir Harry Smith self vrygelaat[24]. Dit moes beslis voor die slag van Boomplaas gewees het, want kmdt. Stander het self aan die slag deelgeneem[25]. Hieruit kan dus afgelei word dat Jan viljoen tydens die trek van sy familie na Marico in elk geval nie meer in die gevangenis kon gewees het nie. So word dit ook deur S.P. Engelbrecht aanvaar[26].

Dit dien daarop gelet te word dat hierdie drie families nie die heel eerste Blankes was wat Marico as woonplek gekies het nie. Reeds in 1815 het Coenraad de Buys hom by die Bahurutshe op Kaditshwene gevestig en daar vyf jaar vertoef

---

21. R 1595/57: Vdkt. J.W. Viljoen aan M.W. Pretorius, d.d. 14 Junie 1857.

22. Vgl. Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in Marico, p.2.

23. Vgl. Van Schoor: Op. cit., p. 22.

24. Verklaring van J.H. Stander (Preller, G.S.: Voortrekkermense III, pp. 68 - 69).

25. Van Schoor: Op. cit., p. 81.

26. Engelbrecht, S.P.: Johannes Willem Viljoen (Die Brandwag, 10 Nov. 1950, p. 41). Vgl. ook S.P.E.: Johannes W. Viljoen (Almanak voor de Ned. Herv. Kerk in Afrika, 1926, pp. 153-154.

voordat hy na Soutpansberg verhuis het[27]. Vir die doel van hierdie verhandeling word hy egter verder buite rekening gelaat.

Spoedig het al hoe meer baanbrekers Marico as hulle eindbestemming gekies vanweë sy bruisende waterstrome, vrugbare valleie, natuurskoon en bruikbare boomsoorte. Met sy besoek aan die gebied in 1848 het A.A. Anderson al vyf boere aangetref wat plase besit het wat tot 60 000 akkers groot was[28]. Toe Tawane, kaptein van die Barolongs, teen die einde van dieselfde jaar met sy volgelinge van Mooirivier af na hulle oorspronklike woongebied, Lotlakana, later bekend as Rietfontein, verhuis het, het hy ook verskillende boere aan die oewers van die Malopo en by van die beste waterfonteine aangetref[29].

Bekende families wat ook in die tyd vanuit die Oranjeriviersoewereiniteit na Marico gekom het, was o.a.: kmdt. A.H. Stander wat ná die slag van Boomplaas moes vlug omdat die Britse bewind 'n beloning vir sy gevangeneming uitgeloof het, J.A. Enslin met sy groep wat bekend was as die Jerusalemgangers [30] en D.J. Coetzee wat 'n leidende rol gespeel het ten opsigte van dorpstigting in Marico[31]. Ander bekende vanne wat uit die vroeë geskiedenis van Marico dateer is o.a.: Marneweck, Van Staden, Meyer, Jacobs, Joubert, Welman, Basson, Botha, Breytenbach, Buys, De Beer, Engelbrecht, Grobler, Labuschagne, Lehman, Naudé, Riekert, Roos, Smit, Snyman, Van den Berg en Van Wyk.

Dat die Maricogebied vinnig bekendheid verwerf het as 'n gesogte woongebied, blyk daaruit dat honderde emigrante[32]

---

27. <u>Die Zeerustse EEufees-gedenkboek, 1867 - 1967</u>, p.3.

28. Anderson, A.A.: <u>Twenty five years in a waggon in the gold regions of Africa</u> (Chapman and Hall, London, 1877), p. 277.

29. Theal, G. McC.: <u>History in South Africa from 1795 - 1872</u>, vol. III, pp. 381 - 382.

30. Vir meer besonderhede oor hierdie groep, kyk p. 149 e.v. hieronder.

31. Vir meer besondernede hieroor kyk p. 92 e.v.hieronder.

32. Vgl. Van Jaarsveld, F.A.: <u>Die eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners</u> (Impala Opvoedkundige diens, Johannesburg, 1951), pp. 138 - 139.

uit die Oranjeriviersoewereiniteit asook ander gebiede hulle daar gaan vestig het. ŉ Groot persentasie van die aanhangers van Andries Pretorius wat uit Ohrigstad teruggekeer het, asook groepe uit Natal het hulle in Sentraal- en Wes-Transvaal gevestig. Johannes Smit het byvoorbeeld vertel hoe hulle uit Natal weggetrek het en hulle op Schildpadgat, ŉ mooi plaas tussen twee hoë berge, in Marico gevestig het[33]. Andries Pretorius getuig ook in die verband: „Die meeste menschen trekken alle door den Vaal rivier, maar mees na Marico" [34].

Die Blanke samelewing is verder versterk deur boere uit die Magaliesbergse gemeenskap wat vanweë die ekstensiewe boerderymetodes weswaarts verskuif het na die voorposte in die vrugbare valleie van Marico[35].

Teen die einde van die veertigerjare het daar dus ŉ aansienlike hoeveelheid Blankes in Marico gewoon. Toe ds. A. Murray jr. in 1849 ŉ diens vir die bewoners van Marico op die plaas van D. Robbertse in „de Zwarte Ruggens" gereël het, het daar meer as 400 siele opgedaag. Omdat daar egter nie behoorlik kennis gegee was van die diens nie, was die opkoms selfs nog kleiner as wat verwag is. Hier het ds. Murray ook nog verneem van vele wat verder weswaarts in die rigting van die Malopo gewoon het, vir wie die afstand te groot was om betyds vir die diens te kon wees. Daarbenewens het die Jerusalemgangers ook nie die diens bygewoon nie[36].

Tydens sy besoek in 1852 het die digtheid van die bevolking in Marico ds. J.H. Neethling ook opgeval en maak hy in sy verslag melding van die welbeboude streek met sy talryke mense wat die kerkdiens bygewoon het[37].

---

33. Herinnerings van Johanna P. Smit (gebore De Beer)(Preller: Voortrekkermense iv (Nas. Pers, Kaapstad, 1925), p.113).

34. Andries Pretorius aan P. Nel, d.d. 12 Feb. 1849, kyk Van Jaarsveld: Op. cit., p. 99.

35. Pelzer, A.N.: Wordingsjare (A.A. Balkema, Kaapstad, 1950), pp. 138 - 139.

36. Spoelstra, C.: Het kerkelÿk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek (J.H. Kok, Kampen, 1915), p. 87.

37. Vgl. Potgieter, F.J.: Op. cit., pp. 52 - 53.

Deur die jare het die bevolkingstal konstant toegeneem. Juiste statistieke uit die vroegste jare is ongelukkig nie beskikbaar nie. Die vroegste syfer, hoewel slegs by benadering, wat 'n beeld gee van die bevolkingsdigtheid, is gebaseer op 'n sensus wat in 1873 opgeneem is. Hiervolgens was daar 2 496 Blankes in Marico woonagtig[38]. In 1892 word die totaal wat gebaseer is op 'n volkstelling in April 1890, op 4 935 gestel[39], terwyl die laaste bevolkingsyfer vir die gebied tot 1900 in al die Staatsalmanakke vanaf 1896 tot 1899 as 6 500 aangegee word.

Die bevolkingstoename het nuwe behoeftes geskep. Veral het 'n eie kerkplek en handelsentrum - in wese 'n eie dorp - dringend nodig geword. Die behoefte is verder versterk deur die afstand van meer as 200 kilometer wat oor slegte paaie na Potchefstroom afgelê moes word. Hoewel Rustenburg ongeveer negentig kilometer nader was en sommige Marico-mense daar wou inskakel, was die meerderheid daarop teë omdat Potchefstroom 'n beter mark gebied het en ook die kerkdorp was[40].

Ten spyte van die sterk gevoel ten gunste van Potchefstroom, is Marico tog in November 1857 van Potchefstroom afgesny en onder Rustenburg as landdrossetel geplaas[41]. Soos te verwagte is, het die reëling tot groot ontevredenheid en baie protesmemories aan die President en Uitvoerende Raad aanleiding gegee. Die oorwegende rede was dat hulle wel na Potchefstroom moes gaan vir kerk en dan nog 'n ekstra rit na Rustenburg moes onderneem om hulle „kantoorsake" af te handel[42].

Hierdie toedrag van sake het die behoefte aan 'n eie dorp sterk op die voorgrond gebring. Gevolglik het D.J. Coetzee vroeg in 1858 aansoek gedoen om sy plaas Nooitgedacht tot

---

38. Ibid, p. 107.

39. Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor 1892 (Staatsdrukker, Pretoria, 1891), p. 35.

40. R 1823/57: Memorie in sake terugplasing van Marico onder Potchefstroom, d.d. 16 Nov. 1857.

41. Ibid.

42. Ibid.

dorpsgebied te verklaar[43]. Hoewel hy daartoe die nodige toestemming ontvang het[44], het van die voorneme tog om een of ander onbekende rede niks gekom nie[45].

Toe die hoop om spoedig 'n eie dorp te hê verflou het, het die gemoedere teen Rustenburg as landdrossetel al hoër opgevlam. As hierby in aanmerking geneem word dat Rustenburg in die tyd die brandpunt van die stigting van die Gereformeerde kerk was en ds. D. Postma, nieteenstaande die weiering van vdkt. J.W. Viljoen om hom in Marico toe te laat, tog 'n besoek aan Marico gebring het, waardeur die gemoedere verder opgesweep is, kan ons begryp dat Marico byna in 'n staat van oproer gebring is en tot enige daad geneig sou wees om uiting te gee aan hulle opgekropte gevoelens.

'n Gulde geleentheid tot daadwerklike optrede het gekom toe die belastinggeld na Rustenburg geneem moes word vir inbetaling. Hierdie daad was die laaste strooi omdat as hulle dit sou toelaat, dit vir die Maricomense sou neerkom op 'n erkenning dat hulle met die nuwe indeling genoeë neem. Gevolglik het 200 man die geld langs die pad afgeneem en direk aan die Uitvoerende Raad gestuur „die Zulks ontvangen heeft"[46]. Omdat vdkt. J.W. Viljoen as die leier in Marico beskou is, het die landdros van Rustenburg hom weens pligversuim gedagvaar, waardeur die gemoedere nog onstuimiger geword het, veral toe Viljoen weier om voor die hof te verskyn[47].

In die briefwisseling wat daarna tussen vdkt. Viljoen en die Waarnemende Landdros gevoer is, is dit weer eens beklemtoon dat Potchefstroom ook vir hulle „kantoorbezigheden"

---

43. R 1917/58: Aansoek van D.J. Coetzee gerig aan pres. M.W. Pretorius, d.d. 15 Febr. 1858. Vgl. ook <u>De Staatscourant</u>, 19 Maart 1858.

44. Vgl. Pelzer: Op. cit., pp. 139 - 140.

45. <u>Die Zeerustse Eeufees-gedenkboek, 1867-1967</u>, p. 24.

46. R 2638/59: Verslag van wnd. Landdros J.M. van Rooyen aan die Staatssekretaris, d.d. Rustenburg, 3 Maart 1859.

47. Ibid.

hulle dorp moes wees. Viljoen het dit ook beklemtoon dat hy nie aan pligsversuim skuldig was nie aangesien hy die belasting gehoorsaam opgeneem en na Rustenburg gestuur het. As iemand dus gedagvaar moes word, moes dit die 200 burgers wees wat die geld afgeneem het [48].

Nadat 'n tweede dagvaarding op hom bestel is, het Viljoen hom tot pres. M.W. Pretorius gewend. Hy het o.a. verklaar dat dit vir hom onmoontlik is om op Rustenburg voor die hof te verskyn omdat die publiek volstrek weier om dit toe te laat omdat hulle nie onder Rustenburg wil ressorteer nie.

Hy verdedig sy regsaak verder deur te noem dat hy alles in sy vermoë doen om die onstuimige gevoelens te paai [49]. Dat die owerheid wel deeglik van die gevoelens in Marico kennis geneem het, blyk uit die feit dat die Landdros van Rustenburg sonder enige opgawe van redes van owerheidsweë in kennis gestel is dat die dagvaarding teen vdkt. Viljoen uitgestel is [50].

Verskillende memories is intussen deur die bewoners van Marico ingestuur. Daarin is met opgawe van redes versoek dat Marico weer onder Potchefstroom moet ressorteer en dat die Elandsrivier die grens tussen Marico en Rustenburg moes wees, soos dit deur wyle A.W.J. Pretorius vasgestel is [51]. Om aan die onaangenamheid 'n einde te maak het die owerheid uiteindelik besluit om Marico onder Potchefstroom terug te plaas [52]. So het dit gebly totdat Marico in 1871 'n selfstandige distrik geword het met Zeerust as landdrossetel.

---

48. R2639/59: Wedersydse korrespondensie tussen die wnd. landdros van Rustenburg en vdkt. J.W. Viljoen.

49. R2663/59: J. Viljoen aan pres. M.W. Pretorius, d.d. 15 Maart 1859.

50. R2678/59: Wnd. landdros Van Rooyen aan die Goewermentsekretaris, d.d. 25 Maart 1859. In hierdie brief kla Van Rooyen dat hy nie kan verstaan waarom die saak teen vdkt. Viljoen uitgestel is nie. Hieruit kan dus die afleiding gemaak word dat Van Rooyen nie deur die Regering in die besluit geken is nie.

51. Vgl. Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek, 1867-1967, p. 24.

52. Rex, H.: Voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico)(vanaf die predikantskap van ds. Daniel Lindley (1840-1844) tot die van ds. Samuel Young (1947-1971) (N.H.W. Pers, Pretoria, 1971), p. 167.

3. Marico as selfstandige distrik

ŉ Logiese uitvloeisel van die bevolkingsgroei van Marico en alles wat daarmee saamgehang het, was dat die strewe na ŉ eie selfstandige distrik op die voorgrond begin tree het. Hoewel hulle begeerte om weer onder Potchefstroom te ressorteer verwesenlik is, was die probleme van lang afstande oor slegte paaie nog nie opgelos nie. Dit kon natuurlik net deur ŉ eie distrik met ŉ eie landdrossetel geskied. Hierby kan ook gevoeg word die feit dat genoemde stryd die samehorigheidsgevoel versterk het. Gevolglik het die bewoners van die gebied gevoel dat hulle bymekaar hoort en nie langer ŉ aanhangsel van ŉ ander gebied wou wees nie.

Hierdie belangrike mylpaal in die geskiedenis van Marico is op 30 Oktober 1871 bereik toe die gebied deur waarnemende president D.J. Erasmus tot ŉ nuwe distrik verklaar is. Die distrik sou voorlopig uit die volgende twee veldkornetskappe bestaan: Boven Hartsrivier, met H.A. Greef as veldkornet en Marico, met H.P. Beukes as veldkornet, wat albei vroeër onder die distrik Potchefstroom ressorteer het[53].

Waar die grense presies was, is nie in hierdie proklamasie aangedui nie, maar volgens ds. F.L. Cachet was dit soos volg: Die noordwestelike grens het oor die Dwarsberge, soos met bakens aangedui, gestrek en vandaar al langs die Maricorivier tot by die samevloeiing met die Limpoporivier. Die westelike grens het met allerlei draaie na die suidweste gestrek tot aan Bloemhof. Aan die suidekant het Marico aan Potchefstroom gegrens en aan die oostekant is dit deur die Maricorivier van Rustenburg geskei[54].

Nadat Lichtenburg in Junie 1882 tot ŉ selfstandige distrik verklaar is, is die volgende grense vir Marico bepaal: Vir die suidelike grens is Tafelkop as die oostelike baken geneem. Daarvandaan het dit in ŉ reguitlyn wes geloop oor

---

53. V.R.B., art. 238, 30 Okt. 1871. Sien ook Proklamasie no. 814, d.d. 24 Febr. 1872 (Jeppe, J.F.: De locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849 - 1885, p. 462.)

54. Cachet: Op. cit., p. 384.

Kruidfontein en Wonderfontein na Malopo'soog. Daarvandaan al met die stroom langs tot waar dit die Konvensielyn geraak het. Dan al met dié lyn na Liebenbergsbaken aan die Hartsrivier[55]. Die oostelike grenslyn het ook by Tafelkop begin en reg noord gestrek tot by die oorsprong van die Maricorivier. Die rivier het dan verder die oostelike grens gevorm tot waar dit naby Sikwane deur Derdepoort gaan. Die noordelike grens het by Sikwane as baken no. 10 begin. Vandaar het dit in ŉ reguitlyn weswaarts gepeil na baken no. 8, wat opgerig is op ŉ alleenstaande heuwel, Dikgageng of Wildebeeskop. Die grens is verder met ŉ reguitlyn verleng tot aan die Notwanirivier. Daarvandaan met die rivier opwaarts tot by Sengoma, op ŉ punt waar die rivier deur die Dwarsberge vloei. Vanaf Sengoma het die lyn suidwaarts geswenk soos omskryf in die Keate-uitspraak van 17 Okt. 1871, d.w.s. langs Pitlangganyane, Deboaganka, Sibatoul en Maclase reguit na Ramatlhabama, die suidwestelike baken van die distrik. ŉ Reguitlyn vanaf Ramatlhabama na die Molopo het die verdere suidelike grens van die distrik gevorm[56].

Op 2 Maart 1885 het die distrik Marico sy finale beslag gekry toe die wyk Hartsrivier tot ŉ deel van die distrik Bloemhof geproklameer is[57].

Die distrik is reeds in 1858 in twee veldkornetskappe verdeel, nl. Groot-Marico en Klein-Marico. Die grense tussen die twee is soos volg aangedui: Van die Malopo tot aan die oorsprong van die Groot Marico en vervolgens langs die rivier af[58].

Toe J.D.L. Botha in 1875 aangestel is as veldkornet oor ŉ gedeelte van die wyk Klein-Marico, is die wyk soos volg verdeel: Van die plaas Nooitgedacht van L.M. Swart al met die berg soos dit hom van Zeerust af uitstrek tot regoor die plaas Driefontein van J.F. Naude. Daarvandaan met en tussen

---

55. Proklamasie, d.d. 15 Jan. 1883.(Jeppe:Op. cit., PP.1154 - 1155).

56. Snyman: <u>Die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in Marico</u>, p. 13.


57. Proklamasie van ZHED. den Staatspresident der Zuid-Afrikaansche Republiek (Jeppe: Op. cit., p. 1316).

58. Goewermentskennisgewing, d.d. 7 Mei 1858 (<u>De Staatscourant</u>, 7 Mei 1858).

LANDDROSDISTRIK MARICO

SAAMGESTEL DEUR LANDMETER-GENERAAL

JULIE 1906



die plase Bronkhorstfontein van H. Strydom en die plaas Rietvlei van J.G. Meyer, tot aan die boonste oog van die Maricorivier op die plaas Bokkraal van Evert Potgieter[59].

In 1889 is die wyk Klein-Marico verder verdeel en is die grenslyn soos volg vasgestel: Van Malopo'soog met 'n reguitlyn na Malmaniesoog. Dan met die Malmanierivier langs af na Rietpoort. Vandaar na Doornfontein en dan verder met 'n reguitlyn na die westelike hoekbaken van Ikalafyn se lokasie waar dit aan die Konvensielyn grens. Met dien verstande dat alle plase ten noorde van die lyn in die nuwe wyk Malopo sou val. Plase wat deur die lyn verdeel is, sou tot die wyk behoort waarin die opstal val[60].

Marico het dus uiteindelik uit vier wyke bestaan, nl. Groot-Marico, Klein-Marico, Bosveld en Malopo. Die landrossetel was Zeerust en J.A. Montgomery die eerste landdros wat sy werksaamhede in Julie 1872 aanvaar het[61].

## 4. Marico en die konstitusionele stryd

### a. Die kommandant-generaalskap

Die Jerusalemgangers het sedert hulle vestiging in Marico tot met die dood van hulle leier in 1862 as 'n groep saamgewoon onder J.A. Enslin as hulle kommandant. Die ander Blankes was oorwegend aanhangers van Andries Pretorius en wou nie onder kmdt. Enslin staan nie. By baie van hulle het gevolglik die gevoel ontstaan dat hulle leierloos was[62] en het hulle hul onveilig gevoel. Gevolglik het hulle vir Enslin ontslaan en vir A. Stander tot kommandant verkies. Lg. het sy steun aan die Volksraad beloof en onderneem om hom vir die welsyn van

---

59. Goewermentskennisgewing, d.d. 10 Okt. 1875 (Jeppe: Op. cit., pp. 635 - 636).

60. Proklamasie van die Staatspresident (De Staatscourant, 9 Okt. 1889).

61. R1063/73: J.H. Montgomery aan pres. Burgers, d.d. Zeerust, 26 Julie 1872. Volgens die kaart van die Landmeter generaal d.d. 1906, het daar later nog 'n wyk bygekom met die naam Hoëveld. (Staatsargief, Pretoria.)

62. R201/50: Prov. vdkt. J.W. van der Merwe e.a. aan A.W.J. Pretorius d.d. 21 Maart 1850.

sy gebied te beywer[63]. Enslin en sy volgelinge het egter van die begin af geweier om met kmdt. Stander saam te werk en binne 'n paar maande na sy verkiesing moes kmdt. Stander kla dat Enslin al die grensreëlings wat hy (Stander) met die Bantoe-opperhoofde getref het, weer verander[64]. Toe die krygsraad besluit het om vir Transvaal vier kommandante-generaal aan te wys, het die Volksraad besluit om die stap goed te keur omdat hulle dit as 'n handige redmiddel gesien het uit die lastige partyskappe[65].

Dit is dus verstaanbaar waarom hulle vir Marico, in teenstelling met Potchefstroom, Lydenburg en Soutpansberg, twee persone aangewys het, nl. J.A. Enslin vir die mense in Marico, wat hom verkies het en A.W.J. Pretorius vir Magaliesberg, Mooirivier en dié gedeelte van Marico wat hòm verkies het.

Vanuit die staanspoor het Enslin met Pretorius 'n vete aan die gang gesit, wat selfs tot 'n hofsaak aanleiding gegee het. Die hoofoorsaak vir die vete teen Andries Pretorius het gespruit uit sy houding teenoor die Engelse in Natal en sy onderhandelinge met die Britse kommissarisse, wat op die sluiting van die Sandrivierkonvensie uitgeloop het[66]. Van hierdie vete hoef egter nie veel notisie geneem te word nie omdat Enslin se invloed slegs tot sy mense en sy onmiddellike omgewing beperk was en geen invloed op die Transvaalse staatkunde kon hê nie. Om die rede kon Enslin ook nie as 'n werklike opponent vir Pretorius gereken word nie[67]. Daarom ook dat daar na die dood van Enslin nie weer 'n kommandant-generaal in sy plek aangewys is nie.

---

63. In sy verslag aan die Volksraad oor die gebeure, d.d. 20 April 1850, het die landdros van Potchefstroom, H.St. Lombard, gewag gemaak van die groot ontevredenheid wat daar in Marico en Malopo met kmdt. Enslin was. Hy is gevolglik ontslaan en A. Stander is in sy plek verkies. (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. I, bylaag 8, pp. 315 - 316).

64. R209/50: A.H. Stander aan A.W.J. Pretorius, d.d. 1 Aug. 1850.

65. Vgl. Du Plessis, J.S.: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858 - 1902 (Agj. 1955 dl. I,) p. 146. Vir meer besonderhede oor die kommandat-generaalskap kyk ook Van Heerden, J.J.: Die kommandant-generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek(Agj. 1964, dl. II).

66. Meer besonderhede hieroor kan gevind word op p. 150 e.v. hieronder.

67. Du Plessis, J.S.: Op. cit., p. 147 en p. 166.

Na die dood van Andries Pretorius het ook die burgers van Marico versoek dat sy seun M.W. Pretorius in sy plek as kommandant-generaal aangestel word. Die versoek is deur die krygsraad so aanbeveel en deur die Volksraad goedgekeur[68).

In Maart 1857, nadat M.W. Pretorius verkies is as president, is T.F. Dreyer vir Transvaal as waarnemende kommandant-generaal aangestel omdat dringende omstandighede dit vereis het. Die publiek is ook versoek om hulle goed- of afkeuring van die wenslikheid al dan nie van 'n kommandant-generaal binne ses weke deur hulle wyksoffisiere bekend te maak[69). In 'n memorie wat deur baie burgers onderteken is, is aan die President kennis gegee dat hulle hul vorige besluit waarin die aanstelling goedgekeur is[70), herroep en die Volksraad versoek om die artikels waardeur die amp van 'n kommandant-generaal gemagtig word, te skrap. In die plek van 'n kommandant-generaal moet 'n magasynmeester oor die ammunisie aangestel word, egter sonder enige magsposisie. Verder is versoek dat 'n kommandant-generaal slegs aangestel moet word wanneer die uitstuur van 'n kommando dit noodsaak en dan slegs vir die duur van die kommando. T.F. Dreyer moes gevolglik die amp net beklee totdat die algemene rus herstel was[71).

b. Die konstitusionele stryd

Nadat die Volksraad die ontwerp, opgestel deur die Hollander Jacobus Stuart, met enkele wysigings as grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek aanvaar het, het die burgers

68. Notule van die Suid-Afrikaanse Republiek 1851 - 1853 art. 15, 9 Aug. 1853 (Breytenbach: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, d. II, Cape Times Kaapstad, 1950, p.138)

69. Vgl. Pelzer: Op. cit., p. 54. En P1385, Goewermentskennisgewing, d.d. Potchefstroom 13 Maart 1857 (Breytenbach: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, dl. III: Notule van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1854 - 1858, Cape Times, Kaapstad, 1951, bylaag 4(a), p. 473).

70. J. Viljoen aan pres. M.W. Pretorius, d.d. 23 Maart 1857 (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. III, bylaag 4(b), p.474).

71. Memorie aan pres. M.W. Pretorius, d.d. 30 Maart 1857. (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. III, bylaag 4(f), pp. 476 - 477).

van Marico dit ten spyte van vroeëre besware eenparig goedgekeur[72]. In 1860 het hulle by monde van kmdt. J.W. Viljoen hulle ondersteuning aan pres. M.W. Pretorius beloof en verklaar dat hulle hom trou sou bystaan in sy poging om die twee Boererepublieke te verenig[73].

Juis uit hierdie verenigingsideaal van die President sou ernstige moeilikhede voortspruit wat op bloedvergieting sou uitloop. Aan hierdie stryd sou die burgers van Marico onder leiding van J. Viljoen 'n aktiewe aandeel hê.

Na die verstryking van die ses maande verlof wat die Suid-Afrikaanse Republiek aan Pretorius toegestaan het om tegelykertyd as president van die Vrystaat op te tree, het die Vrystaatse Volksraad om verlenging van die tydsduur aansoek gedoen. Die Volksraad van die S.A.R. het Pretorius egter voor die keuse gestel om as president van een van die twee state te bedank omdat die Transvaalse grondwet die bekleding van nog 'n amp naas dié van president verbied het. Hierop het Pretorius bedank as president van die Suid-Afrikaanse Republiek. J.H. Grobler is daarop in sy plek as waarnemende president benoem.

Hiermee het die Transvaalse ondersteuners van Pretorius nie genoeë geneem nie en op 'n volksvergadering in Potchefstroom besluit dat die Volksraad nie meer die vertroue van die volk geniet nie. 'n Nuwe verkiesing moes gehou word en Pretorius moes aanbly as president terwyl 'n verdere jaar verlof aan hom toegestaan moes word om hom in staat te stel om sy verenigingsplanne deur te voer. Verder is besluit dat kmdt.-genl. Schoeman intussen as president moes waarneem[74].

---

72. R1452/57: Verslag van wnd. kmdt.-genl. T.F. Dreyer aan die President en Uitvoerende Raad i.s. byeenkomste gehou in Marico, d.d. 11 April 1857.

73. R3653/60: kmdt. J. Viljoen aan M.W. Pretorius, d.d. 26 Maart 1860.

74. Vgl. Du Plessis, J.S.: Die Suid-Afrikaanse Republiek (In: Muller, C.F.J.(Red.): 500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis (Academica, Pretoria, 1968, pp. 226 - 227). Vir verdere besonderhede hieroor kyk ook Van Jaarsveld, F.A.: Die eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners.

Met hierdie besluit het die meeste burgers van Marico hulle vereenselwig[75].

Die onenigheid wat deur die besluite veroorsaak is, het tydens 'n Volksraadsvergadering wat van 14 - 16 Jan. 1861 in Pretoria gehou is, ernstige afmetings aangeneem[76]. Verskeie sprekers van Potchefstroom, ook genoem volksverteenwoordigers van Potchefstroom[77], het hulle ontevredenheid uitgespreek oor die optrede van die Volksraad in die afgelope tyd. Na 'n voorstel dat 'n nuwe Volksraad verkies moes word, het die gemoedere so hoog geloop en was daar soveel bitterheid dat Schoeman dit raadsaam geag het om die vergadering te verdaag. Die dag na die verdaging - sommige lede het toe alreeds vertrek - is op 'n private sitting van die agtergeblewe lede onder leiding van Cornelis Potgieter besluit om 'n kommissie van vyf uit hulle midde te kies. Een van die kommissie se vernaamste oogmerke was om die volksverteenwoordigers van Potchefstroom in hegtenis te neem en voor 'n Hooggeregshof, met landdroste Cornelis Potgieter en Joachim Prinsloo as voorsitters, te daag[78].

Die verteenwoordigers van Potchefstroom is gewaarsku oor wat gaan gebeur en het besluit om hulle te onderwerp en nie weerstand te bied nie. Onverwags is egter skote gehoor wat afkomstig was van die burgers van Marico wat op bevel van kmdt. J.W. Viljoen geskiet en hulle gewere weer gelaai het. Daarmee wou hulle as mede-ondertekenaars van die proteste vanuit Mooirivier te kenne gee dat die kommissie uitgedaag word om genoemde persone in hegtenis te neem. Deur die burgers is vier en twintig loskruit-skote as waarskuwing afgevuur, waarna die geweers met skerppuntkoeëls gelaai, maar toe gebêre is[79]. Dit was beslis 'n waarskuwing dat hulle bereid

---

75. R4589/61: Verslag aan Volksraad van byeenkomste gehou in Marico, d.d. 5 - 23 Augustus 1861.

76. Het Volksblad, 7 Febr. 1861,soos oorgeneem uit De Oude Vriend.

77. Vgl. Van Dyk, J.H.: Die burgeroorlog in die Suid-Afrikaanse Republiek 1860 - 1864 (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U.K. vir C.H.O., s.j.), p. 54 en p. 61. Van hierdie verhandeling is veelvuldig gebruik gemaak by die behandeling van hierdie gebeure.

78. Ibid, p. 60.

79. The Friend of the Free State, 1 Febr. 1861, soos oorgeneem uit De Oude Vriend.

was om die wapen op te neem as die arrestasie uitgevoer sou word. Gelukkig het sake nie sover gekom nie en is bloedvergieting afgeweer. Die feit dat daar slegs vyf en twintig burgers uit Marico aanwesig was, het sekerlik ook daartoe bygedra dat daar nie openlike opstand gekom het nie.

Die uiteinde van die saak was dat die hof ten spyte van baie besware teen die bevoegdheid daarvan, op 14 Februarie te Pretoria sitting geneem het. Van al die beskuldigdes het slegs een, nl. C.J. Bodenstein, opgedaag. Hy het skuldig gepleit en is met £15 (R30,00) beboet. Die afwesiges daarenteen is elk met £100 (R200,00) beboet[80].

Hoewel die tweespalt tot op die stadium nog nie tot bloedvergieting gelei het nie maar slegs groot verwarring en ontevredenheid veroorsaak het, sou dit spoedig hierna tot gewapende konfrontasie kom. Op 25 Sept. 1862 is kmdt. Viljoen en die burgers van Marico deur kmdt.-genl. Schoeman haastig na Potchefstroom opgeroep om bloedvergieting te voorkom en kerk en staat te beskerm[81]. Die kennisgewing het o.a. ook die volgende bevat: „Het lager van Paul Kruger, dat als roovers rondgaat, kan morgen hier zÿn. Wÿ hebben ons lager bÿ de kerk. Verzuim tog geen oogenblik en klim op ontvangst, het koste wat het wil, te paard en jaag naar hier. De wagens kunnen achteraan komen met de meeste spoed. Het lager is van plan om onze leraar Van der Hoff en al onze Leraars te verjagen, en de naam van Pretorius moet uit." In n naskrif hierby word gemeld dat agt burgers van Pretoria reeds gevang is „en in het blok en jammerlik getemteerd".

Hieruit is dit baie duidelik dat daar nou n nuwe faktor bygebring is, nl. die kerk. Die kerklike verdeeldheid wat toe nog baie aktueel was, is op n onsmaaklike wyse deur die Pretoriusgroep aangegryp om propaganda te maak vir hulle rewolusionêre oogmerke en die volk onder hulle banier te versamel[82]. Kmdt. Viljoen was op die tydstip egter nie tuis

---

80. Vir volledige besonderhede raadpleeg Van Dyk: Op. cit., pp. 60 - 62.

81. St. Schoeman aan J.W. Viljoen, d.d. 25 Sept. 1862 (<u>S.A. Argiefstukke</u>, Tvl., dl. iv, p. 668). Vgl. ook Van Dyk: Op. cit., p. 76.

82. Vgl. Spoelstra, B.: <u>Die „Doppers" in Suid-Afrika, 1760-1899</u> (Nas. Boekhandel, Kaapstad, 1963), p.209. Kyk ook Van Dyk: Op. cit., p. 75.

nie en die brief is deur vdkt. D.J. Coetzee ontvang. Gevolglik kon Marico nie hierop reageer nie.

Die uiteinde van die saak was 'n gewapende botsing tussen die Volksleër (die Pretoriusgroep) en die Staatsleër onder Paul Kruger. Die uitslag was dat Schoeman met die verlies van een man en 'n paar gewondes uit Potchefstroom verjaag is en hy (Schoeman) saam met Pretorius wat in die tussentyd in Potchefstroom opgedaag het, na die Vrystaat moes vlug.

Hierdeur is die staatsgesag wel vir die huidige gehandhaaf maar wat belangrik was, was dat die stroom van haat en bitterheid teen Kruger toegeneem het[83].

Om die orde te bestendig het die Krygsraad veldkornette Jan Snyman en D.J. Coetzee van Marico gelas om onder krygswet alle manskappe op te kommandeer en haastig met soveel voedselvoorrade as moontlik na Potchefstroom te gaan[84].

Op 23 Oktober 1862 het kmdt. Viljoen, pas nadat hy tuis gekom het, aan waarnemende kmdt.-genl. T.J. Snyman laat weet dat hy onmiddellik aan die opdrag sou voldoen. Hy berig terselfdertyd dat daar onrus tussen die Bantoekapteins op die wesgrens heers. Hierop is hy gelas om vanweë die onrus op die grens met nie meer as twintig man na Potchefstroom op te trek nie, maar wel met soveel slagvee as moontlik[85].

Die vrede was van korte duur en die tweespalt sou spoedig weer en meer intens as voorheen in hewigheid toeneem. Weer eens sou Potchefstroom, die vesting van die Pretoriusgroep, die beginpunt wees. Die Pretoriusparty was naamlik onwillig om hulle aan die uitslae van die verkiesing te onderwerp waarin W.C.J. van Rensburg bo Pretorius tot president verkies is en Paul Kruger tot kommandant-generaal. Gerugte is hierop versprei dat met die kieslote geknoei is en op geheimsinnige wyse is daarteen georganiseer en gevoelens opgesweep. Die toestand het spoedig onuithoudbaar geword en kmdt. J.W. Viljoen het besluit om hom as 'n nuwe mag aktief in die stryd te begewe. Hierdie optrede van Viljoen staan in so 'n skrille kontras met sy onlangse oënskynlike onderdanigheid

---

83. Vgl. Van Jaarsveld: Op. cit., pp. 292 - 293.

84. Wnd. kmdt.-genl. T.J. Snyman aan vdkt. Jan Snyman en vdkt. D.J. Coetzee, albei d.d. 19 Okt. 1862 (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. iv, p. 681 en 682 onderskeidelik.)

85. Korrespondensie tussen wnd. kmdt.-genl. J.J. Snyman en kmdt. J.W. Viljoen, d.d. 23 Okt. 1862 en 27 Okt. 1862 (S.A. Argiefstukke, Tvl.,dl. iv., pp. 685 - 686).

teenoor wnd. kmdt-genl. Snyman dat dit nie ongemerk kan verbygaan nie. Soos reeds bekend was Viljoen so ŉ vurige aanhanger van Pretorius dat hy selfs bereid was om vir hom te sterf[86], asook ŉ vurige Hervormer. Die feit dat hy dus nie vroeër opgetree het nie, kan enersyds toegeskryf word aan die oproerigheid van die Bantoes op die wesgrens waardeur hy gedwing is om tuis te bly en andersyds daaraan dat hy gewillig was om terug te staan vir sy leiers, nl. Pretorius en Schoeman[87]. Toe dit egter blyk dat Pretorius nie gewillig was om aktief die leiding te neem nie en Schoeman sy aanhang grootliks kwyt was, het hy die leiding daadwerklik op hom geneem. Dit het daarop neergekom dat dit nou ŉ botsing sou wees tussen Viljoen en Paul Kruger.

Die geleentheid vir Viljoen en Pretorius om op te tree het gekom met die Bantoe-onluste in die noorde, wat die Lydenburgers uitgeskakel het, en ook deur die hardnekkige weiering van Wakkerstroom om die wettig verkose gesag te erken. Toe Paul Kruger boonop ook nog beskerming moes verleen aan die grenskommissie in die suidooste[88], het Jan Viljoen die tyd ryp geag om die „regeering van Doppers" ŉ genadeslag toe te dien[89]. Hy trek gevolglik ŉ mag van tussen 500 en 600 man in Potchefstroom saam; beset die dorp, ontslaan alle amptenare en vervang hulle met ander.

Paul Kruger wat op die punt gestaan het om met 150 man na Wakkerstroom te vertrek, is gevolglik gelas om dadelik na Potchefstroom te gaan. Terwyl hy daar tevergeefs onderhandel het om bloedvergieting te probeer voorkom, is ŉ deel van sy leërmag op verraderlike wyse gevange geneem. Toe hy tot oormaat van ramp ook verneem dat die mag van Viljoen tot 900 man aangegroei het, dat versterkings vir hom afgesny is en dat sy laer die nag omsingel sou word, was die moreel van Kruger se mag verbreek. Hy stuur gevolglik sy burgers huis

---

86. R3653/60: Kmdt. Viljoen aan pres. M.W. Pretorius, d.d. 26 Maart 1860.

87. Vgl. Van Dyk: Op. cit., p. 92.

88. Meer besonderhede oor die grenskwessie word gevind in Van Jaarsveld: Op. cit., p. 307.

89. Vgl. Van Jaarsveld: Op. cit., p. 308.

toe en verdwyn self na die Vrystaat[90].

Viljoen trek daarop na Pretoria en roep almal op om hulle rustig te gedra. Toe hy in Pretoria aankom, het die regering van Van Rensburg reeds na Rustenburg gevlug, waar hulle met teenmaatreëls besig was, waarop Viljoen hom ook daarheen begeef.

Kruger wat intussen na Rustenburg teruggekeer het, het daar ŉ mag van 800 man aangetref wat hulle onder sy leiding geskaar het. Op sy beurt ruk hy toe weer op na Pretoria. Onderweg daarheen ontmoet hy die Volkslaer in die omgewing van die Krokodilrivier.

In die skermutseling wat daar plaasgevind het, is die kommando van Viljoen met ernstige lewensverlies verslaan. Kruger het egter geweier om sy oorwinning op te volg en nog meer bloed te vergiet. Toe Pretorius self in die laer van Viljoen opdaag en vra om te onderhandel, was Kruger gevolglik dadelik daartoe bereid.

Op 15 Januarie 1864 is die volgende voorwaardes deur beide groepe aanvaar:

(i) ŉ Nuwe presidentsverkiesing sou plaasvind.

(ii) Die huidige regering sou aan bewind bly totdat ŉ nuwe president ingesweer is.

(iii) Alle punte van verskil sou deur ŉ spesiale geregshof beslis word[91].

Vir sy aandeel in die stryd is kmdt. Viljoen beveel om voor ŉ buitengewone hof te verskyn omdat bevind is dat nóg die staat nóg die kerk sy hulp ingeroep het en hy nie sy ontevredenheid langs die wettige kanale aanhangig gemaak het nie. Van die hof het egter niks tereg gekom nie aangesien geeneen van die uitgenooide persone uit Natal en die Vrystaat bereid was om as regters op te tree nie[92]. Op 4 Mei 1864 het die Uitvoerende Raad toe besluit om alle strafmaatreëls ter syde te stel. Hierdie besluit is uit alle oorde verwelkom omdat besef is dat die staat ten gronde gaan deur die

---

90. Ibid, p. 309.

91. Van Oordt: Op. cit., pp. 113 - 116.

92. Kyk Van Dyk: Op. cit., p. 97.

broedertwiste. Om die saak verder te voer sou die groepe nie nader aan mekaar bring nie en daar was belangriker sake wat die aandag vereis het[93].

In Mei 1864 is Pretorius weer tot president verkies nadat hy as president van die Vrystaat bedank het. Daarmee was die felle konstitusionele stryd wat op burgertwiste uitgeloop het, vir goed beëindig.

Marico se aandeel in die stryd het gespruit uit die lojaliteit wat reeds teenoor Andries Pretorius betoon is en wat na sy dood op sy seun, M.W. Pretorius, oorgegaan het. Hulle optrede is verder aangevuur deur die kerkstryd wat deur Viljoen die Gereformeerdes en Lydenburgers ten laste gelê is. Die gevolg van die „scheuring der Kerk"[94] kon volgens Viljoen op 'n godsdiensoorlog uitloop, wat vir hom die verskrikliksto van alle rampe was wat 'n land kon tref. Daarom dat hy, toe die geleentheid daartoe vir hom gekom het, Pretorius weer ferm aan die roer van sake wou stel, sodat hy (Pretorius) die geleentheid kon kry op die breuk weer te heel.
Later toe Paul Kruger staatspresident was, het die gevoel wat daar in die sestigerjare teen hom in Marico was, 'n ommeswaai ondergaan en was Marico oor die algemeen Krugergesind. So het pres. Kruger byvoorbeeld in die verkiesing van 1893 380 stemme gekry teenoor die 290 van Piet Joubert[95]. Met die verkiesing van 1898 het Kruger ook die meerderheidstem gekry en is die mening uitgespreek dat as dit in al die distrikte gaan soos in Marico, Kruger 'n oorweldigende meerderheid sou behaal[96].

---

93. Ibid, pp. 99 - 100.

94. R 2663/59: J. Viljoen aan M.W. Pretorius, d.d. Marico, 15 Maart 1859.

95. <u>De Volksstem</u>, 17 Jan. 1893.

96. <u>De Volksstem</u>, 15 Jan. 1898.

Hierdie veranderde houding teenoor Paul Kruger toon dus duidelik aan dat die ou geskille uit die weg geruim is en dat die bewoners van die Suid-Afrikaanse Republiek in 'n groot mate verenig gestaan het agter hulle leier wat die simbool geword het van die Afrikaner se vryheidstryd teen die Britse imperialisme.

5. Bestaansbronne

Uit die aard van omstandighede is die Blankes, in stryd met hulle indiwidualistiese geaardheid, in die beginjare gedwing om in groepies naby mekaar te woon. Vanweë die vyandige houding van die Bantoes wat in die Blanke 'n indringer op hulle grondgebied gesien het, moes die Blanke pioniers gedurig met die geweer in die hand op die uitkyk wees. Voortspruitend hieruit het die boere geen Bantoe-arbeid tot hulle beskikking gehad nie en was hulle ook in hierdie opsig op mekaar se hulp aangewese.

Gesamentlik is o.a. die volgende bedrywe beoefen: steen- en wamakery, planke saag en verwerk vir boudoeleindes, meubelmakery, die uithaal van watervore en die aanlê van lande en boorde.

a. Boerdery

As uiteindelike bestemming van die meeste Trekkers het Transvaal die tradisionele boerderystelsel van die 18de en 19de eeu geërf. Dit was 'n kenmerk van die Trekker dat hy sy boerdery feitlik saam met hom op trek geneem het. Die boerdery van die Kaapse grensdistrikte het gevolglik ver in die binneland herleef. Uit die aard van die saak moes die Trekker voor die aanvang van die Groot Trek sy vaste eiendom en moeilik vervoerbare besittings verkoop. Sy vee het hy egter met hom saamgeneem, want daarmee moes hy sy gesin voed en sy toekomstige boerdery weer opbou.

Dit is dus vanselfsprekend dat veeboerdery in die beginjare die hoofsaak sou wees, hoewel die landbou vanselfsprekend ook aandag geniet het omdat die Blankes nie net nomadiese veeboere wou wees nie.

Vir eie brood is dus ook voorsiening gemaak. Tog wil dit vóórkom of akkerbou in die pionierjare as 'n plaaslike bedrywigheid sonder veel vooruitsigte beoefen is. Gevolglik is

dit bloot as ŉ aanvulling by die veeteelt beskou[97]. Die feit dat aan elke boer die reg gegee is om twee plase te besit, waarvan een gewoonlik ŉ saaiplaas en die ander ŉ veeplaas was, bewys egter ongetwyfeld dat die akkerbou en veeteelt albei wesentlike elemente van die boerdery was[98].

(i) Die stelsel van grondbesit

By die vestiging van die Blankes in Transvaal is elke manlike persoon wat ouer as sestien jaar was, toegelaat om by die owerheid aansoek te doen om die besit van twee plase wat hyself kon uitsoek en wat dan in ŉ register aangeteken is. Die grootte van die plase is bepaal deur die grond „een uur gaans over kruis" te perd (stapvoets) af te ry en dit mag nie langwerpiger as ŉ driekwartier in breedte wees nie[99]. So ŉ plaas was dan naastenby 3 000 morge groot[100].

By die afbakening en opmeting van die plase was daar in die beginjare ŉ groot gebrek aan doeltreffendheid wat tot groot verwarring en twiste aanleiding gegee het. Van die vernaamste oorsake wat hiertoe gelei het, was weiveld en waterregte[101]. So kla die Landdros van Potchefstroom, H. Lombard, in Sept. 1849 bv. by die Volksraad dat A. Stander willens en wetens van sy plaas besit geneem het en daarop met sy boerdery aangaan. Blykbaar het ander hulle ook aan dieselfde misdryf skuldig gemaak, want die landdros verklaar verder dat as die Volksraad nie ŉ skikking tref nie, daar bloed sal vloei aangesien eienaars van plase met wapens gedreig word. Hy (die

---

97. Vgl. Pelzer: Op. cit., pp. 10 - 11.

98. Vgl. Naude, P.: Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 - 1899 (ongepubliseerde D. Litt-verhandeling, Univ. van S.A., 1954), pp. 18 - 23.

99. Instructien voor de inspecteurs van plaatsen, 1 Febr. 1861 (Jeppe: Op. cit., p. 145), en vgl. ook Potgieter: F.J. Op. cit., pp. 139 - 141.

100. Vir volledige besonderhede vgl. Van Jaarsveld, F.A.: Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870 (Agj., 1950, dl. II, pp. 246 - 249.)

101. Naude: Op. cit., pp. 85 - 91.

landdros) het ook verneem dat ŉ koeël deur sy wa geskiet sou word as hy dit op sy plaas sou waag[102].

Klagtes oor die ongesonde toestand het verskeie kere in Marico voorgekom. So vra M.G. Potgieter op die sitting van die Volksraad van 21 Mei 1850 sy plaas wat van hom weggeneem is, terug. Die rede waarom die plaas weggeneem was, was omdat dit nie op die regte naam aangeteken was nie[103]. Op die sitting van 5 Mei 1851 kla P.H. Steyn weer oor sy plaas wat deur ene J. Grobler bewoon is[104] en in Junie 1855 vra J.M. Meyer dat die saak in verband met die terugneem van sy plaas weer ondersoek moes word. Hierop het die Volksraad, om ŉ einde aan al die verwarring te maak, besluit dat die Landdros van Potchefstroom ŉ kommissie na Marico moes afvaardig om die saak van J.M. Meyer na te gaan en tegelykertyd ook alle ander plaasprobleme te ondersoek en op te los.

Hierdie probleme is mettertyd voorkom deur die instruksies aan inspeksiekomitees van tyd tot tyd te hersien en doeltreffender te maak. So is byvoorbeeld besluit dat vanaf 29 Sept. 1875 die landdros van elke distrik die voorsitter moet wees van die inspeksiekommissie in sy distrik en dat die kommissie vergesel moet wees van ŉ Regeringslandmeter[105].

(ii) Veeteelt

Veeboerdery is in Marico bepaal deur die streek waarin geboer is. Die hoërliggende dele in die suide van die gebied was uitnemend geskik vir skaapboerdery[106]. Vdkt. D. Coetzee wat in die gebied geboer het, was in die beginjare van Blanke vestiging een van die welvarendste skaapboere. Hy het ŉ kudde van 1 500 gehad[107]. Hoewel die omgewing van die hui-

---

102. Landdros H.St. Lombard aan die Volksraad, d.d. Potchefstroom, 6 Sept. 1849 (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. I, bylaag 14, p. 282).

103. M.G. Potgieter aan die Volksraad, d.d. 21 Mei 1850 (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. I, art. II, p. 126).

104. P.H. Steyn aan die Volksraad, d.d. 5 Mei 1851 (S.A. Argiefstukke, Tvl, dl. II, art. 23, p. 27).

105. De Staatscourant, 29 Sept. 1875.

106. De Volksstem, 19 Sept. 1873.

107. Vgl. Pelzer: Op. cit., pp. 138 - 139.

dige Swartruggens ꞌn wyk van Rustenburg was, het dit aan Marico gegrens en sou toestande in die twee gebiede in sekere opsigte dieselfde wees. Uit die klagte van „proficie veldkornet" P. van der Walt van Swartruggens dat van J. Combrinck en C. Meyer 750 stuks kleinvee gesteel is[108], kan afgelei word dat ook in die middelveldgedeelte heelwat kleinvee aangehou is.

Perde is natuurlik oral aangetref, maar in Marico was die perdesiekte ꞌn baie algemene verskynsel. Party jare was dit selfs so straf dat gesoute perde daaraan gevrek het[109]. Dit is vanselfsprekend dat ꞌn gesoute perd in daardie dae ꞌn kosbare besit was. Nie alleen was die perd vir ꞌn veeboer noodsaaklik nie, maar in tye van oorlog was dit ꞌn absolute vereiste. In die Maricogebied was ꞌn gesoute perd egter ook onmisbaar vir die grootwildjagters wat elke jaar die onbekende en gevaarvolle binneland binnegetrek het.

Die vernaamste veeboerdery was natuurlik beesboerdery, want die hele Maricogebied was geskik daarvoor[110]. Dat die boere in Marico baie beeste besit het, blyk o.a. uit die hierbo vermelde klag van vdkt. P. van der Walt[111] dat benewens die kleinvee ook 500 beeste van die twee betrokke boere gesteel is, terwyl in die runderpes in Marico 70 000 stuks vee dood en nog 6 000 afgemaak is[112].

Soos uit die voorafgaande blyk was beesboerdery aan ernstige terugslae onderworpe. Telkemale het berigte verskyn oor langdurige droogtes wat vrekte onder die vee tot gevolg gehad het, o.a. in 1885[113]. In 1896 is, benewens die runder-

108. Notule van die Krygsraadsvergadering, d.d. Rustenburg, 8 Junie 1854 (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. III, bylaag 33, p. 270).

109. De Volksstem, 14 Maart 1883.

110. Cachet: Op. cit., p. 384.

111. Vgl. voetnoot 108 hierbo.

112. R2433/96: Algemene opgawe van vee wat in die Transvaal aan runderpes dood is, of van kant gemaak moes word.

113. De Volksstem, 28 Sept. 1885.

pes, toestande in die distrik nog hagliker gemaak deur die kwaai hitte en so 'n langdurige droogte dat die Klein-Marico wou gaan staan en baie spruite reeds droog was[114]. Tot oormaat van ramp is die weiding dikwels verteer deur groot swerms sprinkane.

Die veetroppe was ook aan ernstige veesiektes onderworpe. Behalwe gewone siektes soos hartwater, was longsiekte een van die vernaamste en mees gevreesde siektes wat die veestapels periodiek uitgedun het[115]. Om die rede het sommige boere Marico mettertyd verlaat en na gesonder streke verhuis[116].

Die grootste terugslag wat die beesboere in Marico, soos ook in ander distrikte, getref het, was die runderpes, wat, volgens 'n berig in De Volksstem van 4 April 1896 eerste in dié streek by Linokanalokasie uitgebreek het. Ten spyte van beheermaatreëls deur die owerheid het die runderpes tog spoedig hierna aan die Maricorivier uitgebreek[117].

Vir die boere het 'n donker tyd aangebreek. Die veeverliese was so ontsettend hoog dat baie boere al hulle vee verloor het[118]. In die distrik het oor die 70 000 beeste gevrek, terwyl nog 'n verdere 6 000 as voorsorgmaatreël doodgemaak is[119]. So erg was die vrekte in die wyk Bosveld dat vdkt. P.D. Swart op 15 Maart 1898 gerapporteer het dat 'n skut in sy wyk nie nodig is nie, omdat daar as gevolg van die

---

114. Vgl. De Volksstem, 7 Nov. 1896.

115. Vader van die skrywer van hierdie verhandeling het dikwels vertel hoe bedag die boere op longsiekte was. As 'n bees gehoes het, is hy dadelik na die middel van die land geneem waar hy op lyn geslaan is. Hierdie afsondering het voortgeduur totdat sekerheid verkry is of die bees longsiekte het of nie. Tydens uitbrekings is beeste aan hulle sterte geënt met 'n stukkie long van 'n siek bees. Die gevolg was dat baie van die beeste se sterte afgeval en 'n groot persentasie van die trop stompsterte gehad het.

116. Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in Marico, p. 25.

117. De Volksstem, 18 April 1896.

118. De Volksstem, 7 Nov. 1896.

119. Vgl. Voetnoot 112 hierbo.

runderpes geen vee was nie[120]. Aangesien baie boere 'n bestaan uit transportry gemaak het, het hulle benewens die veeverliese ook geen kontantinkomste meer gehad nie en het hongersnood ingetree[121]. Ook die lemoenoes kon gevolglik nie na die mark vervoer word nie, wat verder bygedra het tot die verslegting van die posisie van die boere.

Selfs nadat die runderpes verby was, het daar nog nie 'n einde aan die rampe gekom nie. 'n Ernstige droogte en 'n sprinkaanplaag moes ook nog verduur word. Treffend is die toestand weergegee in die volgende woorde waarin duidelik 'n wanhoopskreet gehoor word: „Het schone, vruchtbare district Marico dreigt voor jaren achteruit te gaan"[122].

Só ernstig was die toestand dat vir die geteisterde gebiede regeringshulp aangevra is in die vorm van mielies en meel, waarop die regering besluit het om 200 sakke meel te stuur[123]. Toe moes daar egter weer spesiale reëlings getref word vir die verspreiding daarvan omdat die boere nie trekvee gehad het nie[124].

(iii) Landbou

Op landbougebied het Marico alreeds in die eerste paar jare na die vestiging van die Blankes 'n gunstige indruk op besoekers gemaak. Met sy besoek aan die Transvaal in 1851 - 1852 het Sanderson groot en waardevolle plase in Marico aangetref. Lemoene, suurlemoene, granate, vye en druiwe was toe

---

120. R 8219/98: Rapport van vdkt. P.D. Swart aan Volksraad, d.d. 15 Maart 1898.

121. Vgl. De Volksstem, 3 Okt. 1896.

122. Ibid.

123. U.R.B., art. 796, 14 Sept 1896.

124. De Volksstem, 3 Okt. 1896.

alreeds aangeplant. Perskes was so volop dat die varke daarmee gevoer is. Van die vye, druiwe en perskes is vanaf die vroegste jare brandewyn gestook, "a very coarse fiery spirit", met die naam "Cape Smoke". Van die vrugte is ook gedroog en van die druiwe rosyne gemaak. In die proses is van asbos gebruik gemaak, wat ook nuttig gebruik is wanneer seep gekook moes word[125].

Na sy besoek aan die gebied in 1852 het ds. J.H. Neethling geskryf dat die gebied geskik is vir landbou en veeteelt. Die boere het ook verskillende vrugtebome, o.a. lemoenbome, geplant en hy het verneem dat van die vrugte na Bloemfontein en ander plekke gestuur word[126]. Ds. Cachet was selfs die mening toegedaan dat tropiese gewasse soos koffie en suiker op sekere plase met groter sukses gekweek kon word as in die Rustenburgse gebied[127].

Alle soorte graan het in die gebied geaard en veral die hoëveldse gedeelte met sy koel en vrugbare grond was uiters geskik vir mielies en kafferkoring. Geen wonder nie dat die verwagting gekoester is dat Marico die rykste distrik kon word as gevolg van sy vrugbare grond, baie strome en fonteine[128].

In die Staatsalmanakke vanaf 1894 word in dieselfde trant oor die moontlikhede van Marico geskryf. Hiervolgens is die distrik goed vir landbou en veral die wyk Bosveld baie goed vir veeteelt. Die distrik het toe die volgende produkte gelewer: koring, hawer, gars, mielies, ertappels en omtrent elke soort vrugte en groente. Die mening word ook gehuldig

---

125. Vgl. Sanderson, J.: Memoranda of a trading trip into the Orange River (Sovereignty) Free State, and the Country of the Transvaal Coers 1851 - 1852. (In: Shaw, N.(Red): The Journal of the Royal Geographical Society, vol. 30 (John Murray, London, 1860), p. 126).

126. Vgl. Spoelstra, C.: Op. cit., p. 126.

127. Cachet: Op. cit., p. 384.

128. De Volksstem, 12 Junie 1875.

dat as die distrik met sy pragtige saailande, wievelde en oorvloed water behoorlik bewerk kon word, dit die rykste streek in die hele Republiek sou word[129].

Ten spyte van die vooruitsigte het die gebied tog 'n lang tyd finansieel nie floreer nie vanweë 'n gebrek aan 'n mark. Eers na die ontdekking van diamante in 1866 naby Hopetown is so 'n mark geskep en het Marico op landbougebied aan die verwagtings voldoen[130]. Hierdie mark is later aangevul deur die markte wat die ontginning van goud op die Witwatersrand meegebring het. Goeie pryse is toe vir die produkte betaal.

Die landbou was egter ook onderhewig aan ernstige terugslae[131]. Baie kere het knellende droogtes geheers wat die oeste swaar getref het. Die sprinkane het dikwels nie net die weiveld verteer nie, maar ook die gesaaides en selfs die lemoenboorde het swaar deurgeloop[132]. Verder het ontydige koues soms groot skades aangerig, byvoorbeeld in 1885 toe baie lemoenbome gevrek het en die koring op die lande so beskadig is dat dit weer uit die grond moes uitloop[133]. Die oeste was dan swak, sodat hoë pryse vir graan betaal moes word. In 1873 byvoorbeeld is na 'n swak graanoes vanweë die sprinkaanplaag tot £2 (R4,00) vir koring en £1/5 (R2,50) vir mielies betaal[134].

Hoewel die runderpes in 1896 ook die landbou tydelik swaar getref het omdat die produkte nie elders bemark kon word nie, het dit tog veroorsaak dat akkerbou toegeneem het. Dit het uiteindelik tot die voordeel van die distrik gestrek omdat dit tot intensiewer landboumetodes gelei het[135].

---

129. Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor 1894. (Staatsdrukker, Pretoria, 1893), p. 276.

130. Vgl. Cachet: Op. cit., p. 384.

131. Vgl. hiermee ook die probleme waarmee die beesboere te kampe gehad het.

132. De Volksstem, 13 April 1897.

133. De Volksstem, 28 Sept. 1885.

134. De Volksstem, 4 Sept. 1873.

135. De Volksstem, 23 Maart 1898.

b. Jag

Reeds voor die koms van die Blankes was Marico by jagters bekend vir sy groot troppe wild en die groot wildverskeidenheid. So beskryf die bekende grootwildjagter uit daardie tyd, W.C. Harris, dat hy benewens baie wildsoorte ook swartrenosters, kameelperde, buffels en meer in die rigting van die Magaliesberg ook tekens van olifante aangetref het[136].

Tydens die strafekspedisies teen Silkaats het die burgers ondervind dat die streek 'n uitstekende jaggebied is vir klein- en grootwild. Baie van hulle sou later terugkeer om daar te gaan jag. So het die eerste trekke van J.W. Viljoen, Hans Terblanche en Ockert Oosthuizen by hulle aankoms in Marico in Okt. 1848 tot hulle verrassing vir Daniël van Vuuren die vader van Sophia Oosthuizen, op 'n buffeljag daar aangetref[137].

In die eerste jare na die vestiging van die Blankes toe die landbou nog nie gevestig was nie, was die jag 'n vername voedselbron. Selfs ook diegene wat 'n bestaan gevind het in beesboerdery, het hulle inkomste aangevul deur jagtogte te onderneem[138]. Deur die jag was hulle in die gelukkige posisie om handelsartikels te kon aanbied wat die suide nie kon lewer nie, nl. ivoor, horings, huide, karosse, gelooide velle, sole, rieme, swepe, sambokke, ens. waarmee hulle baie handelaars na die verafgeleë gebied gelok het. Hoewel sommige jagters tog soms self hulle produkte na die Kaapkolonie of Natal geneem het[139].

---

136. Harris: Op. cit., pp. 153 - 182.

137. Vgl. Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in Marico, p. 2.

138. R1458/57: J. Viljoen aan pres. M.W. Pretorius, d.d. 15 April 1857.

139. Vgl. Sanderson: Op. cit., p. 247.

Die jagtogte het as ꞌn bron van inkomste aan sommige rykdom gebring, aan andere armoede, maar aan almal ontberings. Dit het egter nie verhoed dat daar mettertyd ꞌn jagtersgemeenskap wat die jag hulle enigste beroep gemaak het, ontstaan het nie. Met veiligheid kan beweer word dat benewens die professionele jagters elke manlike Blanke in die vroeë jare ꞌn jagter was - nie net ter wille van die inkomste nie, maar ook ter wille van die ontspanning daaraan verbonde en vir die mindergegoede ook as ꞌn ryke voedselbron.

Die persoon wat in Marico die meeste bekendheid as groot wildjagter verwerf het, was Jan Viljoen. Hierdie vermaerde jagter het reeds in 1841 tot in Rhodesië deurgedring en volgens oorlewering het hy in 1851 saam met Piet Jacobs, C. Engelbrecht en C. Pretorius op ꞌn olifantjag sover noordwaarts gegaan as die huidige Victoria waterval; d.w.s. vier jaar voor dr. Livingstone. Aangetrek deur hierdie natuurwonder was hy in 1853 en 1854 vergesel van nog meer jagters, weer daar[140]. Nadat Viljoen tot veldkornet en later tot kommandant verkies is, kon hy nie meer na willekeur vir onbepaalde tye na die jagveld gaan nie en moes hy verlof daarvoor aanvra. Byvoorbeeld in 1857 vra hy verlof vir drie maande om op ꞌn jagtog te gaan[141] en ook in 1861 was hy weer op ꞌn olifantjag tot by Silkaats[142].

Die mans het nie altyd alleen na die jagveld gegaan nie, maar dikwels het hulle hul hele gesin saamgeneem. Omdat die jagveld koorswêreld was, moes die vroue en kinders soms groot ontberings verduur. So is bv. in 1873 berig dat verskeie jagters asook vroue en kinders in die Tati-jagvelde aan die koors oorlede is[143].

---

140. <u>Die Zeerustse Eeufees-gedenkboek</u>, 1867 - 1967, p. 4.

141. R1458/57: J. Viljoen aan pres. M.W. Pretorius, d.d. 15 April 1857.

142. R4886/61: Kmdt. Viljoen aan wnd. kmdt.-genl. S. Schoeman, d.d. 28 Des. 1861.

143. <u>De Volksstem</u>, 3 Okt. 1873.

Die gereelde jagtogte het vir die staat baie probleme veroorsaak. Die amptenare en offisiere het dit veral gedurende die wintermaande moeilik gevind om hulle opdragte behoorlik uit te voer omdat so baie mans wat in die jagveld was, dan nie in die hande gekry kon word nie. Sommige het ook op die wyse doelbewus probeer om hulle diensplig vry te spring en dit op andere af te skuif[144].

'n Ander euwel wat uit die onbeheerde jagtogte voortgespruit het, was die grootskaalse uitroeiing van wild. Aangesien dit een van die pligte van die veldkornette was om daarteen te waak, het vdkt. D.J. Coetzee in Oktober 1867 geprotesteer teen die onverantwoordelike wyse waarop sommige jagters die wild uitgeroei het. In sy protes het hy gemeld dat een jagter van twintig tot sestig stuks grootwild geskiet het, waarvan net die velle verwyder en die karkasse onbenut laat lê is. Hy het verder te velde getrek teen jagters wat op ander se plase oortree en die eienaars wat gaan kla, bedreig. Hiermee het hy die eerste persoon geword wat hom beywer het vir wildbeskerming. Hy het gepleit vir beheer oor die hoeveelheid wild wat per jagter geskiet mag word en was van mening dat agt stuks wild per jagwa voldoende sou wees[145].

In 1873 is ook uit die omgewing van Lichtenburg klagtes ontvang oor die moedswillige uitroeiing van die wild en word op groot boetes as straf aangedring. Daar is ook gekla oor persone wat eerder gaan jag het as om hulle grond behoorlik te bewerk[146]. Van toe af het daar ook gereeld in De Volksstem kennisgewings verskyn waarin plaaseienaars kennis gee dat jag op hulle plase verbode is.

Die regering het nie onverskillig teenoor die klagtes gestaan nie en in 1858, 1869, 1870 en 1874 is wette aanvaar

---

144. Vgl. R819/65: D.J. Coetzee aan pres. M.W. Pretorius, d.d. 21 Julie 1865. En R710/67: Kmdt. J. Viljoen aan Goewermentsekretaris, d.d. 6 Julie 1867.

145. R1067/67: D.J. Coetzee aan pres. M.W. Pretorius, d.d. 17 Okt. 1867.

146. De Volksstem, 19 Sept. 1873.

waardeur o.a. jagseisoene ingestel is, asook beheer oor die hoeveelheid wild wat geskiet mag word[147]. Ook is 'n begin gemaak om jagopsieners aan te stel[148].

## 6. Samevatting

Ten spyte van die periodieke terugslae wat hulle ondervind het as gevolg waarvan sommige Blankes weer die gebied verlaat het, het die bewoners van Marico soos ware pioniers die gebied getem en bewoonbaar gemaak. In hierdie stryd om 'n menswaardige en rustige bestaan het hulle in soverre die lewenshouding van daardie tyd hulle toegelaat het die potensialiteite wat die streek hulle gebied het na die beste van hulle vermoeë probeer eksplóiteer. Daar was egter ander probleme wat van buite op hulle afgedwing is of wat deur eie behoeftes geskep is, waardeur hulle voortbestaan ernstig bedreig en hulle materiële welvaart lank vertraag is, soos in die volgende hoofstuk uiteengesit sal word.

---

147. V.R.B., art. 26, d.d. 22 Sept. 1858.

148. V.R.B., art. 178, d.d. 13 Junie 1870.

## H o o f s t u k III

### VESTIGINGS- EN BESTAANSPROBLEME

In die binneland moes die Blankes die selfstandige en afgesonderde lewe van die grensboer wat in die Kaapkolonie in die 18de eeu ontwikkel het, voortsit. Hierdie lewenswyse het by elke boer eienskappe laat ontwikkel soos uithouvermoë, beslistheid en selfstandigheid. Tesame met die feit dat elkeen 'n selfgenoegsame bestaan gevoer het, het dit veroorsaak dat elke boer veelsydig was. Hy was nie alleen veeteler, landbouer en jagter nie, maar ook vaardig in allerlei soorte handwerk. Hy was messelaar, steenmaker, timmerman, rietdekker, smid, wamaker, leerlooier en skoenmaker[1]. Hierdie onafhanklike bestaanswyse asook die noodsaaklikheid van waterbronne en goeie weiding het daartoe gelei dat elke boer verkies het om so ver weg van sy buurman te woon dat hy nie sy skoorsteenrook kon sien nie.

Met die vestiging van die Blankes in Marico is hulle egter gedwing om in die beginjare bymekaar te woon. Aanvanklike probleme wat die groepering genoodsaak het, was hoofsaaklik die vyandige houding van die Bantoes wat na die verdrywing van Silkaats na hulle ou woongebiede teruggekeer het.

#### 1. Arbeidsprobleme

Vanweë die gebrek aan Nie-Blanke arbeiders in die vestigingsjare was die boer grootliks op die kragte van sy eie gesin en die hulp van sy bure aangewese. Al die kinders moes in die boerdery help terwyl die groter seuns ook kommandodiens moes doen. Hierdeur is nie net die boerdery bemoeilik nie, maar het die onderwys van die kinders veral daardeur agterweë gebly, aangesien daar in die pioniersjare op die plase geen sprake van georganiseerde onderwys kon wees nie.

Een van die maniere waarop probeer is om die arbeidstekort te verminder, was om minderjarige Nie-Blanke weeskinders wat onversorg was, by goedgekeurde boere in te boek. Dit het geskied na die Engelse voorbeeld wat deur die Voortrekkers uit die Kolonie meegebring is[2].

---

1. Viljoen, S.P.du T.: Die Boerestate tot 1870 (In Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L.(Red): <u>Geskiedenis van Suid-Afrika</u>, dl. II, . Nas. Boekhandel, Kaapstad, 1951, p. 217).

2. Ibid, p. 214.

Gevalle van inboeking is ook in Marico bekend. Twee kleurlingkinders, Saul en Opraap, is by vdkt. H.P. Beukes van Rietvlei tot hulle mondigwording onder voogdyskap geplaas, tensy hulle ouers hulle binne ses weke sou kom opvorder[3]. Ook by kmdt. J.W. Viljoen is kinders ingeboek terwyl verder melding gemaak word van ꞌn sekere agtjarige Adonis wat onder voogdyskap geplaas sou word as sy ouers hom nie kom haal of onderhou nie[4].

Hierdie stelsel was egter ꞌn gevaarlike wapen in die hande van die vyande van die Republiek en is gebruik om die Boere van slawerny te beskuldig. Met die Secheli-ekspedisie het daar ook gebeure plaasgevind wat die inboekstelsel onder ernstige bespreking gebring het. Tussen 200 en 300 Bantoevroue en -kinders is nadat Secheli[5] gevlug het, gevangegeneem omdat gemeen is dat Secheli om vrede sou kom vra as die vroue en kinders gevange gehou word. Die meeste het egter na ꞌn kort tydjie van aanhouding ontsnap of is toegelaat om terug te keer. Slegs ꞌn paar kinders het agtergebly wat by verskillende persone ingeboek is. Hierdie gebeure is deur die Engelse sendelinge aangegryp om die Boere van slawerny te beskuldig. Eerw. Edwards het hieroor o.a. die volgende geskryf: „If some Power do not interfere, either from policy or humanity, the ruin and slavery of the native tribes will inevitably follow at no distant period." [6]

Om alle moontlike wanpraktyke en beskuldigings te voorkom het die regering in die begin van 1866 al die inboekwette hersien en bepaal dat persone by wie Nie-Blanke weeskinders bly in die toekoms as voogde beskou sou word. Die regering sou die „toeziende voog" wees en streng toesien dat die ingeboektes nie oorgeboek word nie, tensy die voog sterf. In-

---

3. V.R.B., art. 423, d.d. 16 Maart 1866.

4. De Staatscourant, 11 Nov. 1879: Goewermentskennisgewing no. 161.

5. Secheli se naam is in die verskillende dokumente op verskeie maniere gespel, bv.: Setsjeli, Segela, Segeli, en Segeel. In navolging van die meeste navorsers word in die verhandeling die spelling Secheli gebruik.

6. Aangehaal uit die Missionary Journal, d.d. 19 Mei 1852 deur Theal, G.McC: History of South Africa since Sept. 1795, vol. III (Unwin & Allen, . London, 1915) pp. 387 -388.

dien dit gebeur, moes die kinders onder die toesig van die voogdes of erfgename kom, of as daar nie erfgename was nie, sou die regering self ŉ ander voog aanstel[7].

Hierdie stelsel het vanselfsprekend nie veel verligting ten opsigte van die arbeidstekort gebring nie; daarom moes arbeiders op ŉ ander wyse verkry word. Gevolglik is daadwerklike pogings aangewend om ŉ goeie verhouding tussen Blank en Nie-Blank teweeg te bring om sodoende die Bantoes deur goeie behandeling te trek om by die boere in diens te tree. Om te verseker dat die bediendes nie mishandel word nie, is die veldkornette in 1846 opdrag gegee om toe te sien dat die boere in hulle wyke nie die reg om die tug oor sy diensbodes uit te oefen, sou misbruik nie[8].

Ook die pasregulasies wat in die eerste plek uitgevaardig is om bandelose rondlopery en gevolglike misdaad uit te skakel, het die moontlikheid geskep dat meer arbeiders verkry kon word. In Mei 1850 het die Volksraad besluit dat die Bantoes wat hulle verhuur het, die wyksveldkornet daarvan moes kennis gee. Wanneer hy dan na ŉ ander distrik wou vertrek, moes hy ŉ bewys van die veldkornet en sy werkgewer verkry, wat dan by die volgende betrokke veldkornet getoon moes word.

Op 10 Okt. 1854 is verder besluit dat geen inboorling toegelaat sou word om sonder ŉ pas van sy diensheer rond te gaan nie. Sodoende is voorkom dat diensbodes hulle werkgewers kon verlaat voordat hulle dienstyd verstreke was[9].

Ook die besluit van die Volksraad om ŉ direkte belasting op die Bantoes te hef het op ŉ indirekte wyse daartoe bygedra om meer arbeid te verseker. Op 27 Jan. 1865 het veertig inwoners van die wyk Klein-Marico die Volksraad versoek om Bantoes wat in diens was, nie opgaaf te laat betaal nie. Hulle was selfs bereid om 10/- (R1) per jaar meer by te dra tot die voordeel van die regering as die Volksraad sou toestem

---

7. V.R.B., art. 423, 16 Maart 1866. Vgl. ook Huyser: Op. cit., p. 152.

8. Huyser: Op. cit., p. 163.

9. R696/54: Notule van die Krygsraad, d.d. 10 Okt. 1854. Vgl. ook Huyser: Op. cit., pp. 167 - 168.

om die Bantoes op die manier meer diensbaar te maak[10]. Toe die inboorlingwette in Julie 1866 in hersiening geneem is, het die Volksraad besluit om die probleme van die boere om arbeiders te verkry, in aanmerking te neem. Om die Bantoes aan te moedig om by die Blankes in diens te tree, is gevolglik bepaal dat elke burger geregtig sou wees om hoogstens vyf huisgesinne aan te hou wat vrygestel was van belasting. Hoewel hierdie vergunning later weer ingetrek is, is die beginsel weer toegepas in die wet van 1870 waarvolgens hutbelasting ingevorder sou word. Hiervolgens sou die Bantoes wat by Blankes in diens en op die plase woonagtig was, slegs 2/6 (25c))betaal en die wat in diens was maar nie op die plase gewoon het nie 5/- (50c);daarenteen sou diegene wat nie in diens was nie, 10/- (R1) betaal[11].

Of die arbeidsvraagstuk deur hierdie maatreëls opgelos is, kan nie sonder twyfel vasgestel word nie. Die feit dat die boere egter bereid was om self ʼn finansiële bydrae te maak as die regering bereid sou wees om diensbodes van opgaaf vry te stel, is wel ʼn duidelike aanduiding dat die beleid wel moes vrugte afgewerp het.

2. <u>Die Bantoeprobleem</u>

Die betreklik rustige lewe in Marico wat moontlik gemaak is deur die verdrywing van Silkaats, is in die vyftigerjare so ernstig ontwrig deur die vyandige optrede van die Bantoes dat baie van die bewoners ekonomies ernstig benadeel is. By tye was die gevaar so groot dat selfs van die Blankes in die gebied ernstig bedreig is[12].

Hierdie vyandige houding is enersyds die gevolg van die opvatting dat die Blankes die Bantoes uit hulle gebied verdring het en andersyds het dit voortgespruit uit die teenwoordigheid van Britse sendelinge wat die boere vyandiggesind was en die Bantoes teen hulle (die boere) opgesweep en van

---

10. R92/65: Memorie aan die Volksraad, d.d. 27 Jan. 1865.

11. Huyser: Op. cit., pp. 185 - 186.

12. As die inkomende stukke van die Staatsekretaris oor die betrokke tyd nagegaan word, is dit opmerklik hoeveel van die verslae van die veldkornette uit Marico oor die vyandige optrede van die Bantoes handel, wat op ʼn sterk gevoel van onveiligheid op die wesgrens dui.

wapens en ammunisie voorsien het. Gevolglik het van die stamme veral die Bakatlas onder Mosele, die Barolongs onder Montsiwa en die Bakwenas onder Secheli[13] hulle spoedig sterk genoeg gevoel om teen die Blankes in opstand te kom[14].

Vroeg in 1850 het die Volksraad n kommissie onder leiding van landdros H.S. Lombard na Marico gestuur om o.a. n skikking tussen die Blankes en die Bantoestamme te tref, die Bantoes te waarsku om die Blanke jagters nie te hinder nie en onder nadere goedkeuring van die Volksraad n plek vir n sendingstasie te bepaal[15].

Nadat die kommissie sy opdrag voltooi het, is gerapporteer dat bevredigende reëlings getref is met die drie kapteins, Maaghiel, Metzeliebe en Tawane. Verder is ook die verontrustende feit genoem dat twee Engelse offisiere met twee vaatjies kruit by die Malopo gesien is. Kommandant A.H. Stander is gevolglik gelas om die offisiere onmiddellik te gaan terughaal[16]. Die vinnige optrede beklemtoon weer eens die feit dat die aanwesigheid van sekere Britte in Bantoegebied nie bevorderlik was vir n goeie verhouding tussen Blank en Nie-Blank nie. Die wantroue in die Britte wat hulle tussen die Bantoes bevind het, blyk ook daaruit dat kmdt. Enslin aan die Volksraad gerapporteer het dat Secheli die Britte bevoordeel, terwyl hy brutaal is in sy optrede teenoor die boere. Enslin was ook van mening dat Secheli hom op oorlog voorberei omdat hy oor n groot voorraad kruit beskik het. Hierop het die Volksraad vier persone benoem om ondersoek in te stel hoe om die saak sonder bloedvergieting te besleg. Secheli en ander omliggende kapteins moes ook tot hulle plig gebring word om

---

13. Theal, G.McC.: Geschiedenis van Zuid-Afrika (T Maskew Miller, Kaapstad, s.j.), p. 428.

14. Theal, G.McC.: History of South Africa from 1795 to 1872 dl. III (G. Allen & Unwin Ltd., London 1916), p. 384.

15. V.R.B., art. 10, d.d. 23 Jan. 1850 (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. I, pp. 113 - 114). Die ander lede van die kommissie was: L.P. Badenhorst, T.C. Bester, J.C. Steyn, J.L. Pretorius en kmdt. J.A. Enslin.

16. Verslag van landdros Lombard aan Volksraad, d.d. 20 April 1850 (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. I, bylaag 8, pp. 315 - 316).

die ooreenkoms wat vroeër aangegaan is, na te kom[17].

Die feit dat wapens en ammunisie vryelik bekom kon word,[18] het aan die kapteins ŉ gevoel van eie mag gegee; daarom is dit geen wonder nie dat die onderhandelinge geen blywende oplossing gebied het nie. Dit was dan ook nie heeltemal onverwags nie toe sekere Bantoes so aanmatigend geword het dat hulle in die omgewing van die latere Swartruggens ŉ moord gepleeg het[19].

Die verhouding is in 1851 verder vertroebel toe daar tussen die Bantoes onderling wrywing ontstaan het. Dit sou die Blankes noodwendig ook daarby betrek. Op 5 Julie 1851 het kmdt.-genl. Enslin hom verplig gevoel om die Krygsraad op Zendelingspost byeen te roep om ondersoek in te stel na die moeilikhede tussen Mahoera, Gasibon en Montsiwa. Ook moes ŉ afvaardiging na Secheli gestuur word om van hom te eis om tot bevrediging van kmdt.-genl. Enslin met die Krygsraad ŉ ooreenkoms aan te gaan wat die veiligheid van die Blankes sou verseker[20].

Op 6 November het kmdt. Stander ook aan die Volksraad gerapporteer dat die twee Bantoekapteins, Lenzo en Mataleilo, aan wie grond aan Schoonspruit toegeken is, met hulle volgelinge uit vrees vir Mahoera na Marico op trek gegaan het. Op sy bevel om na hulle woongebied terug te keer het Mataleilo geweier en was kmdt. Stander genoodsaak om hom met die hulp van ŉ kommando te verplig om terug te keer. As vergoeding vir die burgers het hy van Mataleilo se beeste geneem[21].

---

17. V.R.B., art. 28, d.d. 23 Mei 1850(S.A. Argiefstukke,Tvl., dl. I, pp. 130 - 131). Die lede van hierdie kommissie was: G.J. Kruger, kommandant van Magaliesberg, kmdt. J.A. Enslin, vdkt. L. Breytenbach en D. Riekert, lg. drie van Marico.

18. R219/50: A.H. Stander aan A.W.J. Pretorius, d.d. 1 Aug. 1850.

19. R210/50: Fung.-genl. T.F. Dreyer aan A.W.J. Pretorius, d.d. 9 Mei 1850.

20. R294/51: Rapport van Kommissieraad onder voorsitterskap van J.C. Steyn, d.d. 5 Julie 1851.

21. R336/51: A.H. Stander aan A.W.J. Pretorius, d.d. 6 Nov. 1851.

In Desember van dieselfde jaar het die grenskwessie weer tot nuwe ontevredenheid onder die Bantoes aanleiding gegee. Montsiwa wat twee jaar lank goed met die Blankes oor die weg gekom het, het by Pretorius gekla dat die Blankes sy gebied binnegedring en besit geneem het van party van sy beste fonteine. Hierop het Pretorius 'n kommissie, bestaande uit kommandante Piet Scholtz en Andries Stander, twee veldkornette en tien burgers gestuur om met Montsiwa te onderhandel. Na die besprekings wat in 'n goeie gees verloop het, is op 'n lyn tussen die Blankes en Montsiwa ooreengekom, wat aan lg. agt plase en 'n addisionele fontein, Mooimeisiesfontein, laat toekom het. Hierdie reëling is deur Montsiwa met dankbaarheid aanvaar. Dit sou egter nie lank duur nie voordat hy onder die invloed van die Engelse sendelinge opnuut aanspraak sou maak op 'n veel groter gebied[22].

Die veldslae van Viervoet in Junie 1851 waarin die troepemag van maj. Warden met aansienlike verlies deur die Basoeto's verslaan is en die van Berea op 20 Des. 1852 waarin sir George Cathcart ook 'n neerlaag teen Mosjesj op die lyf geloop het[23], het tot noord van die Vaalrivier weerklank gevind en die onrus en opstandigheid onder die Bantoestamme laat toeneem. Op die wesgrens van die Transvaal was dit veral Moselele, kaptein van die Bakatlas, en Secheli, kaptein van die Kwenas wat by Kolobeng gevestig was, wat vir die veiligheid van die Blankes 'n ernstige bedreiging geword het. Veediefstalle het toegeneem en die bewoners van Marico moes in laers saamtrek. In die laers moes hulle baie ongerief en ontberings verduur as gevolg van die koors en aanhoudende reëns. Verder het dit ook groot finansiële verliese veroorsaak omdat die plase vir lang tye nie bewerk kon word nie. Geen wonder nie dat sommige van die bewoners die gebied wou verlaat[24].

---

22. R359/51: Kmdt. P.E. Scholtz aan A.W.J. Pretorius, d.d. 1 Des. 1851. Vgl. ook Theal, G.McC.: History of South Africa from 1795 to 1872, deel III, pp. 383 - 384.

23. Muller, C.F.J.: Die Groot Trek-tydperk, 1834 - 1854 (In Muller C.F.J.: (Red): Op. cit., pp. 152 - 153.

24. R413A/52: Kmdt. Scholtz aan Andries Pretorius, d.d. 21 Julie 1852. Vgl. ook J.C. Marneweck sr. aan die Volksraad, d.d. 8 Maart 1853. (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. II., bylaag 18, p. 390).

Die Bakatlas onder Moselele het hulle al hoe meer skuldig gemaak aan veediefstal en toe hy na verskeie waarskuwings gedagvaar is om voor die regering te verskyn om verantwoording te doen, het hy na Secheli gevlug vir beskerming[25]. Toe laasgenoemde gevra is om hom uit te lewer, het hy egter geweier en sy vyandigheid het so toegeneem dat 'n paar Blankes deur van sy kwaadwillige onderkapteins vermoor is[26]. Jagtogte uit Marico na die noorde het toe ook lewensgevaarlik geword[27].

Nadat Secheli van die naburige Bantoekapteins versoek het om hom by te staan in sy teëstand teen die Blankes, het die Volksraad aan kmdt.-genl. Pretorius opdrag gegee om te sorg dat die wet uitgevoer word. 'n Gesamentlike kommando van meer as 300 man is daarop uit die distrikte van Potchefstroom, Rustenburg en Marico onder bevel van kmdt. P.E. Scholtz in Augustus 1852 na Secheli gestuur om die uitlewering van Moselele te eis en indien Secheli weier, hom tot onderwerping te dwing[28].

Kommandant Scholtz het Montsiwa wat op eie versoek van arbeidsbelasting vrygestel en gevolglik onder dieselfde verpligtinge as die burgers geplaas is, beveel om twintig man tot die beskikking van die kommando te stel, maar vanweë allerhande ekskuse het niemand opgedaag nie.

In die veldtog het onderkaptein Cokkena die eerste aan die beurt gekom. Nadat hy verslaan is, is met hom vrede gesluit op voorwaarde dat hy hom rustig gedra[29]. Op hierdie tydstip het kmdt. Scholtz tyding ontvang dat Secheli en vyf omliggende kapteins hulle voorberei op gewapende verset; gevolglik het hy onmiddellik na Kolobeng vertrek waar hy die

---

25. Mouton, J.A.: Genl. Piet Joubert in die Transvaalse geskiedenis (Agj., 1957, dl. I., p. 292). Vgl. ook Huyser: Op. cit., p. 228.

26. R437/52: Anonieme brief aan kmdt. J.J. Jacobs, d.d. 8 Okt. 1852.

27. Herinnerings van Johanna P. Smit (geb. De Beer)(Preller: Voortrekkermense, dl. IV, pp. 113 - 114).

28. Theal, G.McC.: History of South Africa from 1795 to 1872 deel III, p. 396

29. Verslag van kmdt.-genl. A. Pretorius aan die Volksraad, d.d. 14 Maart 1853(S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. II, bylaag 41, p. 363)

28e Augustus aangekom het[30].

Kommandant Scholtz het herhaalde pogings aangewend om met Secheli te onderhandel om Moselele uit te lewer en tot vredesvoorwaardes te kom, maar Secheli het op 'n hooghartige wyse geweier en die kommando op 'n brutale wyse uitgetart. So het hy o.a. aan kmdt. Scholtz laat weet dat hy kruit by hom kon leen.

In die geveg wat onvermydelik moes volg, het die Bantoes hulle in die omliggende rantjies verskans en eers na 'n harde geveg van ses uur waarin ook van kanonvuur gebruik gemaak is, het die Boere die vyandelike stellings op een koppie na ingeneem. In die geveg het, aan Boerekant vier man gesneuwel en vyf is gewond, terwyl Secheli sy verlies op agt en negentig man dood gestel het.

Die volgende môre is 'n patrollie van 150 man onder vdkt. Paul Kruger uitgestuur om vas te stel of die Bakwenas nog in besit van die koppie was, maar hulle het dit verlate gevind. Al die krygers het gedurende die nag weggevlug en net die vroue, kinders en 'n klompie vee agtergelaat[31]. Hierop is die stat binnegegaan en aan die brand gesteek.

Kommandant P. Schutte is vervolgens met 'n patrollie na Secheli se ou stat ongeveer agt myl daarvandaan gestuur. Die sendeling Livingstone het ook hier gewoon maar is nie tuis gevind nie. Omdat daar egter gerugte in omloop was dat daar ammunisie in sy huis was, is dit oopgebreek en daarin is meer geweersmidsgereedskap en halfklaar gewere as Bybels gevind, sodat die plek meer na 'n wapenfabriek as 'n skool of kerk gelyk het[32].

Daarna het die kommando die tog terugwaarts begin met 3 000 beeste, 'n klomp kleinvee, elf perde, agt en veertig gebuite gewere, twee waens en die wapens en gereedskap wat in Livingstone se huis gevind is. Ongelukkig is ook tussen 200 en 300 vrouens en kinders as gevangenes weggevoer in 'n poging om Secheli te dwing om spoedig om vrede te kom onderhandel.

---

30. Theal, G.McC.: History of South Africa since Sept. 1795, vol. III, p. 380.

31. Ibid, p. 381.

32. Verslag van kmdt.-genl. A. Pretorius aan die Volksraad, d.d. 14 Maart 1853. (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. II, bylaag 41, pp. 363 - 366.

Hierdeur is die ekspedisie ongelukkig, soos reeds aangedui, in 'n slegte lig gestel deur die sendelinge, wat daarop uitgeloop het dat Edwards en Inglis deur 'n hof op Rustenburg uit die Republiek verban is[33].

Toe die kommando met hulle terugkeer naby Lotlakana was, het kmdt. Scholtz Montsiwa ontbied om verantwoording te doen vir sy weiering om die kommando te ondersteun. Montsiwa het egter besluit om liewer met sy volgelinge die Kalahari in te vlug as om voor kmdt. Scholtz te verskyn. Op 28 Sept. 1852 is Lotlakana op bevel van Montsiwa aan die brand gesteek.

Die sukses van die Basoeto's by Berea het hulle egter soveel moed gegee dat hulle weer teruggekeer het na hulle ou woongebied en nie lank daarna nie was hulle weer so besig om vee te steel en te plunder dat kmdt.-genl. Pretorius teen hulle moes optree. Spore van gesteelde vee het na die kraal van Montsiwa gelei en in die skermutseling wat daarop gevolg het, is verskeie boere gewond en 'n paar van die Barolongs gedood. Hierop het vdkt. Paul Kruger vir Montsiwa laat weet om hom te kom spreek, maar soos in die verlede, het hy weer met sy volgelinge verdwyn. Die daaropvolgende paar maande het hy uit die hande van die boere gebly totdat vdkt. Jan Viljoen op 14 Okt. 1853 'n ooreenkoms met hom gesluit het waardeur die ou grenslyn[34] wat deur kommandante Scholtz en Stander in oorleg met Montsiwa in 1852 vasgestel is, weer erken is. Ten spyte van die ooreenkoms het Montsiwa egter nie weer na Lotlakana teruggekeer nie, maar hom ten noorde van die Malopo in die gebied van die Ngwaketsestam gevestig[35].

Die ekspedisie teen Secheli het ten spyte van die oënskynlike sukses wat behaal is, tog nie in sy doel geslaag nie want Mosetele is nie gevang nie en Secheli, beskermer van al die boosdoeners en die grootste smokkelaar in gewere en

---

33. Sien voetnoot 5 hierbo. Vgl. ook Theal, G.McC.: History of South Africa since Sept. 1795, vol. III, pp. 402-404.

34. Theal, G.McC.: History of South Africa since Sept. 1795, vol. III, p. 373.

35. Huyser: Op. cit., pp. 60 - 61.

ammunisie,[36] se mag is ook nie gebreek nie. Die toestand van onrus en onveiligheid sou dus nog lank voortduur en die bewoners van Marico sou nog baie ontberings in die kliplaer op Kameeldoorn naby die teenswoordige Zeerust verduur.

Die koors wat as gevolg van oorvloedige reëns straf gewoed het, die aanhoudende veediefstalle en die gevoel van onveiligheid wat dit onmoontlik gemaak het om die plase te bewerk, het die laerbewoners twyfelmoedig gemaak en daartoe gelei dat hulle daaraan begin dink het om alles op te gee en na 'n veiliger oord te trek. Gevolglik is Pretorius versoek om daadwerklike hulp te verleen sodat die toestand beëindig kon word[37].

Om die toestand die hoof te bied het die Kommissieraad op 4 Okt. 1852 aan kmdt.-genl. Andries Pretorius opgedra om kmdt. Scholtz te gelas om op Secheli te spioeneer en so gou moontlik terug te rapporteer. In die tussentyd sou Pretorius probeer om soveel burgers as moontlik bymekaar te kry om by ontvangs van die rapport op te tree. Verder is aan Pretorius opgedra om 'n partrollie van ongeveer vyf en twintig man wat nie aan die vorige ekspedisie deelgeneem het nie, vanaf Schoonspruit na Marico te stuur om die laer by te staan solank die nood dit vereis het[38].

Tot gewapende optrede het dit egter nie gekom nie en die Blankes van Marico was verplig om in die laers te bly. Gevolglik het die toestande waaronder die mense nou al meer as twee jaar moes woon, so haglik geword dat hulle ongeduldig begin raak en in lewensgevaar na hulle plase begin terugkeer het. Dringende optrede was noodsaaklik en kmdt. Scholtz wend hom weer na Pretorius om hulp[39]. Tot hulle teleurstelling kon Pretorius nie aan die versoek gehoor gee nie omdat hyself met 'n kommando teen Montsiwa en Lenzo te velde

---

36. Verslag van kmdt.-genl. A. Pretorius aan die Volksraad, d.d. 14 Maart 1853 (<u>S.A. Argiefstukke</u>,Tvl., dl. II, pp. 363 - 366.)

37. R433/52: J. Botha aan A. Pretorius, d.d. 10 Okt. 1852.

38. Vergadering van Kommissieraad, artt. 3-4, d.d. 4 Okt. 1852. (<u>S.A. Argiefstukke</u>, Tvl., dl. II, p.87.

39. R444/52: Verslag van kmdt. P. Scholtz aan A. Pretorius, d.d. 9 Nov. 1852.

was en hy nie sy kommando wou verswak nie[40].

Dit alles het tot ernstige frustrasie onder die Blankes aanleiding gegee; by die Bantoes daarenteen, moes dit 'n teken van die swakheid van die boere gewees het, want veediefstalle het toegeneem. Verrassend is dit dus nie toe kmdt. Scholtz in sy derde versoek om hulp aan Pretorius berig het dat 300 beeste gesteel is en dat toe 'n poging aangewend is om die vee terug te neem, die Bantoes hulle teëgesit en 'n skermutseling gevolg het waarin een man ernstig gewond is[41]. Aangemoedig deur die suksesvolle strooptogte het Montsiwa en Moselele bevel gegee dat huise en oeste verniel moes word. Dit is derhalwe geen wonder nie dat vdkt. Jan Viljoen in Mei 1853 berig het dat drie mans, nl. die twee seuns van C. Joubert en W. du Plessis, vermoor is. Hulp was dringend noodsaaklik om verdere bloedvergieting te voorkom[42].

Hierop is besluit om 'n gesamentlike kommando uit te stuur, maar voordat dit kon gebeur, het Secheli op 'n diplomatiese wyse aangebied om kmdt.-genl. Pretorius aan die einde van Mei 1853 by Moselele se stat te ontmoet met die oog op onderhandelings[43].

Gevolglik het die krygsraad besluit om die kommando uit te stel om sodoende aan kmdt. Jacobs die geleentheid te gee om te onderhandel[44].

Op 24 Junie het hy gerapporteer dat al die ongerustheid en vyandige houdings onder die stamme veroorsaak is deur die Engelse sendelinge, jagters en reisigers. Deur die onderhandelings is daarin geslaag om baie van die geskille uit die weg te ruim. Hierdeur is die gevoel van die onveiligheid tot die blydskap van die Blankes verlig[45]. In Augustus

---

40. Verslag van A. Pretorius aan Volksraad, d.d. 17 Maart 1853.
(S.A. Argiefstukke,Tvl., dl. II, bylaag 153, p. 564.

41. R487/53: Kmdt. P. Scholtz aan A. Pretorius, d.d. 16 Jan 1853.

42. R531a/53: Vdkt. J.W. Viljoen aan A. Pretorius, d.d. 19 Mei 1853.

43. R536/53: Vertaling en samevatting van die brief van Secheli, d.d. 28 Mei 1853.

44. R546/53: Verslag van A. Pretorius van Krygsraadsvergadering, d.d. 20 Junie 1853.

45. R551/53: Verslag van J.J. Jacobs aan die Krygsraad in sitting te Potchefstroom, d.d. 24 Junie 1853.

van dieselfde jaar het vdktt. J. Viljoen en J. Snyman ook by verskillende opperhoofde besoek afgelê en oral 'n begeerte tot vrede gevind[46].

Die welkome vooruitsig op rus en vrede het egter nie lank geduur nie. In Okt. 1854 was die Landdros van Potchefstroom genoodsaak om die mense van Marico te waarsku om weer eens bymekaar te trek om sodoende voorbereid te wees op 'n moontlike aanval van die Bantoes[47], want verskeie berigte het die rondte gedoen dat hulle gereed maak vir 'n aanval in Marico[48]. Hierdie berigte het spoedig werklikheid geword toe uit die gebied van Secheli berigte ontvang is van hernude vyandigheid teenoor die Blankes. In die omgewing van die later Swartruggers het die gevoelens so hoog geloop dat dit selfs op 'n skietery uitgeloop het, waardeur die vyandige houding verder versterk is en veediefstalle toegeneem het[49].

Hierdie aanhoudende toestand van onveiligheid en die groot skades wat hulle berokken is, het die burgers van Marico onstuimig gemaak en sommiges wou die gebied verlaat as hulp nie opdaag nie[50].

Secheli het egter getoon dat hy - of was dit sy Blanke raadgewers? - 'n geslepe kalant is en geweet het hoe om die toestand van onrus te laat voortduur sonder om tot 'n openlike botsing te kom. Op 1 Julie 1855 skryf hy op 'n diplomatiese wyse in 'n heel vredeliewende gees aan M.W. Pretorius en meld dat geen moordenaars hulle in sy gebied bevind nie. Hy het selfs by sy kapteins in die verband navraag gedoen en beloof dat as een van sy onderdane skuldig is aan 'n misdryf teenoor die Blankes, hy (Secheli) so 'n persoon onmiddellik

---

46. R561/53: Vdkt. J. Viljoen aan landdros A. Smit, d.d. 17 Aug. 1853.

47. R691/54: Landdros D.H. Botha aan M.W. Pretorius, d.d. 6 Okt. 1854.

48. R699/54: Kmdt. P.J.W. Schutte aan kmdt.-genl. M.W. Pretorius, d.d. 6 Okt. 1854.

49. R740/54: Vdkt. J. Viljoen aan kmdt.-genl. M.W. Pretorius d.d. 22 Des. 1854.

50. R802/55: Vdkt. E.F. Potgieter aan M.W. Pretorius, d.d. 19 April 1855.

sou uitlewer vir straf. In duidelike taal spreek hy ook sy begeerte uit om in vrede met die Blankes te lewe en noem hy Pretorius sy vriend en wens hom die seën van die Here toe.[51] Teen die einde van die jaar kom J.M. Swart ook vanuit Secheli se stat en berig van die vredeliewende staat van sy volk[52].

So het tydperke van onrus telkemale gevolg op kort tydperke van kalmte en het die Blankes in Marico in die vyftigerjare gedurig inspanning verkeer. Die gevolg was dat hulle telkemale in laers bymekaar moes trek, wat tot groot skades aanleiding gegee het totdat hulle uiteindelik geweier het om in tye van gevaar hulle plase te verlaat[53].

Opmerklik is dit dat nadat in Okt. 1855 berig is dat wavragte kruit en gewere deur die handelaars Wilson, Chapman en Edwards onder die Bantoes verkoop is[54], die onrus spoedig daarna 'n nuwe hoogtepunt bereik het.

Hierdie keer is drie Blankes vermoor, o.a. 'n boer met die van Nortje wie se seun ook ernstig verwond is. Al hulle besittings is ook geroof[55]. M.W. Pretorius het hierop onmiddellik aan kmdt. G. Kruger opdrag gegee om die saak te ondersoek en by sy aankoms in die „Zwartruggens" het hy die mense in 'n uiters mismoedige en haglike toestand aangetref. Hulle was op die punt om alles op te gee as 'n kommando nie opdaag nie. Patrollies is daarop onmiddellik uitgestuur en 'n versoek is aan die regering gerig om onverwyld 'n kommando te stuur[56].

Jan Viljoen het Pretorius egter versoek om die kommando terug te hou totdat die moordenaars deur spioene geïdentifiseer is. Hy het intussen ook plekke aangewys waar die mense in laers moes byeenkom, maar omdat hulle weier om saam te trek, versoek hy Pretorius om self oor te kom om die mense gerus

---

51. R853/55: Secheli aan M.W.Pretorius, d.d. 1 Julie 1855.

52. R953/55: J.M. Swart aan J.Viljoen, d.d. 20 Des. 1855.

53. R1076/56: Vdkt. H.P. van der Walt aan kmdt.-genl. M.W. Pretorius, d.d. Mei 1856.

54. R923/55: J.Viljoen aan kmdt.-genl. M.Pretorius, d.d. 22 Okt. 1855.

55. R1041/56: T.J.A. van der Walt aan kmdt. G.J. Kruger, d.d. 1 Mei 1856.

56. R1059/56: Kmdt. G.J.Kruger aan M.W.Pretorius, d.d. 11 Mei 1856.

te stel en oor te haal om saam te trek[57].

Die Krygsraad het intussen ŉ kommando opgeroep om op 15 Oktober byeen te kom, maar dit is weer uitgestel omdat vermoed is dat die vermoorde persone self aanleiding gegee het tot die moord. Gevolglik is besluit om die saak eers deur die hof te laat ondersoek. Dientengevolge is vdktt. Viljoen en Van der Walt voor die hof gedaag[58]. Viljoen het egter gevra dat die saak uitgestel word[59] en toe dit blyk dat Secheli sy vyandigheid staak, is besluit om die saak te laat vaar[60].

Teen die einde van die vyftigerjare het daar enigsins verligting in die toestand gekom toe Secheli aangebied het om die skade wat sy volk in 1854 aan verskeie van die burgers van Marico berokken het, te betaal. Hierdie verandering in die houding van Secheli is toegeskryf aan die goeie werk van die sendelinge van die Morawiese broeders wat hulle by Secheli en Mooilo gevestig het[61].

Om sy goeie gesindheid te bewys het Secheli ook na vdkt. Viljoen gegaan en met hom ŉ vreedsame onderhoud gehad terwyl die algemene toestand aldaar rustig was[62]. Daarna het ook Mahoera sy spyt uitgespreek dat hy met die Blankes in oorlog was. Hy het ook erken dat hy daartoe verlei is en het reeds begin om die vrede te herstel deur die vee wat as skadevergoeding geëis is, te stuur[63]. Hy het egter nie sy belofte uitgevoer nie, wat tot jarelange onderhandelings aanleiding gegee het.

In die sestiger - en sewentigerjare het nie net die verhouding tussen die Blankes en Nie-Blankes met tussenposes

---

57. R1060/56: Vdkt. J. Viljoen aan M.W. Pretorius, d.d. 11 Mei 1856.

58. R1193/56: Verslag van krygsoffisiere aan M. Pretorius, d.d. 10 Sept. 1856.

59. R1224/56: Vdkt. J. Viljoen aan M. Pretorius, d.d. 23 Okt. 1856.

60. Vgl. Huyser: Op. cit., p. 62.

61. Pres. M.W. Pretorius aan die Volksraad, art. 6 en 8, d.d. 12 Sept. 1859.(S.A.Argiefstukke, Tvl., dl.IV,p.14)

62. R1959/58: Vdkt. J. Viljoen aan M.Pretorius, d.d.14 Maart 1858.

63. R2473/58: Vdkt. J.Viljoen aan M.Pretorius, d.d. 3 Des 1858.

gespanne geraak nie, maar ook tussen die Nie-Blankes onderling. Hierdie moeilikhede het nie net vir die boere probleme opgelewer nie, maar ook ŉ swaar las op die skouers van die Landdros geplaas, omdat die regering van hom verwag het om alles in sy vermoë te doen om ŉ goeie verstandhouding met die Nie-Blankes aan te kweek.

In 1882 was dit weer Ikalafÿn, wie se kraal een en ŉ halfuur van Lichtenburg af geleë was, wat onrus veroorsaak het.

Toe daar in 1882 ŉ hewige stryd buite en op die suidwesgrens van die Republiek ontstaan het as gevolg van die onpraktiese grondverdeling deur die Konvensielyn[64], het Ikalafÿn se houding byna tot verwikkelinge op Transvaalse grondgebied gelei deur Montsiwa te ondersteun en binne die grense van die Transvaal ŉ vyandige houding teenoor die Blankes in te neem. Hy het sy mense teen die Blankes opgesweep, vee gesteel en sy kraal met skanse ommuur. Sy dreigende houding en sy weiering om die skanse op bevel af te breek het die regering verplig om daadwerklik en vinnig op te tree. Kommandant-generaal Piet Joubert het hom gevolglik gou met sestig berede polisie en enkele artilleriste tot sy plig gebring.

Hiermee is sy opstandigheid beëindig. Hy moes die skanse afbreek en die koste van die regering vergoed. Die bedrag wat geëis is en wat hy in beeste moes betaal, het oor die £16 000 (R32 000) beloop[65].

Hierna het rus en vrede ingetree en was alles rustig en stil, met die uitsondering van enkele onbevestigde berigte van veediefstal[66]. Dit was waarskynlik nog die toestand toe die

---

64. Volle besonderhede oor die stryd kan nagelees word in Kruger, D.W.: Die Republiek Stellaland (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U.K. vir C.H.O., 1930).

65. Mouton: Op. cit., p. 126.

66. De Volksstem, 10 Mei 1882.

Uitgoerende Raad op 14 April 1886 met groot genoeë kennis geneem het dat die toestand onder die naturelle bevredigend genoem kon word[67].

So is 'n gevaarvolle tydvak in die geskiedenis van Marico beëindig. Op finansiële gebied is die Blankes ernstig benadeel en ook die landbou ernstig gekortwiek. Omdat hulle hul plase so dikwels moes verlaat en gevolglik nie oeste kon maak nie, was voedsel in die tyd skaars en duur. So is byvoorbeeld vir twee sakke koring 'n driejaaroud os betaal[68].

Ook was hulle genoodsaak om by die Volksraad aansoek te doen om nie vir die finansiële verpligtinge wat agterweë geraak het, vervolg te word nie omdat hulle oeste dikwels vernietig is. Uitstel was dus noodsaaklik tot tyd en wyl daar weer rus en vrede was en hulle hul weer op hulle plase kon vestig[69].

3. Siektes

Reeds voor die vestiging van die Blankes in Marico was dit bekend dat die gebied onderhewig was aan 'n siekte wat bekend gestaan het as koors of geelkoors, of soos ds. Cachet dit genoem het „malarischekoortsen". In werklikheid was dit almal maar benaminge vir dieselfde siekte - malaria. Tydens Moffat se besoek aan Silkaats in 1835 het hy hom by 'n veekraal aan die Tolanierivier aangetref. Moffat gee as rede vir Silkaats se verblyf op die afgeleë plekkie aan dat die koors toe baie straf geheers het na die oorvloedige somerreëns en dat Silkaats hom daar waar die bevolking minder dig was, veiliger gevoel het teen die siekte as in die dig bewoonde gebiede waar die dood veel meer voorgekom het[70]. Ook tydens sy reis het Sanderson uit Marico verneem van 'n dodelike

---

67. U.R.B., art. 75, 14 April 1886.

68. Herinneringe van Johanna P. Smit (gebore De Beer)(Preller: Voortrekkermense IV, p. 114).

69. J.C. Marneweck sr. aan die Volksraad, d.d. 8 Maart 1853. (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. II, bylaag 18, p. 390).

70. Kirby: Op. cit., p. 17.

koors wat algemeen daar voorgekom het. Verder het hy ook uit die gebied verneem van ŉ gevaarlike siekte wat bekend was as „keelpok", of „throatpox."[71)]

Veral gedurende tye wanneer die reënval hoog was of in moerassige streke is die bewoners deur ernstige koorsuitbrekings geteister[72)]. Die toestand is vererger omdat daar ŉ totale gebrek aan geneeshere en gevolglik ook doeltreffende geneesmiddels was. Die enigste afweermiddel vir hierdie siekte wat tot die jare tagtig in Transvaal op die proef gestel is, was die aanplanting van bloekombome. Ds. Cachet het tydens sy besoek aan die gebied ook gewag gemaak van die heilsame uitwerking van bloekombome[73)]. Toe daar in die vroeë vyftigerjare weer so ŉ strawwe epidemie geheers het, is van die Bantoes verneem dat baie tydens so ŉ uitbreking na die hoërliggende dele vlug om daar te herstel. Gevolglik het baie mense wat malaria opgedoen het, ook na die hoëveld getrek en hoewel die meeste na hulle herstel weer na hulle plase teruggekeer het, het sommiges,o.a. kmdt. Stander, hulle plase in Marico van die hand gesit en die gebied permanent verlaat[74)].

Uit die aard van die saak is dit te verstane dat die sterftesyfer in verhouding tot die aantal Blankes besonder hoog was. In 1855 was die koors in die bosveld en middelveldstreke so erg dat diegene wat nie vroegtydig na die hoërliggende gebiede uitgewyk het nie, byna almal beswyk het. Dit het sulke ernstige afmetings aangeneem dat daar naderhand skaars mense was wat in staat was om die dooies te begrawe[75)].

Hierdie toestand het met gereelde tussenposes voorgekom. In 1897, nadat die Blankes in die wyk Bosveld reeds deur die runderpes verarm was, rapporteer die veldkornet uit die wyk aan die landdros dat die koors hewig woed. So ernstig was

---

71. Sanderson: Op. cit., p. 248.

72. Naude: Op. cit., p. 14.

73. Cachet: Op. cit., p. 344. (voetnoot).

74. Herinneringe van Adriaan Hendrik Stander (Preller: Voortrekkermense III, p. 76).

75. Ibid.

die epidemie in daardie jaar dat daar in die wyk Bosveld oor die honderd siektegevalle was en in die wyk Klein-Marico 190[76]. Die nood is verder verhoog deur die armoedige toestand van die Blankes in die gebiede. Hulle kon dit nie bekostig om 'n dokter op eie koste te ontbied of medisyne en voedsel aan te koop nie. Die dokters wou gevolglik nie in die distrik uitgaan nie, en ook die aptekers het geweier om medisyne op krediet te verskaf. Die gevolg was dat talle mense gesterf het by gebrek aan geneeskundige hulp en voedsel. Gelukkig het die regering op aandrang van die Landdros ingewillig om hulp te verskaf in die vorm van lewensmiddele wat gratis aan behoeftige koorslyers verskaf moes word asook geld om mense te huur om die siekes op te pas[77].

Tydens hierdie epidemie is die eerste keer na dienoodsaaklikheid van 'n hospitaal vir die gebied verwys, toe die Landdros aan die hand gedoen het dat een van Jameson se „Yzer stoors" na Zeerust oorgeplaas moes word om as hospitaal te dien en dat £115 (R230) toegestaan moes word om dit vir siekes in te rig[78]. Die volgende jaar was 'n herhaling van die nood-toestand. Aangesien die boere nog nie ekonomies kon herstel nie, het die gebrek aan lewensmiddele weer soos in die vorige jaar sy tol geëis en 'n spoor van ellende nagelaat[79]. Omdat die koorsaanvalle die keer besonder straf was, het herstel buitengewoon langsaam ingetree; daarom kon die wat reeds besig was om te herstel, nie gou op jag gaan om die voedselnood op die wyse te verlig nie. Koffie en brood was dus al waarmee hulle hul aan die lewe kon hou[80].

---

76. R7705/97: Landdros van Zeerust aan die Staatsekretaris, d.d. 25 Mei 1897.

77. R10297/97: Landdros van Zeerust aan die Staatsekretaris in sake die koorsepidemie in 1897.

78. Ibid.

79. De Volksstem, 13 April 1898: Brief van P.J.D. Jacobs Tzn.

80. De Volksstem, 30 April 1898: Brief onder skuilnaam X.

Die moedeloosheid wat onder die mense geheers het, is pragtig verklank in die volgende smartkreet van een van die noodlydendes: „Heer onze God, wees onze Zielen genadig!" 'n Ander het weer gekla: „(Ik) ben dokter en kok en melkboer en paardewachter, in een woord alles moet ek doen"[81].

Baie lewens is egter gered deur die tydige hulp van die regering. So het vdkt. P.D. Swart sy dank teenoor die regering uitgespreek vir die tydige hulp in die vorm van geld en medisyne waardeur baie persone gered en van groter ellende gespaar is.

Dank is ook betuig teenoor die bewoners van die ander wyke, veral dié in Klein-Marico, wat ook die geteisterdes te hulp gekom het en deur naastediens die lyding help verlig het[82].

Malaria was ongelukkig nie die enigste siekte waardeur die mense in Marico bedreig is nie. Soos reeds vermeld, het pokke ook in die gebied voorgekom, veral vanaf die jare 1880. As rede hiervoor kan aangevoer word dat die sametrekking van die Bantoes met die verloop van jare in die distrik al groter geword het, asook die feit dat die gebied op die deurweg na die noorde geleë was[83].

Toe gerugte oor die uitbreking van pokke in die begin van die tagtigerjare van oral ontvang is en dit om bogenoemde redes verwag is dat dit ook na Marico sou uitbrei, is teen die einde van 1882 in Zeerust 'n gesondheidskomitee verkies, met magte buite en binne die dorp. Die doel van die komitee was om onder die leiding van die Landdros maatreëls te tref om die siekte behoorlik te kon bestry indien dit sou uitbreek[84].

Op 17 Maart 1884 het die Landdros dan ook gerapporteer dat pokke onder die Bantoes uitgebreek het[85]. In September

---

81. De Volksstem, 13 April 1898: Brief van P.J.D. Jacobs Tzn.

82. Vdkt. P.D. Swart in De Volksstem, 18 Junie 1898.

83. De Volksstem, 8 Nov. 1882.

84. Ibid.

85. R1368/84: Landdros van Zeerust aan die Staatsekretaris, d.d. 17 Maart 1884.

is weer nuwe uitbrekings gerapporteer, die keer ook onder Blankes en is beperkings op die vrye beweging van die inwoners bepleit[86]. Om die toestand te bekamp is van regeringsweë buisies entstof gestuur vir immunisering en ook ŉ hoeveelheid tente is beskikbaar gestel om die siekes af te sonder en te versorg[87].

Ook in die jare negentig is berigte van pokke van oral uit die distrik ontvang en verskeie plaaslike gesondheidskomitees is in die lewe geroep. So het die Mynkommissaris berig van uitbrekings te Ottoshoop en is ŉ regeringsvoorskot aangevra sodat die gesondheidskomitee doeltreffende maatreëls kon tref[88]. Hiervoor is £150 (R300) toegestaan op voorwaarde dat behoorlik verslag gegee sou word van die uitgawes en volgens wet deur die heffing van ŉ spesiale belasting terugbetaal sou word[89].

Ook in die Bosveldwyk het pokke onder die Nie-Blankes uitgebreek en is ŉ gesondheidskomitee gestig om die toestand die hoof te bied[90]. Verder is ook besluit om wagte aan te stel om die besmette statte af te sonder. Om die onkoste te delg is in die wyk ŉ buitegewone belasting van 2/6 (25c) gehef op elke manlike persoon bo agtien jaar, Blank en Nie-Blank[91]. Hierdie noodmaatreëls is later deur ŉ besluit van die Uitvoerende Raad bekragtig[92].

---

86. De Potchefstroomer, 17 Sept. 1884.

87. R1368/84: Landdros van Zeerust aan die Staatsekretaris, d.d. 17 Maart 1884.

88. R4789/94: Telegram van Mynkommissaris aan Staatsekretaris, d.d. 8 Mei 1894.

89. U.R.B., art. 271, 11 Mei 1894.

90. R3512/94: Landdros van Zeerust aan Staatsekretaris, d.d. 29 Mrt. 1894.

91. R3511/94: Landdros van Zeerust aan Staatsekretaris, d.d. 29 Mrt. 1894.

92. U.R.B., art. 347, 22 Junie 1894.

4. Mediese dienste

Soos reeds aangetoon, was daar in die beginjare geen gekwalifiseerde geneeshere in Marico beskikbaar nie. Vanaf 1870 het Van Alleveldt wat eers 'n prokureur was, as dokter waardevolle dienste gelewer, en ook S.J. van der Spuy wat medisyne bestudeer het, het waardevolle hulp verleen[93]. In 1885 is berig van 'n sekere Wiid wat kanker kon genees sonder om daaraan te sny. Eers het hy op die gewas poeier geplaas wat die wortels vernietig het, waarna die gewas dan uitgeval het. Daarna is 'n pleister opgesit om die plek te genees. Die duur van die behandeling was van vier en twintig tot dertig dae. Volgens die berig is baie genees, maar Wiid wou ongelukkig nie sy geheim openbaar nie[94].

Uit die korrespondensie tussen landdros C.B. Otto en die Staatsekretaris blyk dat op 17 Febr. 1887 'n versoek gerig is dat die regering 'n distriksgeneesheer vir Marico moes aanstel. Op die tydstip was die geneesheer veral nodig om die Bantoes te besoek. Die Landdros is egter versoek om self 'n dokter te vind om daarheen te stuur aangesien die regering nog nie in staat was om in die behoefte te voorsien nie. Omdat in Marico nie 'n gekwalifiseerde dokter wat as sodanig toegelaat was, beskikbaar was nie, het die Landdros dr. Allport aanbeveel, maar dit is geweier. In die begin van 1888 is hy egter wel na Marico gestuur[95].

Teen die einde van Julie 1888 het daar verligting gekom toe van owerheidsweë aan Ottoshoop goedkeuring verleen is om 'n distriksgeneesheer aan te stel, maar omdat daar so min goewermentswerk was, is slegs £50 (R100) p.j. as salaris toegestaan[96]. Na veelvuldige versoeke is eers op 29 Mei 1891 aan Zeerust toestemming gegee vir die aanstelling van 'n distriksgeneesheer teen 'n salaris van £100 (R200) p.j.[97]

---

93. Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico, p. 24.

94. De Volksstem, 3 Des. 1885.

95. Argief Landdros van Marico: Register van inkomende en uitgaande stukke, 1885 - Febr. 1893, band 14.

96. U.R.B., art. 403, 30 Julie 1888.

97. U.R.B., art. 286, 29 Mei 1891.

Op 17 Junie is aan die Staatsekretaris kennis gegee dat dr. Allporth as geneesheer ingesweer is[98]. In die begin van 1893 is egter ŉ nuwe struikelblok in die weg gelê toe bepaal is dat die distriksgeneesheer Bantoes slegs op hulle eie onkoste mag besoek. Na aanleiding hiervan is die volgende inskrywing in die register van die landdros van Zeerust gemaak: „Kaffers bezitten niets. Wat nu te doen?" Op 29 Junie is egter toestemming ontvang dat die distriksgeneesheer lokasies op staatsonkoste kon besoek[99]. Hierdie stap het vir die distrik veel beteken en veral vir die Landdros baie probleme bespaar.

5. Kommunikasieprobleme

a. Paaie

Toe die eerste Blankes die binneland ingetrek het, het hulle ŉ gebied aangetref waarin daar vanselfsprekend geen gemaakte paaie was nie, want die vervoermiddel - die ossewa - waarmee hulle gekom het, was vir die inboorlinge heeltemal vreemd. Met die intog het daar egter spore ontstaan en die spore het later verander in paaie wat vir die ossewa geskik was.

Gedurende die Groot Trek het die ossewa reeds bewys dat selfs die ruwe veld vir hom begaanbaar was. Daarom was ŉ goed geboude pad feitlik ŉ nie-noodsaaklike weelde-artikel[100]. Wat wel probleme geskep het, was gevaarlike driwwe en vol riviere wat die vervoer van swaar vragte gevaarlik gemaak en dikwels lank vertraag het.

Voortspruitend hieruit was dit dus nie verrassend nie dat ŉ groep handelaars in 1867 by die regering kla dat die gebrek aan behoorlike paaie die ontwikkeling van die bronne

---

98. Argief Landdros van Marico: Register van inkomende en uitgaande stukke, 1885 - Febr. 1893, band 14.

99. R2678/93: Landdros van Zeerust aan die Staatsekretaris, d.d. 23 Jan. 1893.

100. Vgl. Potgieter, F.J.: Op. cit., p. 96.

van die land strem[101]. Toe 'n vinniger passasiersdiens in 1873 ingestel is met voertuie wat deur perde en muile getrek is en die poskoets en perdekar 'n algemene vervoermiddel in die Transvaal geword het, het die toestand van die paaie noodwendig onder die aandag gekom en is aangedring op beter paaie en brûe oor die riviere.

Die regering was bewus van die noodsaaklikheid hiervan; daarom is in 1877 besluit dat in elke distrik 'n distriksraad gekies moes word, bestaande uit een verteenwoordiger vir elke veldkornetskap. Hulle sou tot taak hê om te sorg vir die openbare paaie, die skole en alle ander sake wat aan hulle toevertrou sou word[102]. Na die Britse besetting is egter besluit dat die rade hulle uitsluitlik sou toelê op die maak van paaie en die bou van brûe[103]. Die padbouprogram is egter gekortwiek deur 'n gebrek aan fondse. Daarom is in 1885 besluit om tenders vir die aanlê van paaie te vra van kontraktante wat dan tolgeld onder die toesig van die Volksraad kon hef[104].

In Marico was die patroon ook van toepassing. In die beginjare is daar nie oor die toestand van die paaie gekla nie, maar in 1886 is klagte[105] uitgespreek oor die toestand van die pad tussen Marico en Zeerust. Daar is ook gemeld dat die waens in die drif deur die Maricorivier vassit. Vanaf 1894 het die paaiekwessie aktueel geword en is verskeie memories hieroor aan die Volksraad gestuur[106].

Die Maricorivier wat die grootste en diepste rivier was, het die grootste probleem geskep; gevolglik was dit noodsaaklik om eerste oor hom 'n brug te bou. Verskeie besluite is geneem en kosteberekenings is ingedien, totdat die Volksraad

---

101. Perry, J.C.: The social and economic condition of the Transvaal from 1852 to the first annexation in 1877 (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Univ. van S.A., 1931), p. 40.

102. V.R.B., artt. 29 - 32, 7 Maart 1877.

103. Wet no. 6 van 1883 (Jeppe: Op. cit., pp. 1154 - 1155).

104. V.R.B., art. 776, 10 Julie 1885.

105. De Volksstem, 8 April 1886.

106. Notule Tweede Volksraad, art. 216, 28 Junie 1894.

uiteindelik in 1896 besluit het om die bou van die brug voorlopig uit te stel totdat die finansies dit sou toelaat en ook omdat 'n nuwe pad tussen Zeerust en Rustenburg beoog is[107]. Hierdie brug is nooit deur die Suid-Afrikaanse Republiek gebou nie, want in Julie 1899 kort voor die uitbreek van die Driejarige Oorlog het die Volksraadslid vir Marico gekla dat die brug nog steeds nie gebou is nie[108].

Met die brug oor Kareespruit net buite Zeerust het dit beter gegaan want in 1898 is aanbeveel om die brug teen 'n beraamde koste van £500 (R1 000) te bou aangesien die distrik op daardie tydstip nog nie oor 'n brug beskik het nie[109]. Verder is 'n brug oor die Malmaniespruit tussen Ottoshoop en die plaas Stikhoutboom ook toegestaan[110].

In 1894 is ook ernstig gekla oor die toestand waarin die paaie en driwwe wat onder kontrak uitgegee is, in die distrik Marico verkeer het. Ernstige kommer is ook uitgespreek oor growwe geldvermorsing. Gevolglik is besluit dat van regeringsweë ondersoek ingestel en na bevind van sake gehandel moes word[111]. In Junie 1895 is die aanklag herhaal en was daar selfs spreke van bedrog en diefstal, maar die Staatsprokureur in wie se hande die saak gegee is, wou nie 'n verklaring doen nie[112]. Verskeie memories het in die daaropvolgende jare voor die Volksraad gedien waarin versoek is dat die paaie verbeter moes word[113]. Met die nodige goedkeuring is o.a. aan die volgende paaie aandag gegee: die Bosveld-Buispoortpad na Zeerust, maar omdat dit te veel sou kos, om die pad deur Buispoort te bou, is op 19 Julie 1897 besluit om die pad teen veel minder koste oor Rijdvoorbij, Braklaagte en Murgfontein te bou[114]. Ander paaie wat aandag geniet het,

---

107. Ibid, art. 38, 6 Mei 1896.

108. Ibid, art. 562, 21 Julie 1899.

109. Ibid, artt. 553 - 554, 22 Junie 1898.

110. Ibid, art. 763, 11 Julie 1898.

111. Ibid, artt. 278 - 280, 6 Junie 1894.

112. Ibid, art. 696, 26 Junie 1895.

113. Ibid, art. 361, 29 Mei 1896.

114. Ibid, art. 626, 19 Julie 1897.

is die van Ottoshoop na Mafeking; van Enselsberg na die Rustenburg-Zeerustpad en van Wonderfontein oor Driefontein en Rietvlei tot aan die transportpad.

Goedkeuring is ook verleen vir die bou van die volgende paaie: ŉ pad deur Oberholzerskloof na Grootfontein; ŉ pad van Vaalkop oor Jacobsdal na Ottoshoop; ŉ pad van Rustenburg oor Boshoek, Lindleyspoort, Teerputsfontein en Riekertsdam tot aan die grens van Marico; van Buurmansdrift al langs die Malopo tot aan die groot transportpad na Lichtenburg, ens[115].

In 1897 is daar ook ŉ pos vir ŉ weginspekteur vir die distrik Marico ingestel[116], wat daarop dui dat die bou en instandhouding van die paaie in die distrik doeltreffender beheer sou word.

b. Spoorwegverbindings

Hoewel die bewoners van Marico hulle in 1875[117] teen die bou van ŉ spoorwegstelsel uitgespreek het omdat dit, volgens hulle, die siel van die mens en sy beurs sou aantas, het hulle dit later nie net aanvaar nie, maar self memories begin instuur ter verkryging van ŉ spoorwegverbinding met die markte.

In April 1893 dien die eerste twee memories voor die Volksraad waarin versoek is dat ŉ spoorweg van Krugersdorp oor Rustenburg en Zeerust na Ottoshoop gebou moes word. Die Volksraad het egter besluit dat aangesien die memories so min handtekeninge bevat het, die gevoelens van al die burgers in die distrikte wat by die spoorverbinding betrokke sou wees, verkry moes word. Die saak sou dan die volgende jaar weer in oorweging geneem word[118].

Toe die Volksraad die versoek die volgende jaar as gevolg van gebrek aan fondse moes verwerp[119], is dit gevolg deur

---

115. Ibid, art. 473, 14 Julie 1899.

116. U.R.B., art. 834, 1897.

117. De Volksstem, 13 Febr. 1875: Berig deur Toeschouwer.

118. Notule Eerste Volksraad, art. 1210, 28 Aug. 1893.

119. Ibid, artt. 1763 - 1764, 19 Sept. 1894.

talle memories waarin die bou van 'n spoorweg na die gebied bepleit is. Die rede vir die veelvuldige versoeke moet sekerlik daarin gesoek word dat die runderpes alle vervoer uit die gebied tot stilstand gebring het sodat vervoermiddele dringend noodsaaklik was om die produkte na die mark te bring.

Dit is dus verstaanbaar dat die Volksraad in 1896 'n meer toegewende houding ingeneem het en 'n ondersoek gelas is na die beste roete, die afstand, die moontlike koste en na ander sake in verband met die bou van 'n spoorweg in die rigting van Zeerust[120).].

Voordat enigiets konkreets uit al die onderhandelinge vir Marico kon kristalliseer, het die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek wat alles tot stilstand gebring het.

c. Die Poswese

Aanvanklik is die pos vervoer deur gebruik te maak van „poskaffers". Dit was 'n hoogs ondoeltreffende en onbetroubare stelsel wat tot baie klagtes aanleiding gegee het, veral omdat dit so stadig was. So byvoorbeeld het die posdiens van Potchefstroom na Marico wat op 17 April 1867 in werking gestel was, in 1872 nog ses en negentig uur geneem. Omdat die regering hieraan aandag gegee het, is dit in 1873 tot vier en tagtig uur verminder[121)]. Verder het die bewoners van Marico in 1877 ook gekla oor die posroete vanaf Klerksdorp oor Lichtenburg na Zeerust en gevra dat dit verander moes word van Potchefstroom oor Ventersdorp, Loodmyn en Jacobsdal na Zeerust omdat die gebied dig bewoon was[122)]. Dat aan hierdie versoek uitvoering gegee is, blyk daaruit dat vanaf 1 Jan. 1888 twee keer per week in albei rigtings van die roete gebruik gemaak is[123)].

---

120. Ibid, art. 1987, 10 Nov. 1896,

121. Vgl. Potgieter, F.J.: Op. cit., pp. 101 - 102.

122. R501/77: Petisie aan pres. Burgers, d.d. 22 Junie 1876.

123. De Staatscourant, 4 Jan. 1888: Kennisgewing van die Posmeester-generaal.

Die uitbreiding van die poswese word ook duidelik weerspieël uit ŉ klagte van die posmeester op Zeerust dat hoewel sy werk baie meer geword het, sy salaris maar £15 (R30) p.j. is. Vanweë die vermeerderde werksaamhede was hy verplig om ŉ assestent wat hy self teen £10 (R20) moes vergoed te huur, wat aan hom ŉ balans van £5 (R10) gelaat het. As motivering vir ŉ hoër salaris het hy die volgende statistieke verskaf van posstukke wat hy in die week eindigende 8 Jan. 1878 uitgestuur het: Briewe: 260, koerante: 139 en boeke: 3. Hierop het die Posmeester-generaal aanbeveel, en is dit goedgekeur, dat die posmeester van Zeerust in dieselfde kategorie as die van Rustenburg geplaas word, met ŉ vermeerderde salaris van £30 (R60) p.j.[124]. Die groei van die poswese blyk verder ook daaruit dat daar in 1892 al vier poskantore in Marico was, nl.: Zeerust, Ottoshoop, Jacobsdal, Linokana en Vaalkop. In 1893 is op Alwijnskop ook ŉ posagentskap geopen[125].

Wat noodwendig uit die ontwikkeling moes voortvloei, was telegrafiese verbindings wat die kommunikasie sou versnel. So is in April 1888 ŉ telegraafkantoor op Zeerust geopen wat hom in direkte verbinding met Pretoria gestel het[126].

Op sy besoek aan die Malmaniegoudveld in Maart 1887 het Pres. Kruger in sy toespraak ook melding gemaak van ŉ telegraaflyn wat na die goudveld aangelê sou word.[127] Aan die begin van 1888 is gevolglik aan die hoof van die Telegraafdepartement magtiging verleen om £375 (R750) te bestee om volgens die tender wat ontvang is, ŉ telegraafkantoor op Ottoshoop te bou[128]. In April was die verbinding met Pretoria

---

124. R190/78: Posmeester van Zeerust aan Goewermentsekretaris, d.d. 14 Jan. 1878.

125. Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor 1892, Staatsdrukker, Pretoria.

126. R3805/88: Posmeester aan Goewermentsekretaris, d.d. 30 April 1888.

127. De Volksstem, 28 Maart 1887.

128. U.R.B., art. 31, 10 Jan. 1888.

voltooi[129] en op 23 April is die verbinding met Lichtenburg ook afgehandel[130].

Die noodsaaklikheid van 'n direkte verbinding met die hoofstad is teen die einde van 1895 onteenseglik beklemtoon toe Jameson die Republiek se grens oorgesteek het op pad na die Witwatersrand. Hoewel die invalsmag die telefoondrade tussen Ottoshoop en Zeerust laat knip het, het hulle tog nagelaat om die verbinding tussen Zeerust en Pretoria ook te verbreek. Gevolglik kon onmiddellik 'n telegram aan kmdt.-genl. Piet Joubert gestuur word om hom van die inval te verwittig. Teenmaatreëls kon dus onmiddellik getref word[131].

Die telegraafdiens het egter nie net die voordeel van snelle kommunikasie gebied nie, maar was ook 'n welkome arbeidsbron. Nie alleen is van die plaaslike arbeid gebruik gemaak om die materiaal aan te ry en die drade te span nie, maar ook die verskaffing van die pale het 'n kontantinkomste verseker[132].

6. Samevattend

Die distrik Marico wat so baie mense met sy vrugbaarheid, sy natuurskoon en jaggeleenthede gelok het, het met baie groeipynte te kampe gehad. Benewens natuurlike faktore soos sprinkane, droogtes, groot afstande oor slegte paaie na die markte en siektes wat weens 'n gebrek aan mediese praktisyns en voorrade vererger is, is die voortbestaan van die Blankes ernstig bedreig deur vyandiggesinde Bantoestamme. Hierdie vyandige gevoel was nie die gevolg van die optrede van die Boere nie, maar moet toegeskryf word aan die optrede van sekere Britse sendelinge en handelaars. Deur aan die Nie-Blan-

---

129. De Staatscourant, 25 April 1888: Goewermentskennisgewing no. 125.

130. De Staatscourant, 2 Mei 1888: Goewermentskennisgewing no. 148.

131. Vir volle besonderhede kyk Du Plooy, W.J.: Die militêre voorbereidings en verloop van die Jameson-inval 1895 - 1896 (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Pretoria, 1958), pp. 89 - 108.

132. De Volksstem, 20 Aug. 1888: Brief van Maricoaner.

kes wapens en ammunisie te verskaf en hulle teen die Blankes op te sweep, het die toestand by tye gedreig om hand-uit te ruk en het dit selfs op moord en 'n gewapende veldtog uitgeloop.

Dit is egter duidelik dat die Blankes daarin geslaag het om die probleme langsamerhand te oorkom en 'n tydperk van voorspoed te betree toe die Tweede Vryneidsoorlog uitgebreek het. Daardeur is 'n einde aan die ontwikkeling op alle terreine gemaak.

## H o o f s t u k IV

### DORPSTIGTING

#### 1. Zeerust

Vandat die eerste Blankes hulle in Marico gevestig het, het die bevolkingsdigtheid stelselmatig toegeneem[1]. Die bevolkingskonsentrasie het nuwe behoefses geskep, soos byvoorbeeld 'n plaaslike kerk- en handelsentrum. Die afstande na die reeds bestaande sentrums was groot, wat veroorsaak het dat boere lank van hulle plase afwesig moes wees. Boonop was die paaie swak en die riviere sonder brûe, wat dikwels lang vertragings tot gevolg gehad het. Dit is dus vanselfsprekend dat daar geagiteer sou word vir die stigting van 'n eie dorp.

Die vroegste verwysing na die voorneme om van owerheidsweë voorsorg te tref vir toekomstige dorpstigting in die Maricobebied, word gevind in die notule van die Volksraad in Mei 1849. In antwoord op 'n voordrag van vdkt. J. Viljoen in verband met die „zendelings plaats" wat aan die Klein-Maricorivier geleë was, is aan hom opdrag gegee om te sorg dat die geboue nie verniel word nie en dat die plaas in publieke diens moes bly[2].

Dit het dus beteken dat die plaas nie aan 'n private burger verkoop mag word nie. In teëstelling met hierdie besluit het die Volksraad egter weer in 1850 besluit dat die plaas, nou genoem „Zendelings Post", aan die Klein-Maricorivier, volgens koopbrief aan H. Engelbrecht toegestaan moes word op voorwaarde dat die verbeterings wat die sendelinge aangebring het, uitbetaal moes word[3]. Terselfdertyd is 'n kommissie benoem wat die verbeterings moes waardeer[4].

---

1. Vergelyk p. 32 hierbo.

2. V.R.B., art. 6, d.d. 23 Mei 1849 (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. I, p. 100).

3. V.R.B., art. 33, d.d. 23 Jan. 1850 (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. I, p. 117).

4. V.R.B., art. 61, d.d. 23 Jan. 1850 (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. I, p. 121).

Dat die verkryging van 'n dorp vir die bewoners van Marico 'n aktuele saak was, blyk daaruit dat op dieselfde sitting 'n memorie van J.A. Enslin en drie ander burgers oorweeg is in verband met 'n plaas wat 'n sekere C. Steyn voornemens was om vir openbare diens uit te hou. Na sorgvuldige oorweging is egter daarteen besluit omdat dit sou beteken dat drie naburige plase daardeur in gedrang sou kom. Gevolglik is die plaas aan 'n ander persoon, J.C. Steyn, toegeken[5].

'n Geruime tyd hierna was daar nie weer enige vertoë vir die stigting van 'n dorp in Marico nie. Vanaf 1855 het die aantal bewoonde plase aansienlik toegeneem[6] en gepaardgaande hiermee het die noodsaaklikheid van 'n dorp ook sterker geword. Die gebrek aan 'n eie kerkplek, 'n plaaslike handelsentrum en 'n plek waar reparasies gedoen kon word, is die ergste gevoel. Hoewel Rustenburg[7] die naaste dorp was, wou die bewoners van Marico nie onder hom ressorteer nie en moes hulle telkemale die lang afstand na Potchefstroom aflê[8].

Teen 1857 was die behoefte aan 'n eie dorp so aktueel dat Lucas Marthinus Swart sy plaas Nooitgedacht in erwe laat opmeet het[9]. Kort hierna het Diederick J. Coetzee die plaas van Swart gekoop op voorwaarde dat hy 'n dorp daarop sou uitlê. Coetzee het gevolglik onmiddellik aansoek gedoen dat sy plaas tot dorpsgebied verklaar en die opgemete erwe vir die doel verkoop moes word[10]. Hy het ook aangebied om soveel grond as wat nodig is uit te hou ten behoewe van die staat, en vir die oprigting van 'n kerk- en skoolgebou[11].

---

5. V.R.B., art. 11, d.d. 23 Jan. 1850. (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. I, p. 114).

6. Vgl. Potgieter, F.J.: Op. cit., p. 71.

7. Volle besonderhede i.v.m. die stigting van Rustenburg en sy ontwikkelingsgeskiedenis kan nagelees word in Pretorius, Z.L.: Die geskiedenis van Rustenburg 1851 - 1918 (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1967).

8. Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico, p. 7.

9. Advertensie d.d. 15/2/58; De Staatscourant, 7 Mei 1858.

10. R1917/58: D.J. Coetzee aan M.W. Pretorius, d.d. 15 Febr. 1858.

11. Pelzer: Op. cit., pp. 139 - 140.

Hy was blykbaar so oortuig dat sy aansoek sou slaag dat hy nog voordat hy die nodige amptelike toestemming ontvang het, in die staatskoerant kennis gegee het dat hy sy plaas Nooitgedacht vir dorpstigting uitgegee het en belangstellendes uitnooi om erwe te koop. Tot April van daardie jaar sou erwe teen 'n redelike prys uit die hand verkrygbaar wees, maar in Mei sou die res per openbare veiling verkoop word. Elke eienaar sou daarop geregtig wees om 'n span osse en vyf koeie op die dorpsgebied aan te hou. Verder meld hy dat tagtig watererwe en verskeie droë erwe reeds opgemeet is[12]. Hoewel hy op 30 Maart 1858 in kennis gestel is dat sy aansoek om dorpstigting goedgekeur is aangesien hy die nodige grond vir 'n kerk, skool en ander staatsgeboue uitgehou het,[13] het daar om een of ander rede van die voorneme egter niks gekom nie.

Die gedagte van 'n eie dorp was egter teen die tyd so gevestig dat by die toestand nie berus kon word nie. Hierdie keer het die bewoners van die wyke Groot- en Klein-Marico in 'n memorie aan die Volksraad op dorpstigting aangedring. As motivering is weer eens beklemtoon dat hulle 'n sentrale plek wou hê waar 'n kerkgebou opgerig kon word aangesien Potchefstroom so ver was dat hulle maar een keer per jaar daar kon kom[14]. Verder was hulle ook van mening dat 'n dorp in Marico tot groot nut en voordeel vir die regering en vir die bewoners van die gebied sou wees. Vir hierdie doel het die petisionarisse die plaas wat vroeër aan opperhoof Moilo vir sendingdoeleindes toegewys was, voorgestel en aanbeveel dat aan Moilo 'n ander plaas toegeken moes word[15].

Hierop het die Uitvoerende Raad besluit om 'n kommissie ter plaatse ondersoek te laat instel. Dit het die saak egter vertraag en eers in 1863 is dit weer aangeroer toe 117 persone versoek het dat 'n dorp gestig moes word. Die behoefte

---

12. De Staatscourant, 7 Mei 1858; Advertensie, d.d. 15 Febr. 1858.

13. Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek 1867-1967, p. 24. Vgl. ook Pelzer: Op. cit., pp. 139 - 140.

14. Potgieter: Op. cit., p. 71.

15. Vgl. Rex: Op. cit., p. 170.

aan 'n kerkplek is weer eens beklemtoon omdat geen huis meer groot genoeg was om 'n diens in te hou nie[16]. In die memorie is ook beweer dat die sendeling in Moilostat heeltemal gewillig was om van die sendingstasie afstand te doen en sy woning na 'n ander plaas te verskuif. Hoewel die Uitvoerende Raad wel geneë was om die voorstel ten uitvoer te bring, kon die samewerking van Moilo nie verkry word nie en het ook die voorneme misluk[17].

Hoewel dit miskien nie doelbewus gedoen is nie, het die pogings om 'n eie dorp te verkry 'n daadwerklike stoot vorentoe ontvang toe Casper Coetzee aan die einde van 1864 aan 'n sekere Walter Seymore opdrag gegee het om 'n groot skansmuur te bou op sy plaas Hazeah - ook bekend as Hazenjacht - wat hy in 1858 van 'n sekere Rickers gekoop het. Hierdie muur moes van leiklip wees, met elke ses voet 'n skietgat, asook booggingange en verwelwe van steen. In die binneruimte moes afdakke vir skuiling aangebring en ook 'n kerk gebou word. Die bedoeling was om dit as 'n vesting tydens aanvalle van die Bantoes te gebruik. In 1865 is met die bouwerk begin, maar voordat dit voltooi kon word, is Casper Coetzee in Mei 1865 oorlede[18]. Sy swaer Diederick Coetzee het daarop die plaas oorgeneem.

Noudat die pogings om 'n dorp op Moilostat te stig misluk het, het Diederick Coetzee onmiddellik besef dat dié plaas uiters geskik was vir dorpstigting. Benewens die feit dat dit sentraal geleë was aan die ingang van Klein-Maricospoort, was dit ook vroeër tydens die Bantoeonluste gebruik om laer te trek en verder is dit in vredestyd ook reeds gebruik as bymekaarkomplek vir die grootwildjagters en besoekende handelaars om handelstransaksies te beklink. Gevolglik het hy,

---

16. Potgieter, F.J.: Op. cit., p. 71.

17. Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek 1867 - 1967, p. 25. Vgl. ook Pelzer: Op. cit., pp. 139 - 140.

18. Smyman: Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico, pp. 7 - 8.

nadat hy hom vergewis het van die ondersteuning van die bewoners van die gebied[19], die Volksraad om goedkeuring gevra om die plaas vir dorpstigting te gebruik[20].

So oortuig was Coetzee dat hy in sy voorneme sou slaag dat hy nog voordat hy amptelike goedkeuring verkry het, reeds in Desember 1866 sy voorneme bekend gemaak het om sy plaas „Stasia" wat in Klein-Marico geleë is, in erwe te laat opmeet en die helfte daarvan te laat verkoop. Hy het die streek as die beste en vrugbaarste in die „Transvaalsche Republiek" beskryf en ook genoem dat die plaas geskik is vir die verbouing van koffie, katoen, vlas, ens. In die nabyheid was daar ook baie minerale soos koper, yster, lood, verfstowwe, 'n oorvloed van water en brandhout, terwyl die streek gesond is vir groot- en kleinvee en die plaas 'n baie geskikte handelsplek is[21]. 'n Maand later is die advertensie opgevolg met 'n ander een waarin hy onder andere aankondig dat 'n honderd erwe op die 20e Maart 1867 op Potchefstroom te koop aangebied sou word[22]. Hierdie verkoping het op die bestemde plek en tyd plaasgevind. Ter herinnering aan Casper Coetzee sou die naam van die nuwe dorp Coetzeerust wees, maar dit is spoedig verkort tot Zeerust[23]. In hierdie verband is dit interessant om daarop te let dat Diederick Coetzee die naam van die dorp eers Ceres gespel het, maar later Zeerust. Of eg. spelling 'n fonetiese weergawe van die uitspraak is, of miskien na analogie van die naam van die bekende dorp in Kaapland, is nie bekend nie.

In weerwil van hierdie ontwikkeling het J. Viljoen nog in November 1867 'n aanbod aan die regering gedoen om sy plaas Vergenoegd vir dorpstigting te gebruik in ruil vir Moilostat. Op grond van Coetzee se aansoek is die aanbod egter nie aanvaar nie[24]. Hieruit kan afgelei word dat Coetzee se aansoek amptelik goedgekeur is.

---

19. Vgl. Rex: Op. cit., pp. 175 - 177.

20. R862/66: D.J. Coetzee aan M.W. Pretorius, d.d. 27 Aug.1866.

21. Volgens 'n advertensie van Coetzee in The Transvaal Argus, Weekly Gazette of the South African Republic, 25 Des. 1866.

22. Ibid, 31 Jan. 1867.

23. Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek 1867-1967, p. 5.

24. U.R.B., art. 39, 29 Jan. 1868.

D. Coetzee het spoedig besef dat dit in die belang van die ontwikkeling van die dorp sou wees as dit deur die regering oorgeneem word. Gevolglik is die regering by wyse van 'n memorie te dien effekte versoek. Coetzee het aangebied dat die dorp met die insluiting van die weiveld as die eiendom van die staat getransporteer word, op voorwaarde egter dat die grond wat vir 'n skool en kerk bestem was en 'n hoeveelheid opgemete erwe wat hy nog nie verkoop het nie, asook die reg om vir hom nog vyf en twintig erwe te laat opmeet en die wat reeds verkoop is, nie by die oordrag ingesluit sou word nie[25].

Hierop het die Uitvoerende Raad besluit om „genoemde transport te verleenen wanneer den Registrateur van Acten gebleken is dat het Gouvt. genoegzaam gronden en erven aldaar zal krijgen uit welke verkoop een kantoor en tronk kan worden gebouwd[26]".

Zeerust as landdrossetel

Die ontwikkeling van die nuwe dorp word weerspieël in 'n memorie waarin ongeveer 'n honderd stemgeregtigde burgers aan die Volksraad verklaar dat Marico met sy nuwe dorp nie meer soos vroeër deur 'n veldkornet bestuur kon word nie en dat dit mede as gevolg van die groot afstand na Potchefstroom noodsaaklik geword het dat vir die gebied 'n resident-vrederegter aangestel moes word. Die Uitvoerende Raad het die versoek na die Volksraad verwys, met die aanbeveling dat die Staatspresident deur middel van wetgewing gemagtig moet word om waar dit nodig mag word, 'n resident-vrederegter aan te stel[27].

Toe hiermee gesloer is, het waarnemende veldkornet I.F.S. Montgomery van die wyk Klein-Marico weer op 5 September 1869 by die Staatspresident daarop aangedring dat 'n vrederegter op of in die omgewing van die nuwe dorp aangestel moes word. As rede is aangevoer dat vdkt. H.P. Beukes wat in die oostelike deel van die wyk woonagtig was, te ver weg was van die westelike grens van die wyk waardeur die burgers baie ongerief veroorsaak is. Die versoek is na die Landdros van Potchefstroom verwys met die opdrag om 'n persoon as vrederegter vir Marico voor te stel en terselfdertyd voorlopige instruksies

25. Rex: Op. cit., p. 187.

26. Soos aangehaal by Rex: Op. cit., p. 187.

27. U.R.B., art. 97, 5 April 1869.

vir die amptenaar op te stel[28]. Daarop is M.W.D. Morkel vanaf 1 Augustus 1870 aangestel as vrederegter vir die wyk Marico[29].

Nog voor die aanstelling van 'n vrederegter gefinaliseer was, het die burgers van Marico al weer begin agiteer vir 'n eie landdros. So het kmdt. J.W. Viljoen en vier ander burgers die regering teen die einde van 1869 versoek om 'n landdros vir Marico aan te stel[30]. In November 1870 is hierdie memorie opgevolg deur 'n soortgelyke versoek wat deur meer burgers onderteken is[31].

Toe die Volksraad Marico op 30 Oktober 1871 tot 'n selfstandige distrik verklaar het, het Zeerust dan ook die status van 'n landdrossetel verwerf[32]. As kandidate vir die amp van landdros is D.J. Coetzee en J.A.L. Montgomery aangewys. In die verkiesing het Montgomery die meerderheid behaal en het hy in Julie 1872 sy pligte as die eerste landdros van Marico aanvaar. As heemrade is aangewys: J.G.H. Viljoen, J.F. Wilsenach, L.M. Swart, P.T. van Staden, B. van der Merwe, L. van Niekerk, A.J. Gronin en F.J. Coetzee[33].

Met hierdie gebeurtenis is die wordingsjare van Zeerust afgesluit en het sy ontwikkelingsjare as 'n volwaardige dorp begin.

Zeerust ontvang munisipale bestuur

Na die stigting van Zeerust was vanselfsprekend 'n bestuur vir die dorp nodig. Vir die doel is 'n dorpskomitee saamgestel wat op 28 September 1872 hulle eerste vergadering gehou het. Die volgende lede was teenwoordig: J.E. Hutton (vrederegter), voorsitter, D.J. Coetzee, T.P. Sephton, G.J. Oosthuysen, G.P.J. Scheepers en K. Schwan, klerk van die komitee, opsiener van die dorp en waterfiskaal[34]. Een van

28. U.R.B., art. 111, 4 Nov. 1869.

29. Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek 1867 - 1967, p. 28.

30. R22/'70: Memorie aan die President en Uitvoerende Raad, d.d. 15 Des. 1869.

31. R1481/70: Memorie aan pres. M.W. Pretorius, d.d. Nov. 1870.

32. Potgieter, F.J.: Op. cit., p. 71.

33. De Staatscourant, 24 Sept. 1872.

34. Notule van die Dorpskomitee(Zeerust)1872 Sept-1878 April.

die eerste besluite wat geneem is, was om die Staatspresident en Uitvoerende Raad te versoek dat 'n munisipaliteit vir die dorp opgerig word onder die naam Münisipaliteit van die dorp Zeerust. Verder is die nodige regulasies, bestaande uit vyftien artikels, onmiddellik opgestel en op 16 Oktober 1872 aan die owerheid vir goedkeuring voorgelê. Dit is voorlopig goedgekeur[35] en onderworpe aan latere wysiging en bekragtiging in werking gestel[36].

In Oktober 1880 is Zeerust tot 'n „stad" verklaar omdat dit meer as 300 siele bevat het. As grenslyne is geproklameer die lyne van die dorpsveld van Zeerust, soos getransporteer deur D.J. Coetzee aan die regering by Akte van Transport, gedateer 8 November 1879. Verder is ook bepaal dat Zeerust in vier wyke verdeel sal word en is die wyksgrense terselfdertyd bekend gemaak[37]. In November van dieselfde jaar is 'n lys van stemgeregtigde persone vir die eerste verkiesing van raadslede gepubliseer[38].

Hoewel die Dorpskomitee vir K. Schwan op sy eerste vergadering as 'n betaalde amptenaar aangestel het met as een van sy take die van waterfiskaal, het juis die waterkwessie tot veel onenigheid aanleiding gegee. Dit moet egter dadelik gemeld word dat ook ander sake tot die onenigheid bygedra het, soos byvoorbeeld die kerkkwessie[39].

Probleme in verband met die watervore en strate duik telkens op in die notules van die Dorpskomitee. Ook in die korrespondensiekolomme van De Volksstem is die sake telkemale te berde gebring en het dit tot heftige polemieke aanleiding gegee. Onder andere is in Oktober 1875 gekla oor die swak toestand van die watervore langs die strate en die bruggies

---

35. Kennisgewing van die Staatsekretaris, d.d. 30 Junie 1873.

36. Notule van die Dorpskomitee (Zeerust), 1872 Sept - 1878 April.

37. De Staatscourant, 26 Okt. 1880, Kennisgewing ooreenkomstig Wet no. 16 van 1880.

38. De Staatscourant, 16 Nov. 1880: Kennisgewing ooreenkomstig wet no. 16, 1880.

39. Vir besonderhede hieroor sien hoofstuk VI.

daaroor. Dat die water in die vore nie net vir leiwater gebruik is nie maar ook vir drinkwater, kan afgelei word van die klagtes wat ook meer as een keer uitgespreek is oor die onhigiëniese toestand van die water as gevolg van dooie diertjies daarin[40], of van loslopende siek vee en hoenders[41] wat die water bevuil. Of hierdie klagtes waarby die toestand van die strate ook dikwels betrek was, 'n juiste weergawe was van die ware feite en of dit bloot 'n uiting van persoonlike griewe was, is moeilik om te bepaal want die beskuldigings is telkemale in die pers weerlê[42] en is die teendeel beweer[43]. Hoewel diegene wat vir die goeie bestuur van die dorp in die bresse getree het, baie van die klagtes wou afmaak deur dit aan onkunde of selfs persoonlike motiewe toe te skryf, moes alles tog nie altyd heeltemal pluis gewees het nie, want daarvoor het die klagtes te lank aangehou.

Hoe dit ook al sy die watervoorsiening en die verbetering van die strate het voortdurend die aandag van die owerheid geniet. In Januarie 1895 is byvoorbeeld £500 (R1 000) onder die jurisdiksie van die Landdros toegestaan vir die verbetering van die strate[44], en gedurende die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 1898 is £1 000 (R2 000) gespandeer aan die maak en verbetering van strate, sypaadjies en watervore[45].

Die volgende statistieke gee 'n aanduiding van hoe die dorp gegroei het:
Inwonertal: 1873: ongeveer 105 siele; 1880: ongeveer 300 siele; 1894: 700 siele en van 1896 - 1899 word dit aangegee as 800 siele[46]. Geboue: in 1894 was die vernaamste geboue

---

40. De Volksstem, 9 Okt. 1875: Brief van Veritas.

41. Vgl. De Volksstem, 25 Okt. 1882: Brief van Afrikaander,

42. De Volksstem, 26 Nov. 1875: Brief van Mephistopheles.

43. Vgl. De Volksstem, 23 Mei 1883: Brief van Inwoner en De Potchefstroomer, 25 April 1883: Brief van Poenskop.

44. U.R.B., art. 34, d.d. 14 Jan. 1895.

45. Notule van die Tweede Volksraad, verslag van Departement van Publieke Werke, d.d. 20 Julie 1899.

46. Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek vir die jare 1894 - 1899.

die volgende: 'n landdros-, pos- en telegraafkantoor; die gevangenis; Marico executeurskamer; 'n vrymesselaarslosie; vyf winkels en twee hotelle. Verder was daar drie skole en vier kerkgeboue, nl. die van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Engelse Kerk en die Congregational Gesticht of Kerk[47].

2. <u>Ander dorpe</u>

Op 10 Augustus 1886 het 'n memorie uit Marico voor die Volksraad gedien waarin versoek is om Moilo se stat met soveel omliggende grond as wat nodig sou wees, tot 'n tweede dorp in die distrik te verklaar as setel vir 'n resident-vrederegter. Die versoek is egter van die hand gewys omdat die grond wat deur Moilo se stam bewoon is, deur Potgieter aan hulle toegeken is. Die voorwaarde waarop die toekenning plaasgevind het, was dat Moilo hom rustig moes gedra en dit het hy tot sy dood gedoen. Hoewel Ikalafijn daarna in verset teen die Blankes gekom het, het dit, volgens die Volksraad, nie die saak verander nie want hy het sy straf nagekom[48].

a. <u>Ottoshoop</u>

Vanweë die ontwikkeling van die Malmaniegoudveld, genoem na die Malmanierivier, sou dit vanaf 1886 toe die aanwesigheid van edel-metale bewys is[49], spoedig noodsaaklik word om ter wille van die doeltreffende administrasie van die gebied en die handhawing van die wet en orde 'n dorp in die gebied te proklameer.

Gevolglik is in Julie 1887 besluit om vir die doel 500 morge van die plaas Zeekoevley no. 98 teen £2 (R4) per morg van 'n sekere Kirstein aan te koop[50]. Opdrag is hierna aan die landmeter, J.E. de Villiers, gegee om die erwe uit te meet en die plan van die uitleg van die dorp op 'n kaart aan te bring en vir goedkeuring deur te stuur.

---

47. <u>Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor 1894</u>, p. 223. Vir die datums waarop die onderskeie kerkgeboue opgerig is, kyk hoofstuk VI hieronder.

48. <u>Notule van die Volksraad</u>, art. 1379, d.d. 10 Aug. 1886.

49. Vir volle besonderhede sien hoofstuk VII hieronder.

50. U.R.B., art. 244, d.d. 16 Julie 1887.

Na die nodige voorbereiding getref is, is amptelik aangekondig dat op die 4e April ṉ openbare veiling gehou sou word waarop 1 800 standplase onder sekere voorwaardes verpag sou word. Volgens die verkoopsvoorwaardes sou aan belanghebbendes die voorkeurreg gegee word om teen die gereelde betaling van ṉ standlisensie ṉ standplaas onder die wetlike bepalings te okkupeer en te bebou. Hierdie reg sou vir nege en negentig jaar geldig wees, maar geen kompensasie sou van staatsweë uitbetaal word indien die delwerye binne die tydperk gesluit word nie[51].

Ten tye van die dorpstigting was daar alreeds verskeie geboue en instansies op die plaas gevestig en het dit nog steeds vermeerder. So was daar reeds ṉ poskantoor, twee negosiewinkels, verskeie bakkerye en slaghuise asook twee goeie hotelle en ṉ aantal wonings. Ook het ds. S.J. van der Spuy van Zeerust elke maand daar ṉ diens gehou en het sy broer daar ṉ skool gehad met vier en vyftig leerlinge[52].

Eerste amptenare

Om in die behoefte van die administrasie te voorsien is Nathaniel van den Berg op 21 Januarie 1887 aangestel as die eerste mynkommissaris. Hy het sy werksaamhede op 24 Januarie, dus nog voor dorpstigting, in sy kantoor op Zeekoevley begin. In die begin van die daaropvolgende jaar is ook ṉ Blanke polisiekonstabel aangestel. Sy pligte sou nie net die handhawing van wet en orde behels nie, maar hy is ook verantwoordelik gemaak vir die maak van strate en pleine[53].

Op 25 Julie 1888 is Van den Berg tot spesiale landdros bevorder en is sy kantoorpersoneel aangevul met ṉ publieke aanklaer en ṉ bode. Dit het beteken dat die landdros van Zeerust se verpligtinge op Ottoshoop gestaak is[54]. Van der Berg is as mynkommissaris opgevolg deur J.A.P.H. Eckhout[55].

---

51. De Staatscourant, 21 Maart 1888, Kennisgewing no. 92.

52. De Volksstem, 25 Aug. 1887.

53. R191/88: Mynkommissaris aan Staatsekretaris, d.d. 28 Des. 1887.

54. U.R.B., art. 489, d.d. 5 Sept. 1888.

55. R7382/88: Spesiale Landdros aan Staatsekretaris, d.d. 16 Aug. 1888.

Algemene ontwikkeling

Met sy stigting is 'n rooskleurige toekoms vir Ottoshoop voorspel. Dit was naamlik die vernaamste geproklameerde invoerpoort aan die wesgrens vir goedere wat die Republiek via Mafeking binnegekom het. Gedurende 1896 was die invoerregte wat op ingevoerde goedere gehef is, ongeveer £6 000 (R12 000) en in 1897 het dit gestyg na ongeveer £7 000 (R14 000). Ook wat die bevolking betref, gee die volgende syfers 'n beeld van die groei van die dorp: In 1894 was daar 100 Blankes, in 1896 500 en in 1898 bereik dit die hoogste aantal, naamlik 600. In 1899 het die aantal Blanke inwoners reeds gedaal tot vyf honderd en vyftig[56], wat 'n aanduiding is dat die dorp begin kwyn het toe die goudopbrengs verminder het.

Soos reeds uit die stigtingsvoorwaardes geblyk het, was Ottoshoop eintlik maar net 'n dorp wat in die behoeftes van die delwers moes voorsien. Sy ontstaan was dus nie in die ontwikkeling van die distrik gewortel nie; daarom het die voorspoed en vooruitgang van die gebied nie die uitbreiding van die dorp gewaarborg nie. Vir sy bloei was Ottoshoop aangewese op die wispelturige geluk van die delwer wat per slot van rekening maar 'n swerwer is. Toe die illusie van ongekende rykdom dus vervaag het en die delwers hulle geluk elders gaan beproef het, het die dorpie geen toekomsmoontlikhede meer gehad nie.

b. Jacobsdal

Hoewel Jacobsdal wat ongeveer agt myl ten suide van Zeerust geleë is, nie amptelik as 'n dorp erken is nie[57], was dit tog 'n belangrike handels- en kerksentrum.

Van die vroegste jare af het die jagters en reisigers na die noorde deur Marico gegaan en was Jacobsdal die plek waar hulle hul laaste lewensmiddele aangeskaf het. Gevolglik het dit spoedig 'n florerende handelsentrum geword. Met die

---

56. Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek vir die jare 1894 - 1899.

57. Argief landdros Marico: Inkomende stukke 1872 - 1879. Goewermentsekretaris aan die landdros van Zeerust, d.d. 13 Des. 1872.

erkenning van Zeerust as dorp het byna al die sake-ondernemings egter daarheen verskuif[58] en het daar op Jacobsdal geen uitbreiding meer plaasgevind nie. So het die inwonertal vanaf 1894 tot 1899 - die enigste tydperk waarvoor vergelykende syfers bestaan - konstant op ongeveer 150 gebly[59].

Jacobsdal was egter nie net 'n handelsentrum nie, maar ook 'n baie belangrike plek in die geskiedenis van die N.G. Kerk in Marico. Dit was nie alleen die plek waar die N.G. gemeente van Marico op 15 Augustus 1868 onder leiding van ds. F.L. Cachet gestig is nie[60], maar ook die plek waar die eerste kerkgebou van genoemde gemeente opgerig is[61].

Jacobsdal was ook 'n onderwyssentrum. Kort na die stigting van die N.G.Kerk aldaar is die eerste wykskool daar geopen en het dit voortbestaan tot in 1875, toe die onderwyser, mnr. C.J. Albertyn, sy dienste gestaak het[62].

c. <u>Lichtenburg</u>

Reeds in die jaar 1866 is daar stappe gedoen om Lichtenburg as dorp aan te lê toe vdkt. H.A. Greeff sy plaas Doornfontein vir die doel beskikbaar gestel het. Op hierdie stadium was die regering egter nog nie geneë om die voorstel goed te keur nie[63].

Op 15 Januarie 1872 is die saak weer aangeroer toe 'n memorie uit die wyk Boven-Hartsrivier ingedien is, waarin daarop gewys word dat reeds ses jaar vantevore aangedring is dat 'n dorp gestig moes word. Die versoek word weer eens herhaal, maar die regering was nog steeds ongeneë om dit toe te staan en het as rede aangevoer dat die distrik Marico kort

---

58. Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico, p. 2.

59. Staatsalmanak der Zuid-Afrikaanse Republiek vir die jare 1894 - 1899.

60. Eeufeesblad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Zeerust 1868 - 1968, p. 15. Vgl. ook Scholtz, G.D.: Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde kerk van Suid-Afrika 1842-1885. (N.G.Kerk-uitgewers, Pretoria, 1956), pp. 221 - 222.

61. Volle besonderhede volg op p. 142 e.v.

62. Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico, pp. 20 - 21. Meer besonderhede oor die onderwys in die gebied volg in hoofstuk V.

63. U.R.B., art. 30, d.d. 18 Mei 1866.

tevore in die lewe geroep is[64]. Hiermee is die saak nie gewonne gegee nie, veral omdat daar toe reeds begin is om 'n aantal erwe uit te lê en daarvan reeds verkoop en bewoon was. Omdat dit 'n onhoudbare toestand geskep het, is die regering nog eens versoek om dorpstigting goed te keur. As 'n bykomstige rede is hierdie keer aangevoer ,,.. noodzakelijkheid van meerdere jurisdictie zoo na aan de kaffergrenzen"[65].

Hierdie ideaal het binne bereik gekom toe pres. Burgers op 16 April 1873 'n byeenkoms op die plaas Doornfontein toegespreek het. By die geleentheid is met die eienaars van die aangrensende plase Doornfontein en Middelbosch 'n ooreenkoms aangegaan waarvolgens hulle hul plase afgestaan het, aan die regering vir die stigting van 'n dorp. Op 25 Julie 1873 is die ideaal verwesenlik toe die Staatspresident die stigting van die dorp Lichtenburg op genoemde twee plase geproklameer het[66]. 'n Paar weke later, op 16 Augustus, het S. Melville die eed afgelê as kommissaris van die nuwe dorp en nog voor die einde van daardie maand het hy met sy ampspligte begin[67].

In Junie 1882 het die Volksraad op voorstel van die Uitvoerende Raad Lichtenburg tot 'n selfstandige distrik verklaar en opdrag gegee om die grenslyne van die nuwe distrik vas te stel[68]. 'n Volle jaar het egter verloop voordat Lichtenburg op 15 Junie 1883 tot 'n onafhanklike distrik verklaar is, met J.H. Maartens as die eerste landdros[69].

---

64. U.R.B., art. 63, d.d. 23 Mei 1872.

65. R357-360/72: Verskillende memories uit Lichtenburg aan die waarnemende Staatspresident en Staatsekretaris.

66. De Staatscourant, 19 Aug. 1873, Proklamasie deur pres. Thos Burgers, d.d. 25 Julie 1873.

67. De Staatscourant, 19 Aug. 1873. Goewermentskennisgewing no. 1273.

68. U.R.B., art. 230, d.d. 16 Junie 1882; Notule van die

69. Inleiding tot die indeksering van die Argief Marico, pp. 58 - 59.

## 3. Die samelewing in Marico

Aangesien Zeerust die hoofdorp in die Maricodistrik is, is die lewenshouding en -opvattinge soos dit in die dorp geopenbaar is, nagevors en word in die volgende paragrawe ꞌn beeld daarvan gegee as synde ꞌn weerspieëling van die distrik. Dit is ook gedoen omdat oor sekere aspekte verreweg die meeste berigte in die nuusblaaie betrekking het op die gebeure in die dorp. Waar dit van toepassing is, word wel na die distrik ook verwys.

### a. Die sosiale lewe

Op sosiale gebied het die inwoners van Zeerust ten spyte van onenighede op ander terreine soos byvoorbeeld ten opsigte van dorpsbestuur en kerkkwessies[70], ꞌn rustige lewe gelei.

Zeerust was ꞌn „fraaije" en romantiese dorpie met pragtige skaduryke bome waaronder verliefde paartjies graag gewandel het[71]. Dit was dan ook die gewoonte om saans te gaan stap en oor en weer besoek af te lê. Die aanwesigheid van Bantoes in die strate het dit egter in die aande onveilig gemaak; daarom het landdros C.B. Otto as eerste maatreël na sy ampsaanvaarding opdrag gegee dat ꞌn aandklok-reël ingestel moes word. Sodra die klok gelui is, moes die Bantoes die strate verlaat en was dit terselfdertyd ꞌn teken „... aan alle goeden christenen, dat zij kunnen ronddolen of elkaar bezoek brengen zonder gevaar van te worden lastig gevallen door eenige menigte dronken, schreeuwende en razende swarten"[72].

### b. Die kulturele lewe

In ꞌn berig van De Volksstem van 10 Augustus 1880 is daar vir die eerste keer melding gemaak van musiekuitvoerings op ꞌn georganiseerde basis. Teen 1885 het sulke uitvoerings gereeld plaasgevind en het die Choralvereniging maandelikse uitvoerings begin gee wat baie gewild was en baie aangename

---

70. Sien p. 96 e.v. Vgl. ook hoofstuk VI hieronder.

71. De Volksstem, 2 Oktober 1883.

72. De Volksstem, 7 Junie 1882.

ure van genot verskaf het[73].

In die distrik is geloftefeeste gevier. Veral die plaas Rietvlei was volgens berigte 'n gewilde feesterrein en is selfs in die pers van die verrigtinge aldaar verslag gedoen. So is byvoorbeeld die volgende vermeld van die feesprogram op 16 Desember 1896: Groot seile is op die terrein gespan waaronder treffende redes gehou is. Aan die einde van die fees het elke feesganger 'n klip geneem en is 'n klipstapel gebou, met die belofte om elke jaar die dag te vier ter betaling aan die Here[74]. Dat die gelofte die volgende jaar nagekom is, blyk uit 'n soortgelyke berig van die jaar se verrigtinge[75].

Die belangstelling en liefde vir die Afrikaanse taal wat deur die G.R.A. in die suide opgewek is, het spoedig ook in Zeerust weerklank gevind. Blyke hiervan is 'n poging wat in 1882 aangewend is om in Afrikaans te dig. Die gedig wat onder die skuilnaam David Appel verskyn het, is 'n hekeling van ene „Daatje advocaat" wat op Zeerust gewoon het, en so baie kon praat. Wat die taal betref, is daar onmiskenbare tekens van Afrikaans en die invloed van Die Patriot blyk baie duidelik uit die laaste twee verse[76].

---

73. De Potchefstroomer, 23 Sept. 1885: Brief van Bijwoner.

74. De Volksstem, 23 Des. 1896.

75. De Volksstem, 31 Des. 1897.

76. Die eerste strofe van die gediggie van Dawid Appel lui soos volg:
Voor de eerste maal sit ek mij neër,
En wil in Afrikaans perbeer -
Dock liever op een ander keer -
Of ik ook nie kan dig nie,
En kom dit dalk een bitjie sleg,
Oom Jan, maak dat dan tog maar reg,
Al is dit nie jou plig nie.
(De Volksstem, 25 Okt. 1882)

Welkome afwisseling van die daaglikse lewe is deur die Nuwejaarsfeeste gebring. Die feeste was baie gewild en is gewoonlik deur almal gevier. Van al die feeste was die van 1 Januarie 1891 ŉ besondere geleentheid wat met buitengewone geesdrif en opgewondenheid gevier is omdat president Kruger self teenwoordig was. Talle Blankes asook die Bantoekapteins Ikalafijn en Gopani met baie van hulle onderdane was teenwoordig. Die President is die oggend tegemoetgery en met sarsies geweerskote verwelkom. Daarna is hy na die dorp wat met vlae en ŉ ereboog versier was, begelei. Na sy aankoms is ŉ adres aan hom voorgelees. Die aand is die feesvierings met ŉ deftige eetmaal afgesluit[77].

c. Sport en ontspanning

Reeds aan die einde van 1882 word berigte in die pers gevind waarin vermeld is dat die inwoners van Zeerust Woensdagmiddae gebruik het vir die beoefening van buitemuurse sport. Onder die benaming sport moet eintlik maar net krieket verstaan word, want benewens perderesies is dit die enigste sportsoort waarvan verslag gedoen is. Op Woensdagmiddae was die dorp baie lewendiger as op ander weeksmiddae. Onmiddellik na die middagete het baie van die mans hulle kolwe geneem en hulle na die krieketveld gehaas om te gaan oefen. Hierdie besondere belangstelling in krieket was nie net tot die mans beperk nie, selfs die dames het besondere belangstelling getoon en die wedstryde gereeld bygewoon om te sien hoe hulle geliefdes voor die penne vaar[78]. Die besondere entoesiasme blyk ook daaruit dat ŉ krieketwedstryd op ŉ bepaalde Woensdagmiddag gespeel is ten spyte van ŉ swaar reënbui wat die oggend oor Zeerust uitgesak het[79].

Omdat daar nog nie ander klubs in die omgewing was teen wie meegeding kon word nie, moes die inwoners van die dorp dikwels wedstryde onder hulle self reël. Populêre wedstryde

---

77. De Volksstem, 15 Jan. 1891.

78. De Volksstem, 25 Nov. 1882.

79. De Volksstem, 23 Des. 1882: Brief onder skuilnaam Zeerust.

was die wat tussen getroudes en ongetroudes plaasgevind het, byvoorbeeld op Kersdag 1882 toe die ongetroudes die getroudes 'n „vernederende" neerlaag toegedien het. Die goeie gees waarin die wedstryd plaasgevind het, word verder weerspieël deur die feit dat die getroudes die ongetroudes onmiddellik weer uitgedaag het tot 'n „weerwraakwedstryd" op nuwejaarsdag 1883. Ook by 'n latere geleentheid toe 'n uitgenooide klubspan nie opgedaag het nie, is 'n soortgelyke wedstryd gespeel[80].

Namate die bevolking op die Malmaniegoudveld vermeerder het, is daar later ook teen hulle wedstryde gespeel. In 1887 is naamlik op die goudveld 'n krieketklub gestig met 'n groot aantal spelers en 'n rooskleurige toekoms is vir die klub voorspel[81].

Wedstryde is van toe af ook teen ander dorpe gespeel. In Oktober 1887 het die Malmanieklub byvoorbeeld teen Potchefstroom op laasgenoemde se veld gespeel[82], terwyl Zeerust op sy beurt ook teen Rustenburg wedstryde gespeel het[83].

d. Jeugverenigings

Die feit dat verreweg die meeste kinders slegs laeronderwys ontvang het en dat daar na die aflegging van geloofsbelydenis niks meer in die verband gedoen is nie, het daartoe gelei dat die kennis spoedig verlore gegaan het. Dit het verskeie mense verontrus en daar is gevoel dat iets gedoen moes word om die leemte te vul. Gevolglik is daar teen die einde van die 19de eeu daadwerklike pogings aangewend om die jeug in verenigings saam te snoer om hulle beter voor te berei vir die toekoms.

Onder leiding van mnr. J. Hamer is die eerste jeugvereniging teen die helfte van 1898 in die wyk Klein-Marico gestig

---

80. De Volksstem, 21 Jan. 1883.

81. De Volksstem, 5 Julie 1887.

82. De Volksstem, 6 Okt. 1887.

83. De Volksstem, 25 Sept. 1888. Meer besonderhede oor die wedstryd op Rustenburg word verstrek in Pretorius, Z.L.: Op. cit., pp. 82 - 83.

onder die naam Christelike Jongelingsvereniging van Klein-Marico. Die doelstellings was die volgende:

(i) Die bevordering van die geestelike lewe deur die lees van die Bybel en godsdiensoefening.

(ii) Om christelike werk te verrig.

(iii) Die ontwikkeling van die verstand deur debatte en voorlesings te hou en leeskamers te voorsien.

(iv) Om die skietkuns te verbeter deur op gereelde tye skietwedstryde en wapenskoue in oorleg met die kommandant en veldkornet van die wyk en distrik te hou.

As lede is toegelaat almal wat:

(i) Veertien jaar en ouer was.

(ii) Geglo het in Jesus Christus en hulle lewe ten dienste van ander wou stel.

(iii) Ons nasionale gevoel wou aankweek en opbou.

(iv) Die regering in alle regverdige optredes steun en bereid was om vir die vryheid en die onafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse Republiek te leef en te sterf[84)].

Hierdie lofwaardige vereniging wat die weerbaarmaking van die jeug nagestreef het, het spoedig op ander plekke in die distrik navolging gevind. Verskeie ander jeugverenigings is gestig, soos debatsverenigings, sangverenigings en skietverenigings. Op die plaas Waterkloof in die wyk Groot-Marico is byvoorbeeld n skietvereniging gestig met die doel om sy lede te leer om sekuur te skiet ten einde die fisiese weerbaarheid van die land te verhoog[85)].

Die ledetal van die verskillende verenigings het vinnig toegeneem. Die Pieter Retiefskietvereniging in die wyk Klein-Marico het binne twee maande sewe en sestig lede gehad. Die lewenskragtigheid van die verenigings spreek byvoorbeeld uit n uiters geslaagde byeenkoms wat op die plaas Kafferskraal gereël is ter ere van die President se drie en sewentigste verjaardag. Ter aanvang is toesprake gehou wat getuig het van die vurige liefde vir die President. Daarna is n skyfskietkompetisie gehou waarin die jonger lede van tien tot vyftien jaar die oueres uitgestof het. Die derde afdeling van die program het uit alletieknommers bestaan.

---

84. De Volksstem, 6 Julie 1898: Berig deur J. Hamer.

85. De Volksstem, 27 Julie 1898.

Hoe belangrik hierdie gebeurtenisse in die oë van die volwassenes was, blyk daaruit dat hoewel daar nie geld vir pryse was nie, die wenners tog op 'n tasbare wyse bekroon is. Die voorsitter het 'n orrel ter waarde van £5 (R10) geskenk, die penningmeester 'n horlosie en ketting en die sekretaris 'n boekprys[86].

Hoewel die verenigings nie die skolastiese kennis van die jeug kon aanvul nie, mag die betekenis hiervan nie onderskat word nie omdat die verenigings beslis daarin geslaag het om 'n nasionale trots by die jeug aan te kweek en sodoende die weerbaarheid van die staat versterk het.

## 4. Samevattend

Te danke aan die vrugbaarheid van die Maricogebied en die handelsartikels wat uit die jag verkry kon word, het die Blanke bevolking vinnig toegeneem. As gevolg van die lang afstande wat na Potchefstroom afgelê moes word om die kerk daar by te woon en die produkte te verhandel, het die behoefte aan 'n eie dorp spoedig ontstaan. Nadat Zeerust dan ook in 1867 gestig is, het dit weer daartoe gelei dat die gebied aanspraak kon maak op 'n eie landdros. Hierna was die verkryging van 'n onafhanklike landdrosdistrik 'n onvermydelike gevolg, wat in 1871 werklikheid geword het.

Dit het verseker dat die gebied effektief geadministreer kon word. Gevolglik kon die gemeenskap ten spyte van kleiner onderlinge verskille rustig en ordelik ontwikkel, want dit was onder andere een van die pligte van die landdros om 'n goeie verhouding tussen Blanke en Nie-Blank te bewerkstellig. Dit is ook opmerklik dat van die tyd af groot vooruitgang gemaak is op die gebied van die onderwys, die godsdiens en die ekonomie. Hier moet egter toegegee word dat die boerdery in die negentigjare groot terugslae ondervind het, maar dit was te wyte aan onbeheerbare faktore soos droogte en die runderpes.

---

86. De Volksstem, 9 Nov. 1898: Berig deur J. Hamer.

H o o f s t u k V

# DIE ONDERWYS VAN DIE BLANKES IN MARICO[1]

## 1. Die algemene toestand tydens die Groot Trek

Die Voortrekkers was tydens die trek uiters gesteld op hulle godsdiens en die onderwys en opvoeding van hulle kinders. Wat die godsdiens betref, kon die Trekkers nie daarin slaag om ŉ predikant saam met hulle op trek te kry nie. Vir sover dit die onderwys betref, het hulle egter, hoewel dit heeltemal ontoereikend was, ongeveer sewe of agt skoolmeesters saam met hulle op trek gehad[2].

Die omstandighede tydens die Groot Trek het natuurlik meegebring dat daar van gereelde onderwys geen sprake was nie, maar tog het die allernoodsaaklikste onderrig van die jeug nooit ontbreek nie. Vroeg in die oggende en saans by die lig van die vetkers is die onderrig waargeneem, hetsy in die familiekring deur hoofsaaklik die moeder of in breër kring deur die saamtrekkende onderwyser.

Die onderwys was in alle opsigte ŉ praktiese onderwys. Die seun en dogter moes van jongs af leer om die harde Trekkerslewe met al sy gevare en ontberings te verduur. Die seun is voorberei om ŉ nuttige boer en die dogter om ŉ ware huisvrou te wees. Maar as aanvulling daarvan was daar ook ŉ ander praktiese opvoeding in ŉ breër sin van die woord: die Trekkerskind is voorberei as kind van God vir die ewige lewe. Die hele sedelik-godsdienstige opvoeding van die kind was bedoel vir en ingerig op ŉ voorbereiding vir die aflegging van geloofsbelydenis. Daarom was die eintlike opvoeding ŉ godsdienstige want godsdiens was vir die Trekker die mees praktiese saak in sy lewe. Om dit te kon doen was dit essensieel om die kind te leer om die Bybel selfstandig te kon lees en dit het weer ŉ deeglike elementêre onderrig in lees, skryf, spelling, taal en sang meegebring.

---

1. Vir hierdie hoofstuk is as hoofbron gebruik: Snyman J.J.: ŉ Historieskritiese studie oor die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die distrik Marico Transvaal 1848 - 1948.

2. Coetzee, J.C.: Onderwys in Transvaal 1838 - 1937 (J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1941), p. 10.

So het die ideaal van die aflegging van geloofsbelydenis en die vooruitsig om in die huwelik te kon tree veroorsaak dat die Trekker sy kulturele ontwikkeling bly handhaaf en waardeer het[3] en die verstandelike en sedelike agteruitgang van die kinders voorkom is[4].

Die belangrike plek wat die opvoeding in die lewe van die Trekkers ingeneem het, kom duidelik na vore in die eed wat Piet Retief moes aflê toe hy as goewerneur ingesweer is. In sy eed is n noue verband gelê tussen Kerk en Staat aan die een kant en Kerk en Onderwys aan die ander kant, wat baie jare lank die rigsnoer sou wees vir toekomstige wetgewing in verband met die onderwys in die latere Republieke[5].

Gedurende die vestigingsjare van die Blankes in die binneland het dit nog lank die taak van die ouers gebly om self vir die onderrig van hulle kinders te sorg omdat dit nog n geruime tyd sou duur voor die regering verantwoordelikheid daarvoor kon aanvaar. Uit die aard van die vestigingsprobleme is dit vanselfsprekend dat die oueronderrig aanvanklik baie ongereeld was. Noodwendig moes alle aandag en krag gewy word aan die opbou van die plase en hiervoor was die hulp van die kinders onontbeerlik[6]. Ook die twee-plaasstelsel (n saaiplaas in die hoërliggende dele en n beesplaas in die bosveld) het veroorsaak dat baie families eintlik voortdurend op trek gebly het, waardeur sistematiese onderwys op die platteland verder bemoeilik en vertraag is[7]. Benewens al hierdie struikelblokke moet ook nog genoem word dat daar n groot skaarste aan onderwysers was[8].

---

3. Ibid, pp. 12 - 15. Vergelyk ook Lugtenburg, A.H.: <u>Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836 - 1900</u> (J.L. van Schaik,Bpk., Pretoria,1925)pp. 20-21.

4. Snyman: <u>Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico</u>, p. 165.

5. Vir volle besonderhede in hierdie verband kyk Lugtenburg: Op. cit., pp. 19 - 20.

6. Jooste, J.P.: <u>Die geskiedenis van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika 1859 - 1959</u> (Potchefstroom Herald(Edms) Bpk., 1958), p. 294.

7. Lugtenburg: Op. cit., p. 62.

8. Coetzee: Op. cit., pp. 15 - 16.

## 2. Die maatskaplike toestand in die beginjare in Marico

Die toestand van die onderwys in Marico gedurende die vestigingsjare was 'n spieëlbeeld van die algemene toestand van die hele Transvaal. Die hoofdoel, soos ook elders, was om die boerdery so gou moontlik op 'n vaste voet te kry en vanweë die skaarste aan Bantoearbeid moes elke lid van die gesin sy of haar deel bydra. Boonop het die vyandige houding van die terugkerende Bantoes daartoe gelei dat Marico gedurende die vyftigerjare in 'n staat van oorlog met die verskillende stamme in die gebied verkeer het[9]. Hierdie verhouding tussen die twee rassegroepe het verder tot gevolg gehad dat die Blankes hulle plase vir lang tye moes verlaat en onbewerk laat lê het, waardeur hulle finansieel groot skade gely het. Dié toestand het nie net die onderwys ernstig belemmer nie maar ook daartoe gelei dat sommiges naderhand so behoeftig was dat hulle nie eers meer in staat was om in rustige tye rondgaande onderwysers te huur nie[10].

By dié toestand is nie sonder meer berus nie en die plig ten opsigte van die verstandelike en religieuse ontwikkeling van die kinders is deur elke huisgesin gevoel en die ouers, veral die moeder, het die onderrig na die beste van hulle vermoë behartig. Die Bybel moes gelees kon word en stukke uit die hoof geleer word, terwyl uit die psalm- en gesangboek gereeld gesing is. Die godsdienstige boeke wat die kennis kon verryk en die grondslag van die vroegste onderwys gevorm het, was die volgende: á Brakel, Mell en Smytegeld. Verder is naas die Bybel ook gebruik gemaak van die <u>Kort Begrip</u>, die <u>Borstius</u>, die <u>Trap der Jeugd</u> en die <u>Kinderharp</u>[11].

Hierdie toestand het duidelik aan die lig gekom met die besoeke van reisigers en veral predikante aan die gebied. So skryf Sanderson teen die einde van die veertigerjare dat

---

9. Vergelyk hoofstuk III hierbo.

10. Snyman: <u>Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico</u>, pp. 14 - 15.

11. Ibid.

daar ŉ groot gebrek aan gekwalifiseerde onderwysers was. Die wat wel daar was, was deserteurs uit die Engelse diens, wie se kennis maar baie gebrekkig was. Hulle het van plaas tot plaas ingewoon en die kinders onderrig teen 4/6(45c) per uur. Sanderson meld verder dat die ouers tevrede was met die onderwys as hulle kinders die Bybel en die Kategismus kon lees. Die skryf- en rekenvaardigheid was volgens hom op ŉ baie lae peil[12].

Met die besoek van predikante, soos dié van di. P.E.Faure en W. Robertson in 1848, ds. A. Murray in 1849 - 50 en di. A. Murray en J.H. Neethling in 1852, het twee sake baie duidelik na vore getree: Aan die een kant die verwaarlosing wat daar was as gevolg van die gebrek aan behoorlike onderrig. Dit is o.a. bewys deur die gebeure by ŉ nagmaalsgeleentheid wat ds. Murray ten huise van D. Robbertse in „de Zwarte Ruggens" waargeneem het. Slegs agtien uit twee en veertig jongmense is by dié geleentheid toegelaat om belydenis van geloof af te lê[13]. Die ander moes eers nog verdere onderrig ontvang voordat hulle toegelaat kon word. Die ander aspek wat duidelik na vore getree het, was die brandende begeerte by die Blankes om ŉ eie predikant te hê. Hierdie behoefte is versterk deur die dwaalleringe wat by die Jerusalemgangers[14] posgevat het. Dit het aan ds. Murray getoon „... de dringende behoefte die er bestaat om een leeraar te hebben"[15].

Na die besoek van ds. D. van der Hoff, die eerste vaste predikant noord van die Vaalrivier[16], het hy ŉ donker prentjie geskilder van die toestande wat in Marico geheers het ten opsigte van die kultuurlewe en onderwystoestande. Hy het o.a. die volgende in sy verslag geskryf:„De onkunde onder het opkoomend geslacht, dat is te zeggen tot den ouderdom van veertig jaar toe, is verregaand; natuurlijk met enkele uitzonderingen. De oudere van dagen die in de Kolonie nog godsdienstige opvoeding genoten hebben, zijn nog eenigzins

---

12. Sanderson: Op. cit., p. 248.
13. Spoelstra, C.: Op. cit., p. 87.
14. Meer besonderhede oor die Jerusalemgangers word gegee in hoofstuk VI. p. 149 e.v.
15. Spoelstra, C.: Op. cit., p. 87.
16. Volledige besonderhede i.v.m. ds. D. van der Hoff word gevind in Erasmus, F.W.L.: Ds. Dirk van der Hoff ŉ kritiese beoordeling van sy werksaamhede in die Suid-Afrikaanse Republiek (ongepubliseerde M.A. verhandeling,P.U.K. vir C.H.O., 1949).

ervaren; dat is te zeggen: het grootste gedeelte zweert bij à Brakel en Hellebroek. Het gros echter is verwilderd, naar ziel en lichaam, want ge moet u ook niet voorstellen, dat het allen zulke frissche, forssche, gespierde menschen zijn, och neen. Het grootste gedeelte is ook maar middelmatig, ja van sommigen is het aan te zien, dat zij zoowel naar de ziel als naar lichaam van de jeugd af aan schrikkelijk verwaarloosd zijn. Schrijven of rekenen kunnen slechts weinigen, ja er zijn selfs landdrosten die hun naam niet eens kunnen teekenen. Wat het leezen aangaat, o, daar heeft men Job's geduld voor noodig om het aan te hooren. Zij kunnen, ja, meest allen, leezen, maar zoo, dat ze er bijna geen jota van begrijpen"[17]. Hoewel ds. Van der Hoff hier klaarblyklik met 'n verkeerde maatstaf gemeet het omdat hy nog onder die indruk en invloed van die Europese kultuurlewe was, het dit tog getoon dat aan die godsdienstige sowel as opvoedkundige belange in alle erns aandag gegee moes word.

Na sy bevestiging te Potchefstroom het hy hom daadwerklik met die onderwys bemoei. Na sy aanstelling in Nov. 1853 as opsiener oor die skole in die Transvaal[18], het hy 'n reglement oor die onderwys, bekend as die Van der Hoff-reglement, uitgevaardig. Die reglement is met 'n geringe wysiging deur die Volksraad aangeneem, waardeur die onderwys onder die plaaslike beheer van die kerk gestel is[19].

Ongelukkig het die noue verband tussen kerk en skool 'n nadelige uitwerking op die onderwys gehad. Die aanleiding hiertoe was die rusie tussen ds. Van der Hoff en J.A. Smellekamp wat in die begin van 1854 in die Transvaal aangekom het. Dit was nie na sy sin dat ds. Van der Hoff sonder sy medewete predikant in die Transvaal geword het nie. By die Pretorius-mense was hy (Smellenkamp) ook nie 'n gewilde persoon nie. Hierdie onenigheid het gevolglik by die teëstanders van Pretorius in Lydenburg weerklank gevind en tot

---

17. Aangehaal by Lugtenburg: Op. cit., pp. 45 - 46.

18. Erasmus: Op. cit., p. 83.

19. Ibid.

ernstige verdeeldheid aanleiding gegee[20].

Tot nadeel van die gesonderontwikkeling van die onderwys het van die onderwysers, wat toe reeds in Transvaal onderwys gegee het, ook hierby betrokke geraak en wel as teëstanders van ds. Van der Hoff, en dit het daartoe gelei dat die skool op Potchefstroom gesluit is[21]. Dit het gebeur toe H. van der Linde geweier het om ds. Van der Hoff langer as predikant te erken en ook nie voor die kerkraad wou verskyn nie. Ook J.W. Spruyt, wat Smellenkamp ondersteun het, het die Transvaal verlaat en na Bloemfontein gegaan. Hierdie ongelukkige toestand het die onderwys baie nadelig beïnvloed[22] en die toestand sou eers weer vanaf 1859 verbeter toe van regeringsweë voorsiening gemaak is dat die beheer oor die onderwys van die plaaslike kerkrade oorgegaan het na die regering[23].

3. Ontwikkeling van die onderwys in Marico: Kerkskole

Na die stigting van die N.G. Gemeente te Jacobsdal in 1868 en die N.H. Gemeente te Zeerust in 1871[24], het die twee gemeentes kerkskole gestig en katkisasiemeesters aangestel. Die doel was om die jeug voor te berei vir volle lidmaatskap van die kerk. Lees, rekene en skrif is egter ook onderrig, want dit het vanselfsprekend die basis van alle onderrig gevorm.

Vir die N.H. Kerk het Piet van der Westhuizen, Piet Lemmer en Gert Oosthuizen waardevolle werk in die verband gedoen, en vir die N.G. Kerk was Johannes van Wyk, F. Joubert en P. van der Berg ware steunpilare.

Uit die aard van omstandighede het doeltreffende fasiliteite totaal ontbreek en gewoonlik het 'n woon- of pakkamer as

---

20. Meer besonderhede hieroor kan nagelees word in Lugtenburg: Op. cit., pp. 49 - 50, en Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (J.H. de Bussy, Pretoria, 1953), pp. 100 - 105. Vgl. ook Scholtz: Op. cit., pp. 104 - 110.

21. Pretorius, Z.L.: Op. cit., p. 20.

22. Vir meer besonderhede raadpleeg Lugtenburg: Op. cit., pp. 50 - 51.

23. Coetzee: Op. cit., p. 22.

24. Meer besonderhede hieroor volg in hoofstuk VI.

'n skoollokaal gedien. Skoolgelde was 'n plaaslike reëling en die kinders moes hulle eie skoolboeke verskaf. Leerlinge het die skole selde vir langer as ses maande bygewoon; in die meeste gevalle was die bywoning maar ongeveer drie maande.

Die Gereformeerde Kerk het eers in 1887 'n kerkskooltjie in die wyk Groot-Marico geopen[25].

4. Die onderwyswet van 1866

Die nuwe reglement wat in 1866 deur die Volksraad goedgekeur is, het o.a. bepaal dat die Volksraad jaarliks die onderwysuitgawes moes bepaal en die verskaffing van onderwys aan die jeug is aan die sorg en beheer van 'n Algemene Kommissie vir die Onderwys opgedra. Behalwe die Hollandse taal sou Engels ook soveel moontlik onderrig word. Verder is ook voorsiening gemaak vir plaaslike skoolkommissies wat oor hulle skole moes toesig hou en die vooruitgang daarvan moes bevorder. Ook is onderskeid (differensiasie)[26] gemaak tussen goewermentsonderwysers wat op die dorpe moes onderwys gee en distriksonderwysers wat buite die dorpe, liefs by die veldkornet, kinders moes onderrig. In 1867 is die Algemene Kommissie egter ontbind en is die onderwys toevertrou aan die Uitvoerende Raad. Die Uitvoerende Raad kon egter weens hulle veelvuldige werksaamhede nie hulle volle aandag aan die onderwys gee nie; gevolglik het toestande weer verswak[27].

Op grond van hierdie wet was die ouers van die wyk Klein-Marico in staat om in 1869 'n wykskool op Jacobsdal te open. 'n Sekere mnr. C.J. Albertyn, wat uit die Kaapkolonie afkomstig was, is gehuur om die onderrig waar te neem. Aan die einde van 1875 het hy egter sy dienste gestaak omdat sy salaris agterstallig was en dit moeilik te bepaal was wie vir die betaling daarvan verantwoordelik gehou moes word[28].

---

25. Ibid, p. 63.

26. Vergelyk Lugtenburg : Op. cit., p. 77.

27. Ibid, pp. 82 - 83, sien ook Coetzee,: Op. cit., p. 63.

28. Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico, p. 21.

5. Onderwys tydens die bewind van president Burgers

Na die verkiesing van ds. T.F. Burgers tot president in 1872 het daar nuwe belangstelling in die onderwys gekom en is dit aan pres. Burgers opgedra om ŉ nuwe Onderwysreglement op te stel. Hierdie nuwe onderwyswet het o.a. voorsiening gemaak vir ŉ superintendent-generaal van opvoeding. Hierdie wet het egter eers in 1876 in werking getree met die aanstelling van W.J. van Gorkum as die eerste superintendent[29].

Die wet het verder ook voorsiening gemaak vir die volgende skooltipes: wykskole, vir elke veldkornetskap een; distrikskole vir die dorpe en ook hoërskole. Vir die beheer oor distrikskole sou ŉ skoolkommissie saamgestel word bestaande uit die landdros (ex officio voorsitter) en ses lede wat deur die burgers van die dorp gekies moes word. Die kommissies vir die wykskole sou bestaan uit die veldkornet (ex officio voorsitter) en ses lede wat deur die burgers van die wyk gekies moes word.

Hierdie wet sou egter nie op die platteland ten volle inslag vind nie omdat dit te rewolusionêr was en nie rekening gehou het met die godsdiensoortuiging, aard en sedes van die Boerevolk nie. So het artikel 26 o.a. bepaal dat geen godsdiensonderwys gedurende die skooltyd gegee mag word nie[30]. Ook artikel 41 wat bepaal het dat geen lidmaatskap van ŉ kerk vir enige onderwyser of selfs die superintendent vereis word nie, het veroorsaak dat die ouers die wet met agterdog bejeën het. Om te voorkom dat anti-christelike onderwys in die skole sou insluip, is daar gevolglik geen wykskole geopen nie[31].

Op Zeerust, waar reeds ŉ hele aantal Engelssprekendes woonagtig was, het vanaf 1870 ŉ behoefte ontstaan aan ŉ Engelse predikant. Om in die behoefte te voorsien het eerw. H. Sadler

---

29. Ibid, p. 29. Vergelyk ook Lugtenburg: Op. cit., p. 104.

30. Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico, pp. 29-31, en Lugtenburg: Op. cit., p. 95.

31. Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek 1867 - 1967, p. 42.

vanaf Barkly-Wes na Zeerust gekom. As gevolg van die nuwe belangstelling wat Burgers in die onderwys gebring het, is eerw. Sadler genader om as onderwyser op te tree. Hy het die aanbod gretig aanvaar en sodoende die eerste hoofonderwyser van die Engelse skooltjie op Zeerust geword. Mej. S.J. Broad, later mev. Dickenson, wat ook uit Aliwal-Noord afkomstig was, is as assistente aangestel. Omdat 'n geskikte lokaal ten tye van die stigting onbekombaar was, is die skool in 1872 in 'n woonkamer van mev. Ackhurst geopen.

Hierdie skooltjie het maar 'n sukkelbestaan gevoer. Aansoek kon nie gedoen word om dit tot 'n goewermentskool te laat verklaar nie omdat eerw. Sadler dikwels met kerksake afwesig moes wees. Wel is daarin geslaag om dit as 'n gesubsidieerde skool erken te kry met 'n toelaag van £6.0.0 (R12,00) per maand, wat gelykop verdeel is tussen die hoof en sy assistente. Ook is van elke leerling £1.1.0 (R2,10) perjaar as skoolgeld gevorder.

In die skool is slegs lees, skrif en rekene deur medium van Engels onderrig; Hollands is nie as vak gegee nie. Toe mej. Broad in Desember 1872 in die huwelik getree het, het die skooltjie doodgeloop[32].

Na mate meer Hollandssprekende families hulle op Zeerust gevestig het, het ook hulle alles in die werk gestel om 'n skool op die dorp te kry. Nadat amptelike goedkeuring verkry is, is die volgende persone tot lede van die skoolkommissie verkies: Landdros J.E. Hutton, as voorsitter, D.J. Coetzee, F. Joubert, J.F. Wilsenach, T.G. Sephton, J.D.L. Botha en Bütner as sekretaris.

Eerwaarde Sadler is weer genader om as hoofonderwyser te ageer en nadat hy ooreenkomstig die Uitvoerende Raadsbesluit van 24 Maart 1869 geëksamineer is, is hy op 17 September 1873 as hoofonderwyser toegelaat. As skoollokaal het die St. John's kerkie diens gedoen[33]. In die begin het Sadler

---

32. De Staatscourant, d.d. 5 April 1876: Goewermentskennisgewing no. 99.

33. Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek 1867 - 1967, p. 42.

geen hulponderwyser gehad nie, maar aan die einde van September is G.W. Vreede benoem en as assistent vir die Hollandse taal geëksamineer.

Behoorlike fasiliteite en fondse het ŉ ernstige struikelblok gebly en in 1874 is besluit om aan elke veldkornet ŉ kollektelys te stuur, maar aan die einde van die jaar is slegs die karige bedrag van £7.10.6 (R15,05) ontvang.

In 1876 moes volgens die nuwe wet no. 4 van 1874 ŉ nuwe skoolkommissie verkies word. Op ŉ openbare vergadering is dit soos volg saamgestel: Ds. J. de Vries, D.B. Naudé, J.E. Hutton, J.F. Wilsenach, G. Dickenson en J.L. Pretorius[34].

Na ŉ skrywe van Van Gorkum, superintendent van onderwys, d.d. 29 Augustus 1876, in sake ŉ skoollokaal en fondse, het die skoolkommissie besluit dat dit op daardie stadium onmoontlik was om ŉ lokaal op te rig en dat die skoolgeld wat vermeerder is, vir hulle te hoog was. Daarom sou hulle eers op gunstiger toestande wag vir die oprigting van ŉ distrikskool.

As gevolg van hierdie ongunstige omstandighede het Sadler in Oktober 1876 sy dienste as hoofonderwyser opgesê. Op 3 Jan. 1877 is ook die bestaan van die Engelse skooltjie opgehef en aan eerwaarde Sadler as Engelse goewermentsonderwyser eervolle ontslag verleen[35].

Tot tyd en wyl ŉ nuwe lokaal opgerig en ŉ onderwyser wat volgens die vereistes van die bestaande skoolwet onderwys kon gee, aangevra kon word, het ds. J. de Vries in die kerkgebou van die N.H. Gemeente voorlopig in albei tale onderwys gegee.

Op 9 April 1877 het J.F. Wilsenach aan Van Gorkum, superintendent van onderwys, geskryf dat Zeerust tot op daardie datum geen behoorlike skool gehad het nie. Die jeug het as't ware verlore gegaan weens gebrek aan onderwys, en die skoolkommissie wat almal ouers was, het skynbaar nie die minste belangstelling in die onderwys getoon nie[36].

---

34. Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico, pp. 31 - 33.

35. De Staatscourant, d.d. 3 Jan. 1877; Goewermentskennisgewing no. 450.

36. Kyk Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico, p. 33.

6. <u>Onderwys gedurende die eerste Britse bewind</u>

Na die Britse anneksasie van Transvaal op 12 April 1877 het Shepstone 'n reis deur Transvaal onderneem en die meeste dorpskole besoek. Op sy reis het hy bewus geword van die ontevredenheid van die burgers met die Burgersonderwyswet en aan Van Gorkum opdrag gegee om 'n verslag oor die onderwystoestande op te stel. Omdat Shepstone klaarblyklik die rapport nie as 'n juiste weergawe van die posisie beskou het nie, het hy die taak aan dr. J.V. Lyle, sy huisdokter, opgedra om 'n verslag op te stel oor die juiste stand van sake op onderwysgebied, en op 21 Maart 1878 het Van Gorkum al sy dokumente aan Lyle oorhandig[37].

Met sy reis deur Transvaal het Shepstone Zeerust ook op 9 Julie 1877 besoek en 'n skoolkommissievergadering bygewoon om vas te stel hoe in die behoeftes ten opsigte van die onderwys in die distrik voorsien kon word.

Na sy besoek was daar in Zeerust, soos ook elders in Transvaal, 'n sterk drang na onderwys in Engels. 'n Groep in Zeerust het gevolglik die daad by die woord gevoeg en in Augustus 1877 het mev. J.H. Beher 'n private skooltjie met vyf en twintig leerlinge geopen. Op haar versoek het die skoolkommissie aan haar hulp verleen ter verkryging van goewermentsondersteuning en het hulle die saak by die Superintendent aanbeveel.

Soos in die verlede was 'n geskikte lokaal en die nodige fondse weer 'n groot struikelblok, Omdat 'n distrikskool baie noodsaaklik was, maar 'n beskikbare lokaal as voorwaarde gestel is, het die skoolkommissie in Augustus 1879 besluit om met die N.H. Kerk van Zeerust in die verband te onderhandel. 'n Vleuel van die kerkgebou is vir 'n onbepaalde tyd as 'n skoollokaal aan die skoolkommissie toegesê en 'n woonhuis, vir 'n onderwyserswoning, is ook teen £2.0.0 (R4,00) per maand verkry. Die kwessie van 'n hoofonderwyser is aan die Superintendent oorgelaat en hy sou moes sorg vir 'n persoon wat in beide Nederlands en Engels onderrig kon gee solank daar nie 'n tweede onderwyser beskikbaar was nie.

---

37. Lugtenburg: Op. cit., p. 117.

In September 1879 het sake ŉ verdere stoot gekry toe D.J. Coetzee goedgunstiglik vier erwe aan die regering geskenk het op voorwaarde dat die staat die transporteerkoste sou dra. ŉ Volledige verslag van die ontwikkelinge is aan die Superintendent gestuur en terselfdertyd is hy weer eens versoek om ŉ onderwyser te verskaf[38].

7. Die Eerste distrikskool in Zeerust

Voordat dr. Lyle aan die versoek om ŉ verslag oor die juiste stand van sake op onderwysgebied in Transvaal op te stel uitvoering kon gee, is hy oorlede en is ds. H.S. Bosman as waarnemende superintendent aangestel. Op 27 Oktober 1879 het hy aan die skoolkommissie laat weet dat hy vir F. Ludorf van Potchefstroom aanbeveel as hoofonderwyser vir Zeerust. Hy is eenparig aanvaar en op 19 Januarie 1880 is die skool met een en vyftig leerlinge geopen.

Hoewel dit ŉ gesubsidieerde skool was, was die skoolkommissie oortuig dat die subsidie wat toegestaan is, te min was. Volgens berekening moes dit £300.0.0 (R600) per jaar bedra; daarom is dadelik met ds. Bosman onderhandelings gevoer. Omdat die toekenning van so ŉ subsidie egter afhanklik was van ŉ inspeksierapport, is ŉ dringende versoek gerig om ŉ inspeksie uit te voer. Na sy inspeksie was ds. Bosman so ingenome met die gehalte van die werk dat ŉ subsidie van £125.0.0 (R250) vir ŉ assistent en £200.0.0 (R400) vir die hoof aanbeveel is, wat dan ook goedgekeur is.

Toe die gebruik van die kerk as skoolgebou vanaf Oktober 1880 opgesê is, het die probleme in verband met ŉ doelmatige lokaal weer opgeduik, maar ten spyte daarvan het die skooltjie tog bly voortbestaan tot Desember 1883 toe dit opnuut onder ds. S.J. du Toit as superintendent van onderwys herorganiseer is[39].

Ook op Jacobsdal is in 1880 ŉ staatsondersteunde skool

---

38. Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico, p. 38.

39. Ibid, p. 42.

met sestig leerlinge gestig, met R. Pearce as die onderwyser. Met die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog het dit egter weer doodgeloop[40].

## 8. Die onderwys onder ds. S.J. du Toit en H. Stiemens

Na die teruggawe van Transvaal het die wette van voor die anneksasie dadelik weer in werking getree. Op onderwysgebied was Wet no. 4 van 1874 dus weer van krag. Dit sou egter nie lank van toepassing bly nie, want ŉ nuwe superintendent moes aangestel word in die plek van Van Gorkum wat intussen na Holland vertrek het. Die oog van die Driemanskap het dadelik op ds. S.J. du Toit, ŉ predikant in die Paarl, geval. In Transvaal was hy nie ŉ onbekende nie en was sy kontak met die onderwys in die Kolonie, sy stryd vir die vrye Christelike skool en sy openlike ondersteuning aan Transvaal gedurende die Eerste Vryheidsoorlog bekend. Nadat hy oor die saak gepols is, is die betrekking hom uit hoofde van bogenoemde aangebied, waarop hy na die Transvaal gekom het om die saak te bespreek en die aanstelling toe onder sekere voorwaardes aanvaar het[41].

Die voorwaardes het o.a. die volgende behels: Die onderwys is nie die saak van die staat nie, maar van die ouers en die kerk. Die staat moes sy bemoeiinge beperk tot bydraes vir ondersteuning volgens die aantal leerlinge en die graad van onderwys. Verder moes die staat toesig hou dat die geld goed gebruik word ten bate van die onderwys, met dien verstande dat dit suiwer christeliknasionale onderwys is. Skole is oorgelaat aan die partikuliere inisiatief en was geen staatseiendom nie; ewe-eens sou onderwysers geen staatsamptenare wees nie. Verder is ook bepaal dat die medium Hollands sou wees[42].

ŉ Nuwe onderwyswet wat bekend staan as Wet no. 1 van 1882, het ŉ stelsel teweeggebring wat gepas het by die volks-

---

40. Ibid, p. 49.

41. Vergelyk Lugtenburg: Op. cit., p. 130.

42. Ibid, p. 130.

aard en -tradisie, nl. 'n stelsel van staatsondersteunde skole op christelike, Bybelse en nasionale grondslag met Hollands as voertaal[43].

Besiel deur 'n simpatieke onderwyshoof en 'n tradisionele onderwysstelsel het daar in Marico nuwe lewe ten opsigte van die onderwys gekom. So is daar in 1883 nie minder nie as vyf wykskole en twee dorpskole gestig, met 'n leerlingtal van 174. Dorpskole is op Zeerust en Jacobsdal gestig en wykskole op die volgende plekke: Kafferskraal, Rietvlei, Rhenosterfontein, Mezech-Enselsberg en Rietvlei-Malopo. Ds. J.C. de Vries van die N.H. Kerk, Zeerust, het 'n leidende rol gespeel in die stigting van die wykskole.

Die dorpskool op Jacobsdal het tot in 1886 voortbestaan toe dit as 'n wykskool geklassifiseer is omdat Jacobsdal as gevolg van die groei van Zeerust gekwyn het as 'n handelsentrum. Die dorpskool te Zeerust daarenteen, het gegroei tot een en vyftig leerlinge aan die einde van 1886 en vanaf Februarie 1887 het dit 'n twee-manskool geword.

Die stigting van wykskole het tot in 1888, toe ds. S.J. du Toit as superintendent bedank het, reëlmatig voortgegaan, maar omdat baie skooltjies se bestaansduur maar kort was, was die totale aantal skole in Marico nie jaar na jaar hoër as die vorige jaar nie.

Ook nadat ds. Du Toit opgevolg is deur H. Stiemens as waarnemende superintendent het dié neiging voortgeduur, soos uit die volgende tabel blyk:

| Jaar | Dorpskole | Wykskole | Aantal leerlinge |
|---|---|---|---|
| 1882 | - | - | - |
| 1883 | 2 | 5 | 174 |
| 1884 | 1 | 11 | 301 |
| 1885 | 2 | 11 | 378 |
| 1886 | 1 | 9 | 349 |
| 1887 | 1 | 7 | 295 |
| 1888 | 1 | 8 | 348 |
| 1889 | 1 | 13 | 444 |
| 1890 | 1 | 13 | 395 |

43. Coetzee: Op. cit., p. 51.

In 1883 is vir die eerste maal inligting verskaf oor skoolboeke wat in Marico gebruik is, naamlik: Vir Rekene: Uw en mijn cijferboekje en Barnard Smith's Arithmetic.
Hollands: Spel- en Leesboek en Het Volksleesboek.
Engels: South African Reader, Step by Step, en Mavor's Spelling.
Bybel: Zahn Bybelgeschiedenis en Looman Bybelgeschiedenis.
Geskiedenis: Bosscha Algemene Geschiedenis.

Die verkryging van doelmatige skoolboeke was een van die grootste probleme, want voorheen was alles hoofsaaklik Engels, en van die paar Hollandse boeke wat voor hande was, het dit moeilik gegaan om twee eksemplare van dieselfde boek te kry[44].

Benewens al die ontwikkelingsprobleme het die verskaffing van doeltreffende onderwys in Marico ook met ander groeipyne gepaard gegaan. Baie ouers het hulle kinders te maklik met ploeg- en oestyd uit die skool geneem. Noodgedwonge moes die skole dan vir 'n onbepaalde tyd sluit. Ander ouers daarenteen, het hulle kinders permanent uit die skool geneem sodra hulle belydenis van geloof afgelê het. Met onderwysers is soms ook probleme ondervind omdat sommiges ongekwalifiseerd was en andere se optrede soms veel te wense oorgelaat het. Hierteenoor was daar gelukkig ook die onderwysers wat verdienstelike werk gelewer en 'n honorarium en 'n sertifikaat van rang ontvang het. In die verband kan W.N. Glaeser en mej. A.M. van der Spuy van Zeerust en M.G. Erasmus van Vergenoeg genoem word[45].

Die standaard van die onderwys in die tydperk word duidelik saamgevat in die verslag van inspekteur De Jonge: „De inspeksies leeren dat er vooruitgang is maar nauwelijks merkbaar. Het onderwys is nog gebrekkig". Hierdie woorde is feitlik die eerste professionele beskouing oor onderwystoestande en was veral 'n vingerwysing na die onderwysers wat nog van gebrekkige metodes gebruik gemaak het[46].

---

44. Lugtenburg: Op. cit., p. 142.

45. Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico, p. 69.

46. Lugtenburg: Op. cit., p. 159.

## 9. Die onderwys onder dr. N. Mansvelt

Nadat ds. S.J. du Toit sy amp vir die laaste keer in 1891 neergelê het, is die pos aan prof. Mansvelt aangebied en by sy ampsaanvaarding kon onmiddellik gesien word dat daar 'n gedetermineerde hand aan die stuur was. Die regering het dit aan hom opgedra om 'n nuwe onderwyswet op te stel. Sy onderwyswet staan bekend as Wet no. 8 van 1892 en het op 1 Jan. 1893 van krag geword. Hierdie wet het o.a. die volgende teweeggebring:

(i) 'n Nuwe stelsel van subsidie.
(ii) 'n Nuwe stelsel van skoolbestuur.
(iii) Meer sentralisasie.
(iv) 'n Wettige opening om subsidie te betaal aan skole wat uitsluitlik besoek is deur kinders van nie-Hollandssprekende ouers.
(v) 'n Groot aansporing tot die verwerwing van hoër onderwyskwalifikasies[47].

'n Baie belangrike gevolg vir die onderwys in Marico wat ook in hierdie tyd tot stand gebring is, was dat Marico saam met Lichtenburg en Rustenburg 'n eie inspekteur van onderwys gekry het in die persoon van C.G. de Jonge. Die aanstelling het baie daartoe bygedra om die gehalte van die onderwys te verhoog.

Gedurende die negentigerjare het die onderwys in Marico verdere vooruitgang getoon soos die volgende statistieke aandui:

| Jaar | Dorpskole | Wykskole | Leerlinge Dorp | Leerlinge Wyk | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 1891 | 4 | 28 | 94 | 317 | 411 |
| 1892 | 3 | 24 | 129 | 350 | 479 |
| 1893 | 1 | 10 | 47 | 210 | 257 |
| 1894 | 2 | 14 | 90 | 286 | 376 |
| 1895 | 3 | 13 | 136 | 283 | 419 |
| 1896 | 3 | 14 | 137 | 253 | 390 |
| 1897 | 2 | 16 | 97 | 488 | 585 |
| 1898 | 2 | 21 | 149 | 703 | 852 |

47. Ibid, p. 185.

Uit die opgawe vir 1891 blyk nog duidelik die groot aantal skole toe ouers ruim gebruik gemaak het van die fasiliteite en subsidies om skole te open. Vanaf 1892 begin die daling in die aantal skole vanweë Mansvelt se beleid van sentralisasie. Ten spyte van die daling in die aantal skole was daar ʼn styging in die leerlingtal. In 1893 is ʼn laagwatermerk bereik, maar vanaf 1894 was daar ʼn geleidelike styging tot in 1896 toe die inskrywing in die wyke weer ʼn daling getoon het. Hierdie daling moet toegeskryf word aan die runderpes wat in die betrokke jaar so fel gewoed het. In 1898 was daar weer ʼn opmerklike vermeerdering op 1897.

As die inspeksierapporte van die inspekteurs in hierdie tydperk, nl. C.G. de Jonge, H. Moora, T.C. Stoffberg en J.L. Moerdyk, nagegaan word, blyk dit duidelik dat ook die gehalte van die onderwys verbeter het.

Uit ʼn vergelyking van die inspeksierapport van De Jonge in 1891 met dié van Stoffberg in 1898, blyk o.a. die volgende ten opsigte van die volgende vakke:

Lees: De Jonge het gerapporteer dat as gevolg van die oppervlakkige ontwikkeling van die onderwysers die leesonderrig baie te wense oorlaat. Leestekens is so verontagsaam dat begrip totaal onmontlik was. Hierteenoor het Stoffberg gerapporteer dat daar geen klagte oor die leesvermoë was nie, hoewel sommige onderwysers nie genoegsaam aangedring het op ʼn natuurlike leestoon nie en die leesstof nie grondig genoeg behandel is nie.

Rekene: In 1891 is gerapporteer dat Rekene swak onderrig is. In 1898 is verklaar dat die onderrig nog swak was, maar daar het wel geleidelike verbetering gekom omdat die wenke opgevolg is.

Skrif: In 1891 is dit nie volgens die reëls van die skryfkuns onderrig nie. In 1898 was die skryfkuns redelik goed.

Aardrykskunde en Geskiedenis: In 1891 is die twee vakke oor die algemeen primitief en oppervlakkig behandel. Stoffberg rapporteer in 1898 dat die twee vakke in sommige skole tot hulle reg kom, maar in sommige gevalle skiet die onderrig nog te kort.

Ook wat die houding van die skoolkommissies en ouers betref, was daar ʼn verblydende verbetering. Die skoolkommissies het hulleself groot opoffering getroos ter wille van die onderwys en die skole onder hulle beheer. Ook die ouers het

hulle deel bygedra en gesorg dat die skoolbesoek van hulle kinders baie verbeter het. Wat veral opmerklik is, is die feit dat die skoolbesoek in die wyke baie beter was as in die dorpe waar die armoede groter was. Waarin baie ouers egter nog wel tekort geskiet het, was die feit dat hulle hul kinders te gou uit die skool geneem het. Dit blyk duidelik daaruit dat in 1895 slegs 7% van die dorpskinders en 2.6% van die kinders in die wykskole St. III behaal het.

Ook die onderwysers het in die tydperk veel daartoe bygedra dat die gehalte van die onderwys verbeter het. In Marico het die aantal gesertifiseerde onderwysers in verhouding tot die ongekwalifiseerdes toegeneem. Volgens die jaarverslae van die superintendent was in Marico in 1895 nog ses en twintig ongesertifiseerde onderwysers, maar in 1896 het dit reeds tot negentien verminder[48]. Ook hulle optrede en toewyding was prysenswaardig en hulle onderrigmetodes is al meer en meer op 'n wetenskaplike basis gegrond.

Dat die onderwysers hulle eie waarde en die belangrikheid van hulle roeping al meer besef het skyn ook daaruit dat hulle as 'n groep wou saamstaan en saamspreek, soos blyk uit die stigting van 'n onderwysersvereniging in 1894. Nadat 'n huishoudelike reglement opgestel is, is die volgende bestuur saamgestel:

G.E. Ter haar, voorsitter
G.K. Geertsema, penningmeester en
F. Damonte, sekretaris[49].

Ook wat die skoolgeboue en -meubels betref, het daar groot verbetering gekom. Toelaes vir skoolgeboue is toegestaan en die ondoelmatige lokale het mettertyd verdwyn. Ook die meubels was teen hierdie tyd oor die algemeen voldoende en doeltreffend.

Ook ten opsigte van onderwyserswonings het daar verbetering gekom omdat toelaes aan die skoolkommissies toegestaan is om onderwyserswonings op te rig.

Hierdie gunstige toestand het egter in 1899 in duie gestort toe die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek het.

---

48. Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico, p. 95.

49. De Volksstem, 13 Junie 1894.

## 10. Private onderwys in Marico

In 1865 is die eerste private skooltjie in die wyk Klein-Marico op Klaarstroom geopen, met Hermanus Engelbrecht as huuronderwyser en tegelykertyd ook katkisasiemeester. In dieselfde tyd is ook op Vergenoeg, die plaas van kmdt. Viljoen, ʼn skooltjie geopen deur mev. Viljoen. Sy was baie bekend in die omgewing en haar skooltjie was ʼn ware ligpunt in die onderwys en opvoeding in Marico. Haar skool het bly voortbestaan tot in 1869 toe die eerste wykskool op Jacobsdal geopen is. Daar was ook nog twee ander private skole onder J. Erasmus en R. Reichel. Hulle bestaan was egter maar van korte duur omdat hulle ook in die wykskool van Jacobsdal opgeneem is. Van die organisasie, leervakke en administrasie van hierdie skooltjies is ongelukkig niks bekend nie, hoewel aanvaar kan word dat godsdiensonderwys ʼn vername deel gevorm het.

In die verdere ontwikkeling van die onderwys in Marico het private onderwys nie ʼn belangrike rol gespeel nie en is min van die soort skole bekend. Wat wel nog genoem moet word, is dat die Gereformeerde Kerk ook aandag aan die onderwys gegee het. In 1886 kon dié Kerk meld dat veral gedurende die voorafgaande vier jaar die lidmate van die gemeente wat toe nog onder Rustenburg geressorteer het ywerig was op onderwysgebied. In 1887 het die kerkraad gerapporteer dat ʼn skool met vyf en twintig leerlinge onder G.K. Geertsema in die wyk van oudl. W.K.F. Dreyer in Groot-Marico geopen is. ʼn Jaar later het die skooltjie egter weer gesluit. Van tyd tot tyd is nog skooltjies in die verskillende wyke geopen, maar in 1898 het mnr. T.C. Stoffberg, inspekteur van onderwys, gerapporteer dat slegs op Zeerust ʼn private skool bestaan het.

## 11. Samevatting

Die ontwikkeling van die onderwys in Marico was ʼn baie langsame proses wat gedurende die negentiende eeu nie skouspelagtige hoogtepunte bereik het nie. Die toedrag van sake kan aan verskillende faktore toegeskryf word. In die eerste plek moet beklemtoon word dat die onderwys gedurende die vestigingsjare ondergeskik gestel was aan die stryd om ʼn menswaardige en veilige bestaan te verseker. Ander struikelblokke was ʼn gebrek aan beskikbare en tegelykertyd opgeleide onderwysers, asook die nodige doelmatige geboue en doeltreffende

hulpmiddels. Die feit dat Marico oorwegend 'n landbougebied was, het ook nie die nodige stimulus verskaf om ouers daadwerklik aan te spoor om hulle oormatig oor die onderwys van hulle kinders te bekommer nie - in baie gevalle was die enigste mikpunt die aflegging van geloofsbelydenis. Billikheidshalwe moet wel ook toegegee word dat 'n gebrek aan die nodige fondse die toestand in baie gevalle in die hand gewerk het.

Gedurende veral die laaste dekade het die kurwe egter vinniger begin styg, veral vanweë die meerdere belangstelling van die owerheid in die onderwys. Beter opgeleide onderwysers wat 'n groot mate van beroepstrots meegebring het en doeltreffender fasiliteite het verder hiertoe bygedra. Die verbeterde fasiliteite is moontlik gemaak deur ruimer subsidies waarvan skoolkomitees in toenemende mate gebruik gemaak het[50].

---

50. Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico, p. 94.

## Hoofstuk VI

## KERKSTIGTING IN MARICO

### 1. Algemene toestande voor kerkstigting

Gedurende en na die Groot Trek toe die Trekkers hulle in die binneland gevestig het, was daar ŉ algehele tekort aan predikante, wat o.a. aan die volgende twee faktore toegeskryf kan word:

ŉ Aansienlike groep van die predikante van die Kaapse Kerk was nie Afrikaners nie, met die gevolg dat dit dié groep moeilik geval het om hulle in die gedagtewêreld van die Afrikaner in te leef. Daarom het hulle in die meeste gevalle nie net onsimpatiek teenoor die beweegredes wat tot die Groot Trek gelei het, gestaan nie, maar dit selfs veroordeel. Daarbenewens was daar in daardie jare ŉ groot tekort aan predikante, wat o.a. daaraan gewyt kan word dat baie min Afrikaners hulle destyds aan die leraarsamp gewy het. Gevolglik was daar in die Kaapkolonie self ŉ groot aantal gemeentes vakant.

Afgesien van die geestelike bearbeiding deur persone wat die Trek meegemaak het, soos Erasmus Smit en Sarel Cilliers en simpatiekgesinde sendelinge soos Archbell, eerw. Lindley en in ŉ geringe mate eerw. Inglis, was die Trekkers vir ŉ lang tyd dus afhanklik van die periodieke besoeke van goedgesinde predikante vanuit die Kaapkolonie. Totdat Transvaal sy eerste vaste predikant gekry het, het ŉ hele paar sulke leraars daarheen gegaan om die mense te besoek.[1].

Die eerste gemeente noord van die Vaal is op 26 Maart 1842 op Potchefstroom deur eerw. Lindley gestig[2]. Hoewel daar ten

---

1. Hanekom, T.N.(Red.): Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk. Gedenkboek by ons derde eeufees 1952 (N.G.Kerk-uitgewers, Kaapstad, 1952), pp. 171-172. Vgl. verder Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (H.A.U.M., Kaapstad, 1953), pp.42-49 en Scholtz, G.D.: Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842-1885 (N.G.Kerk-uitgewers, Kaapstad, 1956), p. 52.

2. Kyk Scholtz: Op. cit., p. 48, en Eeufeesblad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Zeerust 1868-1968, p. 10.

tye van die stigting nog geen Blankes in Marico gewoon het nie, sou die latere bewoners van hierdie gebied tot met die stigting van hulle eie gemeentes ook onder die Potchefstroomse gemeente ressorteer, want Potchefstroom het aanvanklik die hele Voortrekkergebied ten noorde van die Vaalrivier ingesluit[3]. Toe eerw. Lindley Potchefstroom in 1844 weer besoek het, het hy ook in 'n noordwestelike rigting gereis tot in die gebied wat tans bekend staan as Swartruggens. Van hierdie gebeurtenis is die bekende plek met die naam Lindleyspoort, wat ongeveer dertien myl noord van die huidige dorp Swartruggens geleë is, vandag nog die getuienis[4].

## 2. Marico en die eerste besoekende predikante

As lidmate van die Potchefstroomse gemeente is die bewoners van Marico in die begin ook deur besoekende predikante van die Kaapse Kerk bedien.

### a. Di. William Robertson en P.E. Faure

Die eerste twee predikante uit die suide wat na hulle besoek aan Potchefstroom ook verder noordwaarts gereis het om die wydverspreide lidmate op te soek, was William Robertson en P.E. Faure. Hoewel hulle Marico nie besoek het nie, het hulle tog in Desember 1848 tot by Magaliesberg gegaan. Daar het hulle op die plaas Hekpoort van kmdt. Gert Kruger 'n diens gehou, wat ook deur 'n groot groep uit die Marico en sy omgewing bygewoon is. Van hierdie mense het die besoekende predikante tot hulle verbasing verneem van die landstreek „de Morikwa", wat omtrent drie dagreise in 'n noordwestelike rigting geleë is.

Tydens die erediens is P.J. van Staden as ouderling en C.J. Kruger en J.F. Schutte as diakens bevestig in „vereeniging" met die gemeente van Potchefstroom. Ook is 'n versoek

---

3. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, p. 59.

4. Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek 1867 - 1967, p. 19.

gerig om as 'n gemeente deur die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika erken en bestier te word. Soos dit telkemale in die toekoms sou gebeur, is ook die vurige verlange na 'n eie leraar uitgespreek[5].

b. Ds. Andrew Murray, Jr.

Die besoek van 1848 is in 1849 opgevolg deur die van ds. A. Murray jr. Op 11 Desember 1849 het hy van Potchefstroom in 'n noordwestelike rigting vertrek en na drie dae op die plaas van Daniël Robbertse in „de Zwarte Ruggens" aangekom. Daar het hy dienste gehou en die nagmaal bedien „ten behoeve van het groot getal inwoners van de landstreek Morikwa, eene rivier welker oevers zeer dikt bevolkt zijn"[6]. Die bekendstelling van die dienste kon nie behoorlik en betyds geskied nie, derhalwe het baie mense, veral uit die omgewing van die Malopo, nie opgedaag nie en was die opkoms kleiner as wat verwag is. Desnieteenstaande was daar tog meer as vierhonderd mense teenwoordig wat 'n aanduiding is van hoe dig die gebied reeds bevolk was.

Die Vrydag was ds. Murray tot die aand toe besig met die opskryf van die name van kinders wat gedoop moes word en om met die betrokke ouers oor die doop te spreek. Saterdag tussen die voorbereidingsdienste, wat die oggend en die aand gehou is, het hy hom besig gehou met die lidmate wat wou nagmaal vier. By hierdie eerste nagmaalsviering in die onmiddellike omgewing van Marico is vyf en sewentig kinders gedoop en het twee en veertig hulle aangemeld vir die aflegging van geloofsbelydenis. Van hierdie groep is egter net agtien toegelaat en die res sou by 'n latere geleentheid, nadat daar eers meer ywer by hulle opgewek kon word, voorgestel word[7].

Van hierdie besoek vertel ds. Murray dat hy vergesel was van die landdros van Potchefstroom, mnr. Lombard, en dat hulle Marico self wou besoek, maar die tyd was te min om die gebied

---

5. Spoelstra, C.: Op. cit., p. 80.

6. Brief van ds. A. Murray jr., d.d. 14 Febr. 1850, soos aangehaal by Spoelstra, C.: Op. cit., p. 87.

7. Ibid, p. 89.

binne te gaan. Gevolglik is die dienste op die oostelike grens gehou.

Tydens hierdie besoek het die absolute noodsaaklikheid van gereelde Woordbediening uit die houding van sekere persome geblyk. Volgens ds. Murray was die mense van Marico „erg onbestendig" en het enkele belhamels hulle veral op godsdienstige gebied op 'n dwaalspoor gelei. Hoewel baie van die sestig persone wat aan die nagmaalstafel gegaan het, wel die erns van die saak besef het, het andere duidelik getoon dat hulle in weerwil van sy waarskuwing sonder die nodige voorbereiding toegetree het[8].

Die belhamels na wie ds. Murray verwys het, is heelwaarskynlik lede van die Jerusalemgangers[9] van wie hy enkeles op sy reis ontmoet het.

Al hierdie omstandighede het getuig van die geestelike nood en die dringende behoefte aan 'n leraar wat daar bestaan het[10]. Maar nie net in Marico was die omstandighede op geestelike gebied sorgwekkend nie, mok in ander dele van Transvaal was die behoefte aan 'n vaste predikant groot. Dit het ds. Murray laat opmerk „... en het schijnt my, alsof onze Kerk, niet zonder een vreeselijk pligtversuim, weigeren kan, den eersten Leeraar, die zijne diensten haar aanbiedt, naar deze herderlooze schapen in de woestijn te zenden[11].

c. Die tweede besoek van ds. Murray

In Oktober 1850 het ds. Murray weer in Potchefstroom aangekom en nadat hy daar dienste gehou het, na die binneland van Transvaal vertrek. Na 'n besoek aan Swartruggens het hy verder weswaarts gegaan en teen die einde van November 1850 „op de Kerkplaats aan de overzijde van Morikwa" aangekom. Dit was vir Marico 'n geskiedkundige gebeurtenis, want dit was die eerste keer dat 'n predikant van die Hollands-Afrikaanse Kerk in daardie deel van Marico gekom en dienste gehou het[12].

---

8. Du Plessis, J.: Het leven van Andrew Murray (Suid-Afrikaanse Bijbelvereniging, Kaapstad, 1920), p. 108.

9. Meer besonderhede oor die groep volg later in die hoofstuk op p. 149 e.v.

10. Spoelstra, C.: Op. cit., p. 187.

11. Ibid, p. 89.

12. Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek 1867-1967, p.20. Vgl. ook Scholtz: Op. cit., p. 61.

By sy dienste, wat oor meer as 'n week gestrek het, was daar meer as 200 mense teenwoordig. Vyftien jong mense het belydenis van geloof afgelê en die doop is aan sestig kinders bedien. Omdat die mense in 'n rustelose toestand verkeer het vanweë die teëstand van die Jerusalemgangers, het ds. Murray nie nagmaal bedien nie, maar wel drie keer op die Sondag diens gehou[13]. Die Maandag het die Jerusalemgangers versoek om ds. Murray in die openbaar te spreek. Hoewel 'n hele klomp deur die samesprekings van die dwaasheid van hulle opvattings oortuig is, het hulle die dienste daarna tog nie bygewoon nie en geweier om hulle kinders te laat doop. Hulle groot beswaar teen ds. Murray was dat hy onder die Britse regering, wat deur die Jerusalemgangers as een van die horings van die bees - die Antichris - beskou is, gestaan het en volgens hulle het elkeen wat van die Britse regering betaling ontvang het, 'n deelgenoot van die sonde geword; daarom kon hulle nie na hom luister nie[14].

d. <u>Die derde en vierde besoeke van ds. Murray</u>

In April 1851 het ds. Murray, vergesel van sy broer John, weer 'n kort besoek aan Transvaal gebring, maar nie na Marico gegaan nie. In 1852 het hy saam met ds. J.H. Neetling op sy vierde besoek wel na Marico gegaan. Op hulle weg na die plaas van J.C. Marnewick in Klein-Marico is hulle begelei deur diaken Frans Robbertse, die seun van Daniël Robbertse op wie se plaas die eerste diens in 1849 gehou is. Voordat hulle die kerkplaas bereik het, is die begeleiding aangevul deur talle vriendelike bewoners wat saam getrek het om die dienste by te woon.

Hierdie keer was dit baie duidelik dat die vorige besoeke van ds. Murray vrugte afgewerp het, want 'n baie beter gesindheid is ondervind. Veral by die Jerusalemgangers wie se leier, Jan Enslin, in die tussentyd oorlede is, is 'n groot geestelike verandering bespeur. Baie wat vroeër geweier het om na die dienste te gaan luister, het dit by dié geleentheid gedoen, hulle berou uitgespreek dat hulle hul vroeër laat meesleep

---

13. Du Plessis, J.: Op. cit., p. 130.

14. Ibid, p. 108.

het en hulle kinders ten doop gehou[15].

Ongelukkig is ouderling Mocke in die tussentyd ook oorlede, en volgens ds. Murray was daar niemand om sy plek wat hy op so ŉ waardige wyse volgestaan het, in te neem nie. Terselfdertyd is egter met waardering melding gemaak van die ywerige hulp van diakens Grobler en Roets.

Die feit dat sendelinge Edwards en Inglis die gebied moes verlaat vanweë hulle optrede tydens die veldtog teen Secheli[16], het ds. Neethling ook onder die indruk gebring van die groot behoefte wat daar was aan sendingswerkers onder die Nie-Blankes in Transvaal. Hoewel hy hom nie daaroor wou uitspreek nie, het hy hom tog soos volg in sy verslag teenoor Piet Scholtz, landdros van Rustenburg en oud-ouderling, P.J. van Staden, en die Volksraad uitgelaat: „Wilt gij geletten, dat er aan de honderden en duizenden Kaffers, die in uw gebied wonen, het Evangelie wordt verkondigd? En antwoordt gij: Neen! Ziet dan toe, of de weg hiertoe niet reeds is geopend, door de verdrijving der Zendelingen"[17].

Met die woord „verdrijving" kan beslis nie saamgestem word nie, want hulle is na hulle skerp aanvalle op die regering en kmdt. Scholtz en veral na die brief van Edwards aan die direkteure van ŉ Londense vereniging, op ŉ behoorlike wyse deur die Landdros van Rustenburg op 20 November 1852 verhoor en gelas om die Suid-Afrikaanse Republiek binne veertien dae te verlaat[18].

3. Die Nederduitsch Hervormde Kerk

a. Die koms van ds. Dirk van der Hoff

Tydens die besoek van di. Murray en Neethling het die behoefte aan ŉ eie predikant noord van die Vaal weer sterk onder die aandag gekom. Tydens ŉ kerkraadsvergadering te Potchefstroom waarop hierdie saak breedvoerig met die twee

---

15. Spoelstra, C.: Op. cit., p. 127.

16. Vir besonderhede sien hoofstuk 1, p. 21

17. Spoelstra, C.: Op. cit., p. 127.

18. Vir meer besonderhede raadpleeg Huyser: Op. cit., p. 231.

predikante bespreek is, is dit duidelik gestel dat aan die begeerte alleen uitvoering gegee kon word as die kerk hom onder die gesag van die Kaapse Sinode sou stel[19]. Omdat daar geen ander uitweg was nie, is die voorwaarde op n Volksraadsitting onder voorsitterskap van C. Potgieter van Lydenburg aanvaar. Die besluit is egter teësinning goedgekeur omdat die hele saak vir die aanwesiges op afpersing neergekom het[20].

Die posisie van die Transvalers het egter verander toe hulle verneem het dat n predikant vir hulle uit Holland onder weg is. Gevolglik is geen onmiddellike stappe gedoen om die inlywing by die Kaapse Sinode te finaliseer nie[21].

Na die aankoms van ds. Dirk van der Hoff op Potchefstroom in Mei 1853 het die Algemene Kerkvergadering, die eerste van die Ned. Herv. Kerk in die Republiek, wat op 8 Augustus 1853 te Rustenburg byeengekom het, hom eenparig teen inlywing by die Kaapse Sinode uitgespreek. Die Kommissieraad wat terselfdertyd op Rustenburg vergader het, het hulle met die besluit vereenselwig[22]. So is die Kerk noord van die Vaal onafhanklik verklaar onder die naam „De Nederduitsch Gereformeerde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek"[23].

Hoewel n volledige bespreking van die motiewe vir hierdie besluit buite die bestek van hierdie verhandeling lê, kan wel genoem word dat een van die redes n vrees by die Transvalers was dat die Britse regering hom met die inwendige aangeleenthede van die gebied noord van die Vaalrivier sou bemoei. Daar moes rekening gehou word met die feit dat die Kaapse Sinode op Britse gebied vergader en dat die predikante die eed van getrouheid aan die Britse regering moes aflê. Selfs die goedkeuring van die inlywing sou deur die Kaapse Sinode aan die Britse gesag voorgelê moes word[24].

---

19. Erasmus: Op. cit., p. 34.
20. Van Dyk: Op. cit., pp. 9 - 10. Vgl. ook Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, pp. 75 - 76. Lees in die verband ook Scholtz: Op. cit., pp. 69 - 73.
21. Ibid.
22. Erasmus: Op. cit., pp. 45 - 46.
23. Kyk Scholtz: Op. cit., p. 84 en Spoelstra, C. Op. cit., p. 149.
24. Erasmus: Op. cit., p. 48.

Die verbreking van die band met die Moederkerk het groot ontevredenheid veroorsaak, o.a. in Hartbeesfontein, Utrecht en Lydenburg, asook by verskeie persone in Marico.

Ten spyte van die ontevredenheid het die koms van ds. Van der Hoff tog vir Marico veel beteken. Kerksake kon toe behoorlik georganiseer word ten einde beter bearbeiding moontlik te maak. Ds. Van der Hoff het reeds in Desember 1853 die eerste keer in Marico kerk gehou, by watter geleentheid drie kerkraadslede verkies is, nl. G.C. Snyman as ouderling en P. van der Berg en C.J. Joubert as diakens. Terselfdertyd het drie en twintig jongmense belydenis van geloof afgelê en is drie en veertig kinders gedoop[25]. Hierdie bediening het baie jare gereeld plaasgevind en op verskeie plekke is jaarliks dienste gehou, soos byvoorbeeld op die plaas Driefontein in die wyk Groot-Marico en op Buffelshoek en Kwaggafontein in die wyk Klein-Marico.

In opdrag van die Staatspresident om vas te stel wie ten gunste of teen inlywing by die Kaapse Sinode was, het vdkt. J.W. Viljoen op 26 September 1856 berig dat sy wyk eenparig daarteen is. Verder het hy die President ook meegedeel dat hy in die verslae van die veldkornette vir Augustus van daardie jaar sou sien dat al die bewoners van Klein-Marico getrou is aan die Kerk en aan die Staat [26].

Toe in 1858 'n nuwe grondwet vir die Suid-Afrikaanse Republiek aangeneem is, is daarin bepaal dat die Nederduitsch Hervormde Kerk die staatskerk sou wees. In die volgende jaar het ds. Van der Hoff ook dié naam in sy geskrifte begin gebruik, hoewel daar nooit deur enige Kerkvergadering 'n offisiële besluit oor die naamsverandering geneem is nie[27]. Dit beteken dus dat die lidmate in Marico wat onder die bediening van ds. Van der Hoff gestaan het, outomaties lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk geword het.

Die vastigheid wat daar op kerklike gebied gekom het, is in 1859 versteur deur die stigting van die Gereformeerde

---

25. Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek 1867 - 1967, p. 22.

26. R1205/56: J.W. Viljoen aan M.W. Pretorius, d.d. 26 Sept. 1856.

27. Hanekom: Op. cit., p. 178.

Kerk op 10 Februarie 1859 te Rustenburg. In Maart 1859 het vdkt. Viljoen gerapporteer dat die gemoedere in Marico onstuimig is omdat ds. Postma dit gewaag het om sy wyk te besoek[28]. Kort daarna het Viljoen weer aan Pretorius meegedeel dat as die skeuring op kerklike gebied nie geheel word nie, voorsien hy 'n „religie oorlog" wat die verskriklikste van alle rampe is wat die land kan tref. Daarom begeer hy vurig dat Pretorius alles in sy vermoë moet doen om die breuk te heel. Van sy (Viljoen se) kant doen hy alles wat in sy vermoë is om die gevoelens te paai[29].

Hierdie voorspelling is natuurlik nie bewaarheid nie en sake het hulle gang gegaan. In 1868 is die godsdienstige gevoelens egter weer eens vertroebel en het J.W. Viljoen hom weer geroepe gevoel om op te tree, hierdie keer selfs met geweld. Sy optrede was hierdie keer gemik teen ds. F.L. Cachet om te verhinder dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n vastrapplek in Marico verkry[30].

## b. Die eerste kerkgebou van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Marico

Dit is vanselfsprekend dat daar by die lidmate van die N.H. Kerk in Marico 'n behoefte sou ontstaan aan 'n gemeenskaplike kerkplek en 'n eie kerkgebou waarin al die lidmate gerieflik kon saamkom. Die verwesenliking van die ideaal is moontlik gemaak toe D.J. Coetzee in die voorwaardes waarop hy sy plaas Hazenjagt vir dorpstigting uitgegee het, bepaal het dat 'n stuk grond aan die Nederduitsch Hervormde Kerk present gegee sou word vir die oprigting van 'n kerkgebou.

Nog in die sestigerjare is met die bouwerk deur Walter James Seymore begin[31]. Op 3 Maart 1869 het die werk so ver gevorder dat vdkt. D.J. Coetzee vir pres. M.W. Pretorius uitgenooi het om die hoeksteen van die kerkgebou op Zeerust

---

28. R2633/59: Viljoen aan M.Pretorius, d.d. 15.Mrt. 1859.
29. R2738/59: Viljoen aan M.Pretorius, d.d. 23 Apr. 1859.
30. Meer besonderhede oor hierdie gebeurtenis volg later in hierdie hoofstuk op p. 140 e.v.
31. Meer besonderhede oor die bou van die kerk is ongelukkig nie in die kerklike notules opgeteken nie. Al wat met sekerheid bepaal kan word, is dat W.J. Seymore die kontrakteur was en dat die grasdak deur Mathys Benade opgesit is. (Vgl. Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek 1867-1967. p. 29 en Rex: Op. cit., p. 195).

in April te help lê[32]. Die plegtigheid het op die tweede Sondag van April plaasgevind, maar as gevolg van ander ampsverpligtinge kon die President nie daaraan deelneem nie, en is die hoeksteen deur ds. Van der Hoff alleen gelê[33].

Met die eerste ideaal verwesenlik was die volgende stap 'n blote formaliteit. Dit was naamlik die strewe om as 'n onafhanklike gemeente voort te bestaan.

c. <u>Die selfstandigwording van die Nederduitsch Hervormde gemeente van Zeerust</u>

Reeds op 12 Junie 1871 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n skriftelike versoek van die kerkraadslede van Zeerust goedgekeur om as 'n onafhanklike gemeente te bestaan, met ds. Van der Hoff as konsulent[34]. Dié datum moet dus beskou word as die amptelike stigtingsdatum van die nuwe gemeente.

Die groei van die gemeente was sodanig dat die kerkraad in 1874 sy voorneme aan die Regering te kenne gegee het om 'n eie predikant te beroep. Op 19 April 1875 is dan ook daartoe oorgegaan en is ds. J.C. de Vries van Du Toitspan beroep. Toe hy die beroep aanvaar, het diaken Tjaart Benade en oudl. Casper Coetzee die predikant en sy gesin op Kimberley gaan haal. Sy eerste diens in die kerkgebou op Zeerust het, nog voordat hy bevestig is, in November 1875 plaasgevind.

Toe ouderling Joubert daardie Sondagoggend verneem dat die nuwe predikant bereid is om die diens waar te neem, het hy versoek dat die predikant nie by die geleentheid op die kansel moet klim nie, maar van die kateder moes gebruik maak. Hierop het kmdt. J.W. Viljoen wat maar altyd baie kort van humeur en toevallig ook in die konsistorie was, onmiddellik opgespring en gedreig: „Kyk hier, julle het ons nou lang onder die Hollanders laat staan en nou het ons een Afrikaner hier ver een leraar, julle moet hem goed behandelen en nie onder nie maar op die preekstoel laat staan anders skop ik van

---

32. R194/69: D.J. Coetzee aan M.W.Pretorius, d.d. 3Maart 1869.

33. <u>Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek 1867 - 1967</u>, p. 29.

34. Snyman: <u>Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico</u>, pp. 8 - 9.

morre die preekstoeldeur open en laat hem daarin gaan!" Ds. De Vries het hom baie verbaas om iemand in die konsistorie so aggressief te hoor praat, want in sy vorige gemeente het hy „nooit zoo hooren spreken". Onnodig om by te voeg dat ds. De Vries wel die oggend van die kansel af gepreek het[35].

Sy bevestiging kon ook nie onmiddellik plaasvind nie omdat ds. De Vries nog aan die Ned. Geref. Kerk behoort het en hy dus eers in die Ned.Herv. Kerk gelegitimeer moes word. Na heelwat briefwisseling is hy in Desember na Heidelberg geneem waar hy op 10 Desember 1875 deur ds. Van Warmelo namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gelegitimeer is. Daarna het die bevestiging op Zeerust op 15 Januarie 1876 deur ds. Van der Hoff plaasgevind[36].

Onder die bediening van ds. De Vries het die gemeente gebloei. Gedurende die eerste jaar van sy ampsbediening is 100 kindertjies gedoop en het een en veertig katkisante belydenis van geloof afgelê. In 1883 daarenteen is 157 kindertjies ten doop gehou en het drie en tagtig jongmense belydenis van geloof afgelê[37]. Geen wonder nie dat die kerkgebou spoedig vergroot moes word. Aangesien ds. De Vries 'n opgeleide timmerman was, kon hy as toesighouer 'n aktiewe aandeel in die taak neem[38].

## 4. <u>Die stigting van die Nederduitse Gereformeerde gemeente van Zeerust</u>

Die verbreking van die band met die Kaapse Sinode in 1853 het, soos reeds gemeld, by baie Blankes groot ontevredenheid veroorsaak. Ook in Marico was daar lidmate van die Ned. Geref. Kerk wat in hierdie ontevredenheid gedeel het. Gevolglik het hulle hul by die Ned. Geref. gemeente van Hartbeesfontein aangesluit, waar hulle hul kinders laat doop en nagmaal gevier het[39].

---

35. Rex: Op. cit., p. 208.

36. Engelbrecht, S.P.: <u>Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Marico) 1871 - 1946</u>, p. 18.

37. Snyman: <u>Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico</u>, pp. 8 - 9.

38. Rex: Op. cit., p. 195.

39. Spoelstra, C.: Op. cit., p. 346.

In 1867 het die lidmate van die Ned. Geref. Kerk in Marico ds. Frans Liom Cachet wat hom op daardie tydstip op Hartbeesfontein bevind het, uitgenooi om hulle te besoek om die belange van hulle kerk daar te bevorder. Hy kon egter nie dadelik aan die versoek voldoen nie. Die geleentheid het hom egter wel voorgedoen toe twee jong proponente, J.P. Jooste en A. Hofmeyer, deur goedgesinde predikante uit die suide afgevaardig is om oor die kerklike toestande noord van die Vaal verslag te doen. Ds. Cachet het hulle versoek om voor die aanvang van hulle reis in Transvaal eers met hom in aanraking te kom. Hy was naamlik bevrees dat hulle deur hulle gebrek aan ervaring die kerksake in Transvaal meer kon benadeel as bevoordeel. Gevolglik het die drie saam deur Transvaal gegaan. Die doel van ds. Cachet was om met die geleentheid in verskeie dele van die Republiek Ned. Geref. gemeentes te stig sodat diegene wat tot hierdie kerk behoort het, of wat daarheen wou terugkeer, daarby kon aansluit[40].

Hulle reisplan sou Marico ook insluit, daarom is hulle koms en die plekke waar hulle dienste sou hou, vooraf in die „de Courant" bekend gemaak[41]. Volgens die reisplan sou hulle op 13 Augustus op die plaas van ŉ mnr. Snow wees en op 16 en 19 Augustus ten huise van mnr. D. van der Berg.

By hulle aankoms by Mahoepesnek naby die Maricorivier is ŉ brief van kmdt. J.W. Viljoen aan hulle oorhandig waarin hy hulle belet het om in die distrik Marico diens te hou. Hierdie optrede van Viljoen was nie heeltemal onverwags nie, want vir hom was daar ŉ noue verband tussen godsdienstige en politieke gebeure.

Reeds met die besoek van ds. Postma aan Marico in Maart 1859 was hy baie ontsteld omdat hy die mening toegedaan was dat die kerklike verdeeldheid die gemoedere so opgesweep het dat dit tot ŉ godsdienstige oorlog kon lei[42]. Verder moet hierdie optrede van Viljoen ook gesien word in die lig

---

40. Scholtz: Op. cit., p. 220.

41. Kyk Spoelstra, C.: Op. cit., p. 346. Vgl. ook Eeufeesblad van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Zeerust p. 13

42. Kyk p. 137 hierbo

van die konstitusionele stryd vroeg in die sestigerjare, waarby die kerk deur die aanhangers van M.W. Pretorius, onder wie ook Viljoen, op 'n onsmaaklike wyse vir propagandistiese oogmerke betrek is. In hierdie stryd, wat in 1864 op 'n militêre botsing uitgeloop het, waarin lewensverlies voorgekom het, het Viljoen 'n leidende aandeel gehad[43]. Nie net die feit dat Viljoen en sy groep die neerlaag gely en hy vir sy persoonlike aandeel deur 'n hof veroordeel is nie, maar ook die haat en bitterheid wat uit die stryd voortgevloei het, moes by die aankondiging van ds. Cachet se besoek opnuut die vrees by Viljoen laat ontstaan het dat die gebeure hom kan herhaal. Dit is dus verstaanbaar dat hy alles in sy vermoë sou doen om enige toekomstige verdeeldheid teë te gaan.

Ds. Cachet en sy geselskap het hulle nie aan die brief gesteur nie, maar toe hulle die rivier die middag deurgetrek het, is hulle deur Viljoen en 'n paar burgers voorgekeer en verhinder om verder te gaan. Na ernstige dreigemente is die wa en osse met geweld deur die rivier teruggeneem. Ook is 'n poging van ds. Cachet en prop. Jooste om aan die oorkant van die rivier agter te bly en te voet verder te gaan, verydel.

Nadat dit donker geword het, is besluit dat Cachet en Jooste weer sou probeer om die kerkplek te voet te bereik, terwyl prop. Hofmeyer by die wa sou agterbly en die volgende dag sou probeer om agterna te kom. Hoewel met groot moeite het hulle daarin geslaag om die plaas die volgende dag betyds te bereik om die diens waar te neem.

Toe kmdt. Viljoen na die diens op die plaas aankom, was hy wo was hy woedend en het hy in sy magtelose woede verskriklike dreigemente geuiter en selfs probeer om ds. Cachet te lyf te gaan. Na die aankoms van prop. Hofmeyer met die wa, kon hulle egter die reis voortsit tot op die plaas Kwaggafontein. Daar is hulle deur ouderling Snyman in sy huis genooi en aangeraai om om te draai, want Viljoen het hom op die plaas agter die kraal skuil gehou. Toe hulle na die wa teruggegaan het om, ten spyte van die waarskuwing, die reis voort te sit,

---

43. Hierdie aspek is vollediger bespreek in hoofstuk II hierbo. Vir meer besonderhede kan Van Jaarsveld: <u>Die eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners</u> en <u>Van Dyk: Die burgeroorlog in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1860 - 1864</u>, geraadpleeg word.

het kmdt. Viljoen skielik te perd op die toneel verskyn. Hierdie keer het dit nie net by dreigemente gebly nie en het Viljoen vir ds. Cachet in sy drif twee houe met 'n sambok gegee.

Nadat Viljoen gekalmeer is, is die geselskap as gevangenes weggevoer na die plaas Kafferskraal van Nicolaas Basson. Na 'n paar uur is hulle weer vrygelaat en kon hulle hul reis voortsit. So het hulle uiteindelik tog die plaas van D. van der Berg waar hulle die volgende diens gereël het, bereik[44].

Op die plaas Vergenoegd no. 46 - later bekend as Jacobsdal[45] is die Nederduitse Gereformeerde gemeente van Marico op 15 Augustus 1868 formeel onder leiding van ds. Cachet gestig. Ds. Cachet is as die konsulent aangewys; D.J. van der Berg is as ouderling verkies en P.J. Lemmer en J.H. Blignaut as diakens. Die bevestiging het op die 16e Augustus plaasgevind, by welke geleentheid ook vyftien kinders gedoop is en sewe belydenis van geloof afgelê het[46].

Die grense van die gemeente het destyds die volgende gebiede ingesluit: Die huidige Lichtenburgse distrik tot aan Hartbeesfontein, met dele van die distrikte Rustenburg, Ventersdorp en Mafeking inbegrepe[47]. In 1869 is die grense tussen Marico en die omringende gemeentes Hartebeesfontein, Ventersdorp, Rustenburg en Mafeking bepaal. In 1889 het Lichtenburg as 'n selfstandige gemeente van Zeerust afgestig[48].

## Die oprigting van die eerste kerkgebou vir die Nederduitse Gereformeerde Gemeente in Marico

Aangesien die eredienste in die begin in private huise gehou is, het die behoefte aan 'n kerkgebou spoedig ontstaan. Nadat alle moontlikhede ondersoek is, is op 'n kerkraadsvergadering van 25 September 1872 gerapporteer dat 'n voorlopige koopkontrak met W. Kirstein aangegaan is. Hiervolgens sou 'n deel van sy plaas Vergenoegd no. 46 in erwe opgemeet en verkoop word. Op 'n gedeelte wat daarvoor opsy gesit is, sou die kerkgebou opgerig word. Die kontrak is deur die kerkraad goedgekeur en ook is besluit dat die gedeelte bekend sou

---

44. Spoelstra,C.: Op.cit., pp.346-350 en Rex:OP.cit.,pp.223-230.
45. Vir meer besonderhede hieroor sien p. 100.
46. Eeufeesblad van die Ned.Ger.gemeente Zeerust, p. 15.
47. Ibid: 48. Ibid, p. 32.
48. Ibid, p. 32.

staan as Jacobsdal[49].

Nadat die kontrak goedgekeur is, is onmiddellik met die bouery begin. Die werk het egter baie probleme opgelewer omdat die boumateriaal met wa en osse van Pietermaritzburg af aangery moes word. Die bouers was C.F. Kirstein, H.J. Swart en M. van Zyl, terwyl G.A. Oosthuizen sy wa en osse beskikbaar gestel het. Ten spyte van die probleme het die bouwerk so vinnig gevorder dat die hoeksteen op 2 Junie 1873 onder blyke van groot belangstelling deur ds. J.P. Jooste, konsulent van die gemeente, gelê kon word.

Op 12 September 1874 is die kerkgebou ewe-eens onder blyke van ongekende belangstelling in gebruik geneem. Die verrigtinge het die oggend begin met 'n gemeentelike verkoping wat £330 (R660) opgelewer het. Later in die dag is die inwydingsplegtigheid voorafgegaan deur 'n groot optog toe ongeveer 1 700 mense na die kerk gestap het. Ds. Jooste het die rede gelewer na aanleiding van die woorde „God is getrou" uit Korinthiërs 1 : 9. 'n Kinderkoor van ongeveer 100 lede het die nodige luister aan die plegtigheid verleen.

By die geleentheid is ook besluit om onmiddellik 'n eie predikant te beroep, maar tog sou die gemeente tot in 1886 moes wag voordat hulle hul eie predikant sou kon ontvang[50]. Eers in 1886 toe die sestiende beroep uitgebring is, het ds. S.J. van der Spuy die beroep na Zeerust aanvaar, maar toe as predikant van die Verenigde Kerk.

5. Die vereniging van die Nederduitse Gereformeerde en Nederduitsch Hervormde Kerke in Marico

Gedurende die sewentiger jare het daar by baie lidmate van dié twee kerke 'n hunkering gekom na eenwording en toenadering. Die eerste teken van 'n veranderde houding by die Ned. Geref.

---

49. Hoewel dit nie sonder twyfel vasgestel kon word na wie Jacobsdal vernoem is nie, kan myns insiens tog van die volgende sin uit 'n verslag van die hoeksteenlegging in Die Kerkbode van 12 Julie 1873 'n afleiding gemaak word: „Ons vertouwen is op den God Jacobs, die niet beschaamt degenen die Hem tot een toevlucht stellen". Dit lyk dus moontlik dat die naam verwys na die Bybelfiguur Jacob.

50. Eeufeesblad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Zeerust 1868 - 1968, pp. 16 - 18.

Kerk het duidelik geword op die Sinodesitting wat op 4 Junie 1877 te Lydenburg begin het. Voor die Sinode was 'n beskrywingspunt van die kerkraad van die Ned. Geref. gemeente van Marico afkomstig, wat soos volg gelui het: „Het voorstel uit dezen Kerkeraad gaat naar onze Synode om den Synode ten ernstigste aan te bevelen te overwegen of het niet wenschelijk is aan de Hoogeerw. Synode der N.G. Kerk in de Kaapkolonie te verzoeken eene Commissie uit haar midden naar de Transvaal te zenden ten einde stappen te nemen tot eene hereeniging den Ned. Gereformeerde en Ned. Hervormde Kerken alhier"[51].

Hierdie gees van verbroedering is verder deur die gemeenskaplike stryd wat deur die Eerste Vryheidsoorlog teweeggebring is so versterk dat onderhandeling in verband met kerklike vereniging spoedig begin het. Reeds in 1885 was dit 'n voldonge feit toe op 'n gesamentlike Algemene Kerkvergadering wat in Pretoria gehou is, die vereniging van die Nederduitsch Hervormde en Nederduits Gereformeerde Kerk deurgevoer is. Die naam van die nuwe kerk is in 1889 vasgestel as die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk.

Na voorafgaande beraadslagings tussen die twee kerkrade het die twee gemeentes in Marico op 8 Junie 1885 verenig. Die Verenigdes het van toe af in die kerkgebou op Zeerust byeengekom, terwyl die kerkgebou op Jacobsdal net vir buitedienste gebruik is. In 1886 is ds. S.J. van der Spuy beroep en op 26 Julie is hy op Zeerust deur ds. C.W. du Toit van Potchefstroom bevestig[52].

Van die verwagte eenheid het egter nie veel gekom nie en die vereniging het in plaas van vrede onrus gebring. Ds. Van der Spuy sou dan ook spoedig met baie probleme te kampe kry. Op 'n kerkraadsvergadering van 2 April 1888 het die eerste tekens van ontevredenheid onder die lidmate van die vroeëre Nederduitsch Hervormde gemeente merkbaar geword toe die eerste stappe gedoen is om die amptelike naam van die „Verenigde Kerk" vas te stel as die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk. Die Hervormdes was die mening

---

51. Ibid.

52. Kyk Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico, p. 11.

toegedaan dat alleen tussen die name Nederduitsch Hervormd of Nederduits Gereformeerd gestem sou word. Vir die nuwe naam was hulle gevolglik nie te vinde nie en het die kerkraad versoek om die naam op Nederduitsch Hervormd vas te stel. Die versoek is egter geweier[53].

Toe boonop 'n bevel van die Hooggeregshof verkry is om kerklike eiendomme op die naam van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk oor te dra, het die ontevredenheid sterk toegeneem[54] onder die lidmate van die vroeëre Nederduitsch Hervormde Kerk, van wie die oorgrote meerderheid van die begin af teen kerkvereniging was[55]. Gevolglik het 'n aantal persone order die voorsitterskap van F.J. Joubert, een van die oudste inwoners van Marico, op 4 September 1889 laat blyk dat hulle nie langer in die Ned. Geref. of Herv. Kerk wou bly nie en hulle aan die vereniging onttrek. Daarop het hulle ds. M.J. Goddefroy van Pretoria genooi om vir hulle te kom diens hou.

Vroeg in Januarie 1890 het ds. Goddefroy in Zeerust aangekom. By die geleentheid wat buite onder bokseile plaasgevind het omdat die kerkgebou in die besit van die Verenigde Kerk was, is die Nederduitsch Hervormde Kerk op 4 Januarie 1890 weer gestig met ds. Goddefroy as die konsulent[56]. Tot kerkraadslede is verkies: ouderlinge: broeders J. Erasmus, Van Wyk, Coetzee en Blignaut en as diakens: Van Niekerk, Potgieter, Labuschagne en Du Plessis. J. Erasmus het egter nie die verkiesing opgevolg nie en in sy plek is J.W. Viljoen jr. bevestig[57].

Toe die Hervormers op Saterdag 19 Julie 1890 weer in die kerkgebou op Zeerust wou byeenkom met die doel om 'n predikant in kombinasie met Rustenburg te beroep, is die gebruik van die gebou hulle deur ds. Van der Spuy belet. Toe van die lidmate egter wel daarin geslaag het om in die gebou te kom, het ds. Van der spuy hom tot die gereg gewend en is die Hervormers

---

53. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, p. 358.

54. De Volksstem, 27 Jan. 1890.

55. Kyk Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, p. 321.

56. Ibid, pp. 321 - 322.

57. De Volksstem, 27 Jan. 1890.

beveel om die gebou op straf van vervolging te verlaat. Die bevel is verontagsaam en 'n veldkornet met vyftien burgers is na die kerk gestuur. Met hulle aankoms het daar groot verwarring ontstaan, sodat die burgers hulle liewers onttrek het sonder dat enige arrestasies gedoen is. Hoewel dit die Sondagoggend rustig was, is daar tog besluit om nie nagmaal te vier nie[58].

Met die kerkgebou nou in die hande van die Hervormers, het die Verenigdes 'n paar Sondae op die agterstoep van die pastorie vergader. Nagmaal sou in die kerk op Jacobsdal gehou word, maar 'n tydelike kerkgebou is binne vyf weke op Zeerust opgerig, waar die gemeente vanaf 1889 tot 1897 saamgekom het.

Volgens 'n finale skikking wat op 7 Mei 1895 deur die twee kerke onderteken is, het die Hervormde gemeente die kerkgebou, die kerkplein, 'n watererf en £200 (R400) ontvang. Die Ned. Herv. of Geref. gemeente het die pastorie behou.

Die N.H. of G. gemeente het dus nou geen ander keuse gehad nie as om 'n eie doeltreffende kerkgebou op te rig. Drie erwe wat 'n klipkoppie ingesluit het, is op hulle versoek deur die regering aan hulle geskenk[59]. Die bouery het onmiddellik daarna begin en op 31 Oktober 1897 is die nuwe kerk wat vir die bedrag van £4 300 (R8 600) opgerig is, sonder skuld in gebruik geneem[60].

## 6. Die stigting van die Gereformeerde Kerk, Zeerust

Soos bekend het die eerste Gereformeerde kerk in 1859 op Rustenburg ontstaan, met ds. Dirk Postma as eerste predikant. Op hierdie vergadering is ook kerkraadslede „1 voor die districkten ... verkozen, sommigen dadelyk aangesteld, anderen by provicie"[61]. Hierna het ds. Postma verskeie sentrums in die Republiek besoek en in Maart na die plaas van Jacobus Snyman in Marico gegaan. Ten spyte van die dreigemente van

---

58. De Volksstem, 24 en 28 Julie 1890. Besonderhede hieroor kan ook nagelees word in Engelbrecht: Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust (Mariko) 1871-1946, pp. 23-35.

59. U.R.B., art. 34, 24 Jan. 1894.

60. Vgl. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, p. 325 en Eeufeesblad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Zeerust 1868-1968, pp. 20-21.

61. Spoelstra, B.: Op. cit., p. 172.

vdkt. J.W. Viljoen om hulle met 'n krygsmag uit die gebied te weer, het Postma tog daar 'n diens gehou. By die geleentheid is ook 'n ouderling en diaken vir Marico bevestig[62]. Marico wat dus 'n wyk van die Rustenburgse gemeente gevorm het, sou dit bly tot in 1899.

Op Saterdag 26 Mei 1899 is onder die voorsitterskap van ds. D. Postma (die seun van die stigter van die Geref. Kerk) daartoe oorgegaan om die Gereformeerde gemeente te Marico te stig, met 'n lidmatetal van nege en tagtig. Die diensdoende kerkraadslede van die Rustenburgse gemeente in die voormalige wyk, nl. ouderling J.P. Snyman en diaken M.M. Basson, is herkies tot ampsdraers van die nuwe gemeente. Omdat daar egter twee wyke was, een aan elke kant van die groot transportpad na Krugersdorp, is W. Basson en S. Bekker ook tot ouderling en diaken respektiewelik verkies[63].

Wat vaste eiendom betref, het die Gereformeerde kerk reeds voor sy stigting in 1898 vier erwe van die Staat ontvang[64] waarop 'n gebou teen 'n koste van £700 (R1 400) opgerig is. Hierdie geld is deur ouderling J.P. Snyman betaal. Gevolglik kon die gebou waarksynlik met die stigtingsgeleentheid in gebruik geneem word. Later is oor die £400 (R800) aan ouderling Snyman terugbetaal en van die oorblywende £300 (R600) het hy 'n groot deel as sy bydrae aan die gemeente geskenk.

Met die stigtingsvergadering is ds. Postma as konsulent beroep. Omdat 'n eie predikant egter die ideaal was, is dieselfde naweek deputate van die kerkraad van Lichtenburg ontmoet om te onderhandel oor die gesamentlike beroep van 'n predikant. Die volgende ooreenkoms is toe aangegaan:

(i) Die predikant sal minstens een jaar te Lichtenburg woon.
(ii) Lichtenburg beloof om £110 (R220), drie slagskape en nege en 'n half sakke graan tot die traktement by te dra.
(iii) Die Gemeente Marico beloof om £67 (R134) by te dra.
(iv) Die predikant sal agt keer per jaar dienste op Zeerust waarneem.

---

62. Ibid, -p. 171.

63. Kyk Van der Linde, G.P.L.: <u>Die Gereformeerde Gemeente Zeerust 1899 - 1949</u>, p. 2.

64. U.R.B., art. 372, 1898.

Hierdie ooreenkoms is dieselfde middag deur die gemeente goedgekeur. In Oktober is besluit om oor te gaan tot die beroeping van 'n predikant, maar omdat die onweerswolke van die komende vryheidstryd reeds donker saamgepak het, het van die beroep niks gekom nie en sou daar eers weer op 17 Oktober 1902, onder heel ander omstandighede, 'n kerkraadsvergadering plaasvind.[65)]

7. Die Anglikaanse kerk, Zeerust

Hoewel die werk van die Anglikaanse kerk in Marico terugdateer tot die jaar 1839 toe eerw. Owen wat vroeër by Dingaan se stat gestasioneer was, hom onder die Bantoes in Marico gevestig het, begin die amptelike bediening van die Blankes in Marico in 1872. In daardie jaar is eerw. Henry Sadler vanaf Barkly-Wes na Zeerust gestuur as die eerste predikant van die gemeente.

Onmiddellik na sy aankoms het eerw. Sadler begin met die insameling van geld om 'n kerkgebou op 'n erf wat deur D.J. Coetzee geskenk is, op te rig. Hierdie kerkgebou is reeds in 1873 deur mnr. Hutton voltooi. Hoewel die kerkgebou later deur stortreën en stormwinde beskadig is en die oostelike gedeelte herbou moes word, is dit vandag die oudste Engelse kerkgebou in Transvaal.

Die gebou is in 1891 ook as 'n skool gebruik. Juis op hierdie terrein het die predikante van die Anglikaanse kerk 'n groot bydrae gelewer, want vanaf eerw. Sadler het al die Anglikaanse predikante ook onderwys gegee[66)]. In 1899 byvoorbeeld is die skool van eerw. Whyatt deur sewentig leerling bygewoon. Van die deel van sy werksaamhede het hy onder andere geskryf: "The work of a country rector in a Transvaal parish is no sinecure. He has to be Parson, Schoolmaster and Missionary, working seven days a week"[67)].

---

65. Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek 1867 - 1967, p. 35.

66. Vir meer besonderhede sien hoofstuk V, p. 117 hierbo.

67. Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek 1867 - 1967, pp. 39-40.

## 8. Die Jerusalemgangers

Na die vestiging van die Blankes aan die einde van die veertigerjare was daar in die gebied ŉ groep wat as gevolg van sterk sektariese neigings ŉ afsonderlike party gevorm het[68]. Die groepsvorming is egter nie net aan politieke opvattinge toe te skryf nie, maar was ook godsdienstig geïnspireer. Reeds met die besoek van ds. Murray in 1850 aan „de Zwarte Ruggens" het hy met hulle as groep kennis gemaak. Hy het toe onder andere die volgende oor hulle geskryf: „...en ik moest mij bedroeven over de jammerlijke verdraaiing der Heilige Schrift, en voornamelijk der Profetieën, waardoor sij hunne gevoelens verdedigen"[69].

Van die agtergrond van hierdie groep Voortrekkers is min bekend. Hulle leier, Johan Adam Enslin, was ŉ eertydse smous in die Kolonie. Omstreeks 1846 het hy in die omgewing van Winburg as die Profeet bekend gestaan[70].

Dr. W. Robertson het reeds in 1836 in die Swartberge in aanraking gekom met ŉ groep mense wat oorland na Jerusalem wou trek. Omstreeks 1837 het hulle uit die Tarka na die noorde verskuif en hulle in Natal gevestig. Na die Britse anneksakie in 1844 het hulle weer die gebied verlaat[71]. Daarvandaan is ŉ groot groep van hulle na Marico waar ds. Murray hulle aangetref het. Hier het Enslin sy plaas Meseg genoem, ŉ naam wat hy ontleen het aan psalm 120. Die rede was dat sy plaas te midde van ŉ sondige wêreld vir hom die teëstelling gevorm het van Jerusalem waarheen sy verlange was. Aanvanklik het hulle Marico nie as hulle permanente woonplek beskou nie, maar die hoop gekoester dat hulle die reis na Jerusalem sou kon voortsit om sodoende die sondige wêreld te ontvlug[73]. Om hierdie rede maar ook omdat hulle hul met

---

68. Snyman: Die ontwikkeling van die onderwys van die Blankes in Marico, Addendum by hoofstuk II.

69. Brief van ds. A. Murray jr., d.d. 14 Febr. 1850, soos aangehaal by Spoelstra, C.: Op. cit., p. 87.

70. Kyk Spoelstra, B.: Op. cit., p. 115.

71. Ibid, p. 116.

72. S.P.E.: Die Jerusalemgangers (In Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1947, p. 62.

73. Kyk Spoelstra, B.: Op. cit., p. 116.

die volk Israel op pad na Jerusalem vereenselwig het, het hulle die naam van die Jerusalemgangers gekry[74].

Die botsings wat tussen die groep en die besoekende predikante uit die suide ontstaan het[75], moet gesien word as 'n uitvloeisel van sowel hulle politieke as godsdienstige oortuigings. Hulle was nie net heftig gekant teen die sing van gesange nie, maar hulle het ook afkerig gestaan van alles wat hulle met die Britse regering in verband gebring het. Engeland is beskou as een van die horings van die bees waarvan in Openbaring melding gemaak word. Elkeen wat van hom betaling ontvang het, is as deelgenoot van sy sondes geag. Omdat hulle goed bekend was met die verhouding waarin die Kaapse Kerk tot die Britse owerheid gestaan het, het hulle beslis geweier om van die dienste van die predikante gebruik te maak[76].

Hierdie opvatting het ook vir Andries Pretorius by die groep in ongunst gebring. Hulle wantroue in hom het gespruit uit sy houding teenoor die Engelse in Natal en sy onderhandelinge met die Britse kommissarisse, wat op die sluiting van die Sandrivierkonvensie uitgeloop het. Enslin het Pretorius in 'n brief aan T.F. Dreyer van verraad, heerssug en tweedrag beskuldig[77]. Dit is later opgevolg met 'n memorie wat hy en sewe en veertig van sy volgelinge onderteken het, waarin beweer is dat Pretorius se onderhandelinge met die Britse kommissarisse op 'n losse voet geskied het[78] en dat die Trekkers daardeur aan Engeland verkoop is.[79]

---

74. Vgl. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, p. 65 en Spoelstra, C.: Op. cit., p. 101.

75. Sien p. 133 van hierdie hoofstuk.

76. Vgl. Du Plessis, J.: Op. cit., p. 108.

77. R212/50: J. Enslin aan T.F. Dreyer, d.d. 15 Mei 1850.

78. Preller, G.: Andries Pretorius, lewensbeskrywing van die Voortrekker kommandant-generaal, p. 438.

79. Spoelstra, B.: Op. cit., p. 117.

As gevolg van hierdie vete met Pretorius was Enslin en sy aanhangers nie gewild in Marico nie. Die ontevredenheid het so hoog geloop dat Enslin wat toe kommandant was, in April 1850 van sy amp onthef en A.H. Stander in sy plek verkies is[80]. Hieraan het Enslin hom nie onderwerp nie en kmdt. Stander moes spoedig kla dat al die grensreëlings wat hy met die Bantoe-opperhoofde getref het deur Enslin verander is[81].

Om die verdeeldheid te beëindig is in 1851 besluit om aan twee kommandante-generaal jurisdiksie te gee. Vir die Jerusalemgangers is hulle leier, J.A. Enslin, aangestel en aan diegene wat nie onder hom wou staan nie, is die geleentheid gegee om onder Andries Pretorius te ressorteer[82]. Hierdie toegewing het egter nie die beoogde uitwerking gehad nie. Enslin het teen Pretorius bly agiteer en op 3 Sept. 1851 voor die hof van landdros en heemrade op Potchefstroom 'n eis teen hom ingestel. Toe hy die saak verloor en boonop beveel is om die onkoste te betaal, was hy woedend en het probeer om sommer weg te ry. Hy is daarop deur 'n veldkornet na die landdroskantoor teruggebring, waar hy „als een razende vloekte" en die hof vir meinediges uitgemaak het. Na verdere ontstigtelikhede is hy onder nadere goedkeuring van die Volksraad as kommandant-generaal geskors en weens minagting van die hof gevonnis tot 'n boete van Rds. 300 of 'n maand burgerarres. Toe Enslin weier om hom ook hieraan te onderwerp, is hy gearresteer en in burgerarres geplaas. Selfs hierdie drastiese optrede het hom nie tot besinning gebring nie want na die sluiting van die Sandrivierkonvensie het hy op die punt gestaan om sy ontevredenheid met 'n gewapende demonstrasie te bewys, toe hy en 'n groot groep van sy volgelinge aan die koors omgekom het[83].

Na sy dood het sy volgelinge in die gebiede Marico,

---

80. Sien p. 37 hierbo.

81. R209/50: A.H. Stander aan A.W.J.Pretorius, d.d. 1 Aug. 1850.

82. Notule van die Eerste Volksraad, Elandsrivier, d.d. 15 Januarie 1851. (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. II, art. 3, p. 4.) Vir meer besonderhede oor die kommandant-generaalskap kyk Du Plessis, J.S.: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaanse Republiek, 1858-1902 en Van Heerden, J.J.: Die kommandant-generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek.

83. Kyk S.P.E.: Die Jerusalemgangers, p. 63 en Spoelstra, B.: Op. cit., p. 117.

Magaliesberg en Waterberg versprei en is hulle in die gemeenskap opgeneem. Op geestelike gebied het daar by die wat hulle in Marico gevestig het ŉ groot verandering ingetree. Hulle het nou die kerk besoek, hulle kinders ten doop gebring en berou uitgespreek dat hulle hul vroeër so laat meesleep het[84]. Volgens ds. Murray was daar by die jongmense van die groep toe ook geen voorneme meer om na Jerusalem te trek nie[85].

Al wat vandag nog in Marico aan hierdie groep herinner, is die bekende pleknaam Enselsberg.

## 9. Samevatting

Gedurende die vestigingsjare was die bewoners van Marico, net soos die ander immigrante noord van die Vaal, vir kerklike bearbeiding afhanklik van die sporadiese besoeke van predikante van die Kaapse Kerk. Vanselfsprekend het die toestand tot geestelike agteruitgang aanleiding gegee. Dat hiermee nie genoeë geneem is nie, blyk uit die begeerte na ŉ eie predikant wat telkens teenoor die besoekende predikante uitgespreek is. Tog was die koms van die eerste vaste predikant na die Transvaal nie vir almal die verwesenliking van ŉ hartsbegeerte nie omdat die bande met die Kaapse Kerk daarmee beëindig is. ŉ Groot groep wou die bande met die Kerk in die suide behou; terwyl andere daarenteen nie in een van die bestaande Kerke tuis gevoel het nie.

Die gevolg was dat die Gereformeerde Kerk in 1859 gestig en dat ook die Nederduitse Gereformeerde Kerk gemeentes gestig het. Aan hierdie verdeeldheid op kerklike gebied het ook Marico nie ontkom nie. ŉ Groep het hulle van die begin af by ds. Van der Hoff geskaar en in 1872 as ŉ onafhanklike Nederduitsch Hervormde gemeente van Potchefstroom afgestig. Jan Viljoen wat ŉ vurige lidmaat van die Kerk was, het enige poging tot afstigting van die Hervormde Kerk fel teëgestaan, wat tot ernstige onenigheid aanleiding gegee het. Ten spyte van sy houding het ŉ groep van die bewoners van Marico tog by die Gereformeerde Kerk aangesluit en ŉ wyk van Rustenburg gevorm. In 1868 is onder leiding van ds. Cachet ook ŉ gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Marico gestig.

---

84. Sien p. 133.

85. Vgl. Spoelstra, C.: Op. cit., p. 127

In 1872 het 'n vierde Kerk in Marico tot stand gekom toe die Engelssprekendes hulle eie predikant ontvang het. Nadat die gevoelens bedaar het, het die onenigheid op kerklike gebied nog een keer opgevalm toe die vereniging van die Nederduitsch Hervormde en Nederduitse Gereformeerde Kerke na 'n kort tydjie misluk het.

Die betekenis van die koms van die eerste vaste predikante na Marico kan moeilik oorskat word. Nie alleen het die geestelike belange van die lidmate aandag geniet nie, maar ook op die gebied van die onderwys het die predikante 'n leidende rol gespeel en positief bygedra tot die vooruitgang van die gebied.

Die werksaamhede van al die gemeentes is deur die Tweede Vryheidsoorlog tydelik beëindig en sou hulle eers 'n geruime tyd na 1902 tot volle ontplooiing kom. Die N.G. kerkgebou is byvoorbeeld gedurende die oorlog deur die Britse leër as 'n militêre vesting gebruik en die van die N.H. gemeente as 'n militêre hospitaal. Na die oorlog is die geboue in 'n gehawende toestand nagelaat en vanweë die armoede en ernstige droogtes wat in die jare na 1902 geheers het, het dit die gemeentes 'n hele paar jaar geneem om alles weer in orde te kry. Ook die jong Gereformeerde gemeente se werksaamhede is deur die oorlog tot stilstand gebring. Na die oorlog is dadelik met reorganisasie begin en in 1904 kon hulle hul eerste predikant ontvang in die persoon van ds. D. Postma van Pretoria. Sedertdien was die groei van die verskillende gemeentes egter bestendig en bestaan daar tans 'n hele aantal gemeentes in die gebied. Pragtige kerkgeboue getuig van groot vooruitgang en ontelbare seëninge.

## H o o f s t u k VII

### EKONOMIESE ONTWIKKELING

### 1. Algemene ekonomiese toestande

Die eerste beroep wat die bewoners van Marico, soos elders in die binneland, beoefen het, was die landbou. In die beginjare was die boerdery ingestel op beesboerdery en was elke boer se ideaal die besit van 'n groot plaas waarop sy beeste en skape kon wei, met geen buurman in sig nie[1]. Omdat die grond egter vrugbaar en water volop was, het die akkerbou ook 'n groot bydrae gelewer tot die welvaart van die gebied. Graanlande is aangelê en vrugteboorde aangeplant en van die vrugte is brandewyn gestook.[2] As die inkomste wat uit die jag verkry is hierby gevoeg word, is dit duidelik waarom beweer is dat as die Maricodistrik behoorlik bewerk kon word, dit tot die rykste gebied in die Suid-Afrikaanse Republiek kon ontwikkel[3].

Tog is die toestand van welvarendheid nie gou bereik nie en was daar in die pioniersjare baie bewyse van armoede in die Suid-Afrikaanse Republiek en ewe-eens in Marico. So is daar in 1852 berig dat die boere in Marico finansieel baie swaar gekry het[4]. In 1855 het die veldkornet vir die wyk Marico ook berig dat groot armoede onder die mense heers[5]. Geld was so skaars dat vdkt. Jan Viljoen ook in dié tyd aan die regering moes meedeel dat sommige burgers nog nie hulle belasting kon betaal nie en dat die armoede swaar op die mense druk[6].

Die gebrek aan lewensmiddele moet nie net aan faktore wat vroeg in die vyftigerjare geheers het, toegeskryf word nie, maar was ook nog een van die gevolge van die Groot Trek. Hoewel daar van die begin af behoeftiges onder die Trekkers was,

---

1. Perry, J.G.: The social and economic conditions of the Transvaal from 1852 to the first annexation in 1877 (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Univ. van S.A., 1931), p. 15.
2. Pelzer: Op. cit., pp. 138 - 139.
3. Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het Schrikkeljaar, 1896, p. 236.
4. Notule van die Volksraad, Rustenburg, d.d. 20 Nov. 1852. (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. II, art. 22, p. 94).
5. Pelzer: Op. cit., p. 16.
6. R799/55: J. Viljoen aan M.W. Pretorius, d.d. 14 en 20 April 1955.

is die armoede tydens die Trek in die meeste gevalle veroorsaak deur die oorloë wat teen die Bantoestamme gevoer moes word. Dikwels het hierdie botsings met ernstige veeverliese gepaard gegaan, soos byvoorbeeld met die geveg by Vegkop. Vergoeding uit die vee wat later weer teruggeneem is, het nooit ten volle gekompenseer nie en het dikwels eers lank na die roof plaasgevind. In die tussentyd moes dan maar op die kontant geteer of die jag as ꞌn bron van inkomste beoefen word om in die behoeftes te voorsien. Verder het die dood van soveel gesinshoofde wat ꞌn toenemende aantal weduwees en wese tot gevolg gehad het, ꞌn steeds groterwordende las op die Trekkers gelaai[7].

In die vroeë vyftigerjare was die vernaamste oorsaak vir die armoede die gedurige veediefstalle en onrus wat deur die Bantoestamme op die wesgrens veroorsaak is. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die boere periodiek hulle plase moes verlaat en in laers saamtrek[8]. Gevolglik was die finansiële nood later so groot dat J.C. Marneweck sr. die Volksraad moes versoek om die boere wat nie hulle finansiële verpligtinge kon nakom nie, nie te vervolg nie. Hy het die Volksraad dan ook die versekering gegee dat hulle hul belasting wel sou betaal sodra hulle hul weer op hulle plase gevestig het[9].

Verder het die boere ook ernstige verliese gely as gevolg van droogtes, ontydige koues, sprinkane en veesiektes. Teen 1886 was baie Blankes reeds in finansiële nood, daarom was die ontdekking van goud by Malmanie vir die bewoners van Marico van besondere betekenis[10]. ꞌn Digbevolkte delwersgebied in die onmiddellike omgewing sou ꞌn waardevolle afsetgebied vir plaasprodukte skep en ꞌn broodnodige kontantinkomste verseker.

---

7. Vir meer besonderhede in die verband kyk Preller: Andries Pretorius, hfst. XII, pp. 308 - 314.

8. Meer besonderhede hieroor word verstrek op p. 65 hierbo.

9. J.C. Marneweck sr. aan die Volksraad, d.d. 8 Maart 1853. (S.A.Argiefstukke, Tvl., dl. II, bylaag 18, p. 390).

10. De Volksstem, 19 Augustus 1886.

## 2. Die handel

Gedurende die vestigingsjare is graan slegs vir huishoudelike doeleindes gekweek; gevolglik was die hoofbron vir 'n kontantinkomste gedroogde vrugte en brandewyn wat van die vrugte gestook is. Laasgenoemde is teen ongeveer £7 (R14) tot £7-10 (R15) per halfaam verkoop[11]. Die moontlikhede om uit die verkoop van landbouprodukte 'n florerende bestaan te maak, was in die vestigingsjare baie skraal, want die groot afstande, swak paaie en die gevolglik hoë vervoerkoste na die markte het die handel gestrem. Om die nodige markte te vind is die produkte selfs so ver as na Bloemfontein en elders gebring[12], maar vanaf 1850 het daar egter in Potchefstroom, wat baie nader was, 'n florerende mark begin ontstaan[13]. Hoewel aansienlik nader, was dit vir daardie tyd tog nog 'n reis wat 'n hele paar dae - en in die reëntyd heelwat langer - in beslag geneem het. Gevolglik moes op artikels toegespits word wat die digbewoonde dele nie meer kon lewer nie en die handelaars na die binneland sou lok. Artikels wat uit die jag verkry is, het hulle uitmuntend hiertoe verleen omdat plekke om grootwild te jag al meer en meer tot die bosveldstreke van die Transvaal beperk is vanweë die bevolkingstoename in die hoërliggende en suidelike dele, en die artikels gevolglik al moeiliker bekombaar geword het. Oorsee was daar ook 'n groot aanvraag na items soos die velle van buffels, seekoeie, leeus en tiers, ivoor en volstruisvere[14]. Handelaars in sulke produkte het gevolglik gou hulle opwagting in Marico gemaak. Die plaas Hazeah waarop Zeerust later aangelê is, het die handelsentrum hiervoor geword[15].

Die lang afstande het dit nie net vir die bewoners van Marico moeilik gemaak om hulle produkte winsgewend van die hand te sit nie, maar op hulle beurt moes hulle buitensporige pryse vir handelsware wat deur handelaars na die binneland gebring is, betaal. Vanweë die skaarste aan geld het die

---

11. Potgieter, F.J.: Op. cit., p. 53.

12. Vergelyk Spoelstra, C.: Op. cit., p. 126.

13. Sien Pelzer: Op. cit., p. 179.
14. Ibid, p. 174.

15. Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek 1867-1967, p. 5.

boere gewoohlik op krediet gekoop en dan periodiek met velle en ander artikels betaal. Die handel was hoofsaaklik ruilhandel[16]. Na mate gevestigde handelaars die smouse in die verafgeleë dele begin vervang het, het nuwe geleenthede ontstaan om 'n kontantinkomste te bekom.

Om hulle voorrade aan te vul moes die handelaars 'n gereelde vervoerdiens instel waarvoor van die dienste van die boere gebruik gemaak is. Sodoende het daar 'n nuwe beroepsgroep ontstaan - die transportryers[17]. In Marico het verskeie handelaars hulle op Jacobsdal gevestig, wat tot met die stigting van Zeerust 'n florerende handelsentrum was[18].

Na die ontdekking van diamante in Griekwaland-Wes in 1867 en die stigting van 'n delwersgemeenskap het Kimberley 'n waardevolle afsetgebied vir die boere geskep en het Marico een van die welvarendste gebiede in die Suid-Afrikaanse Republiek geword[19]. Die landbouproduksie het verdubbel, maar terselfdertyd het die produksiekoste ook gestyg omdat Bantoelone verhoog moes word as gevolg van die arbeidsvraag deur die nuwe mynbedryf[20].

Een van die vernaamste redes waarom vir 'n dorp in Marico geagiteer is, was juis om 'n eie handelsentrum te hê. Na dorpstigting in 1867 het die handel in die nuwe dorp dan ook vinnig toegeneem. Gedurende Januarie 1878 is alreeds die volgende lisensies deur die Landdros vir die dorp en distrik toegeken:

| | | |
|---|---|---|
| Handelslisensies | : | 8 |
| Dranklisensies | : | 7 |
| Slagterslisensies | : | 1 |
| Biljartlisensies | : | 1 |
| Afslaerslisensies | : | 1 |
| Prokureurslisensies | : | 1 [21]. |

Vir Februarie is die volgende toegeken:

| | | |
|---|---|---|
| Handel | : | 6 |
| Meule | : | 1 [22]. |

---

16. Vergelyk Perry: Op. cit., pp. 15 en 30.
17. Kyk Potgieter, F.J.: Op. cit., p. 60.
18. Vir meer besonderhede hieroor kyk pp. 100-101 hierbo.
19. Cachet: Op. cit., p. 384.
20. Kyk Potgieter, F.J.: Op. cit., p. 193.
21. De Staatscourant, 12 Febr. 1878.
22. De Staatscourant, 19 Maart 1878.

Sodanige toekennings is hierna gereeld in De Staatscourant aangekondig.

Die uitbreiding van die handel in Zeerust blyk verder uit 'n berig in De Potchefstroomer, d.d. 23 September 1885, waarin gesê is dat die drukke verkeer en die smaakvolle winkels getuig het dat dit met die handel goed gaan. Luidens die berig is die inwoners van die dorp ook druk besig met die oprigting van 'n Eksekuteurskamer en 'n Waarborgmaatskappy vir die doeltreffender beheer van sake[23].

Ook Ottoshoop het 'n belangrike handelsentrum in die Maricodistrik geword. In 1887 was daar reeds steenmakerye, twee negosiewinkels, verskeie bakkerye en slaghuise asook twee hotelle[24] en in 1888 het die Standerdbank daar 'n tak geopen[25]. Ottoshoop se betekenis vir die handel was egter veral daarin geleë dat hy in 1892 kragtens wet no. 20 tot inklaringspoort verklaar is. Dit het beteken dat die betaling van invoerregte op alle goedere wat oor Kimberley die Suid-Afrikaanse Republiek binnegekom het, daar betaal moes word. In dieselfde jaar is reeds £1 492-6-0(R2 984,60) betaal. Nadat die spoorlyn Kimberley bereik het, het die bedrag aansienlik gestyg. So is daar in 1896 £6 000 (R12 000) betaal[26]. en in 1897 £7 000 (R14 000)[27].

Die behoefte aan 'n plaaslike mark het ook aandag geniet en op 27 September 1873 het die Zeerustse Dorpskomitee besluit om 'n mark te open in ooreenstemming met die regulasies van die Republiek. As markmeester is K. Schwan aangestel. Die mark sou op 1 November open en markgeld is gehef teen 1½% van die aangebode produkte[28]. Ook op Ottoshoop is vanaf 25 Julie 1888 daagliks môremarkte op die markplein gehou[29].

---

23. Meer besonderhede oor Zeerust kan nagelees word in hoofstuk IV, p. 89 e.v.

24. De Volksstem, 25 Augustus 1887.

25. De Volksstem, 19 April 1888.

26. Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek voor 1897, p. 261.

27. Staatsalmanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek voor 1898, p. 334.

28. Notule van die Dorpskomitee (Zeerust); 1872 September - 1878 April.

29. De Staatscourant, 15 Augustus 1888: Kennisgewing van die mynkommissaris, d.d. 16 Julie 1888.

Vanweë die sametrekking van 'n groot aantal delwers het produkte op die mark goeie pryse behaal[30].

Na verloop van tyd het die boere egter ook hulle produkte na die Johannesburgse mark vervoer. In die jare voor die runderpes was waens uit Marico 'n daaglikse verskynsel op dié mark[31]. So was daar gedurende die week van 20 Junie 1894 tien waens op die Johannesburgse mark[32].en tydens een van die weke in Julie 1895 nie minder as ses en twintig nie[33], wat op 'n groot toename dui. Nie alleen het die boere met hierdie togte goedere na die mark en myne geneem nie, maar met die terugkoms is goedere vir die plaaslike handelaars vervoer, waarmee 'n bykomende verdienste verkry is. Hierdie handelstogte is ongelukkig tot groot skade vir die boere van Marico en aangrensende gebiede deur die runderpes 'n nekslag toegedien. Omdat alle verkeer uit die gebiede stopgesit is, was albei die bronne waaruit 'n kontantinkomste verkry is, natuurlik van die baan.

Die gevolg was dat die bewoners van Marico so 'n moeilike tyd moes deurgaan dat daar van regeringsweë hulp verskaf moes word[34].

3. Mynbou

In die Staatsalmanak vir 1896 word gekonstateer dat die Maricodistrik goud, silwer, koper, lood, cinabar, sink, steenkool, salpeter en swael lewer[35].

Ontginning van sekere van hierdie metale het alreeds voor die koms van die Blankes deur die Bantoes geskied. So het die handelaar Scoon tydens sy besoek aan hierdie gebied 'n kopermyn van die Bantoes naby die huidige Zeerust besoek. Verder het hy ook melding van ysterontginning gemaak. Ook Moffat het tydens sy besoek aan die Matebeles in 1829 van 'n ystersmeltery verneem. Met die koms van die Blankes is werk-

---

30. De Volksstem, 7 Maart 1889.

31. De Volksstem, 20 Junie 1894.

32. De Volksstem, 27 Julie 1894.

33. De Volksstem, 26 Julie 1895.

34. U.R.B., art. 796, 14 September 1896.

35. Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het schrikkeljaar 1896, p. 236.

plekke gevind wat bewys dat die Bantoes ook lood ontgin het[36]. In 1855 het die Landdros van Rustenburg so ŉ verlate loodmyn besoek en daar ŉ stuk erts opgetel wat die Bantoes "... weg gesmeten heb"[37].

Ook volgens Anderson was daar benewens ryk loodneerslae, koper, goud en yster en baie gekleurde klei in Marico[38]. Hierdie moontlike bron van welvaart moes vroeg reeds die aandag van die Volksraad geniet het, want in Junie 1855 het P.J. Marais al daaroor gerapporteer. Volgens sy verslag het hy die kopermyne langs die Magaliesberg én in Marico besoek, maar na sy mening was hulle nie ryker as van 5% tot 25% nie en geen kopermyn onder 50% kon winsgewend wees nie[39]. In Oktober 1859 het J.W. Viljoen weer aan die owerheid gerapporteer dat daar sprake is van ŉ goud- en kopermyn op die gebied van Secheli. Laasgenoemde het die myn aan ene Thomas Cocklin getoon wat van die erts na Potchefstroom geneem het waar dit deur dr. Quin as suiwer goud geïdentifiseer is[40].

Die bewoners van Marico was op die tydstip egter nie verheug oor die berigte nie en het probeer om dit geheim te hou, omdat hulle ŉ toestroming van uitlanders gevrees het. Om die rede het Viljoen alle uitlanders belet om die gebied van Secheli binne te gaan[41]. Ook was die Landdros van Rustenburg wat in opdrag van die President in 1855 ŉ stuk looderts wat in Marico gevind is, aan hom moes besorg, verplig om ŉ stuk erts by ŉ ou Bantoemyn te gaan optel omdat die eienares van die plaas nie wou toelaat dat hy van die erts wegneem nie. Sy was ook nie bereid om die plaas te verkoop of om die myn te verhuur nie[42].

---

36. Vergelyk Potgieter, F.J.: Op. cit., pp. 30 - 31.

37. R788/55: Landdros P.J. van Staden aan M.W. Pretorius, d.d. 27 Maart 1855.

38. Kyk Anderson: Op. cit., p. 276.

39. P.J. Marais aan die Volksraad, d.d. 7 April 1855. (S.A. Argiefstukke, Tvl., dl. III, bylaag 5, p. 288).

40. R3192/59: J. Viljoen aan M. Pretorius, d.d. 24 Oktober 1859.

41. Ibid.

42. R788/55: Landdros P.J. van Staden aan M. Pretorius, d.d. 27 Maart 1855.

a. Die ontginning van lood

Omdat lood noodsaaklik was vir die vervaardiging van ammunisie, het die Blankes na hulle vestiging in Marico gaan ondersoek instel na die plekke waar die Bantoes lood gesmelt het. Die owerheid het ook 'n prys uitgeloof aan die eerste persoon wat met 'n aansienlike hoeveelheid lood wat hyself uitgesmelt het, na vore kom. Om in sy behoeftes te help voorsien het die Regering in 1857 met 'n loodmyn naby Pretoria begin, maar na twee jaar is egter besluit om die ontginning van van metale aan private maatskappye oor te laat[43]. Hoewel loodneerslae in redelike hoeveelhede op die plaas Zendelingspost naby Mosega gevind is,[44] is die eerste loodmyn in die gebied in 1875 deur Raymond and Co., ongeveer vyf en twintig myl noordoos van Lichtenburg en agt en twintig myl suidoos van Zeerust geopen[45]. Vertikale skagte is gegrawe, waaruit delftonnels dan speekvormig van die skag af gemaak is[46]. 'n Aansienlike hoeveelheid lood is hieruit verkry. Daar is selfs feitlik suiwer loodstukke van tot 100 pond in die myn gevind[47].

Aangesien die erts van 'n goeie gehalte was en ook heelwat silwer ontgin is, het die produksie van die myn toegeneem. Die maksimum opbrengs kon egter nie gelewer word nie omdat die produksie gekortwiek is deur 'n gebrek aan kapitaal en doeltreffende myntoerusting[48]. In Julie 1876 het die maatskappy egter aangekondig dat hulle besig is om nuwe installasies op te rig en dat hulle verwag dat die produksie daardeur so sou toeneem dat hulle na verwagting in die regeringsaanvraag sou kon voldoen. Die produksie het dan ook gestyg tot 'n ton erts per dag. Die gehalte van die erts was 84% lood, asook ses en sestig onse silwer per ton lood[49].

---

43. Potgieter, F.J.: Op. cit., p. 151.

44. Kyk Cachet: Op. cit., pp. 338 - 339.

45. R603/76: T. Willmore aan landdros Otto, d.d. 29 November 1875.

46. Potgieter, F.J.: Op. cit., p. 123.

47. Cachet: Op. cit., pp. 338 - 339.

48. R1632/76: A. Duuring aan pres. Burgers, d.d. 22 Junie 1876.

49. De Volksstem, 12 Augustus 1876.

Ondanks die verhoging in produksie is die myn voortdurend gekortwiek deur 'n gebrek aan kapitaal omdat die klante nie altyd kontant betaal het nie. Hierdie gebrek aan kapitaal het op sy beurt weer veroorsaak dat myntoerusting ondoeltreffend gebly het en in die jare 1877 - 1878 het nog ongeveer 30% van die produksie in die suiweringsprosesse verlore gegaan.

In 1878 was die opbrengs meer as 210 ton lood en teen 1880 is dit opgeskuif na 360 ton[50]. Vervoerprobleme het verder daartoe bygedra dat die myn nie ten volle in die aanvraag kon voorsien nie.

In 1883 het R.Read 'n nuwe loodmyn in die gebied geopen[51], maar herhaalde gerugte van goud wat in betaalbare hoeveelhede in Marico aanwesig is, het nou die toneel begin oorheers[52].

b. <u>Die ontginning van goud</u>

Hoewel daar reeds in 1850 gerugte in omloop was oor die aanwesigheid van goud in Marico, was dit nie voor 1886 dat dit bo alle twyfel bewys is nie. In daardie jaar en in die loop van die volgende twee jaar is goud op verskillende plekke in die distrik gevind[53].

Aan die begin van 1886 is 'n klip van die plaas van M.A. van der Walt vir ontleding na Pretoria gestuur, maar volgens 'n sertifikaat wat deur die Chemiese en Metallurgiese Laboratorium, Pretoria uitgereik is, isbbevind dat dit slegs spore van goud bevat het en van geen waarde was nie[54]. In dieselfde jaar is egter 'n goudrif op die plaas van J. Fritz deur Apsley Pellatt ontdek[55]. Volgens Pellatt was die rif

---

50. Sien Potgieter, F.J.: Op. cit., p. 123.

51 <u>De Volksstem</u>, 15 Maart 1882.

52. <u>De Volksstem</u>, 6 November 1883.

53. <u>Inleiding tot die argief van Marico</u>, p. 103.

54. R719/86: Landdros C.B. Otto aan Staatsekretaris, ongedateerd.

55. R719/86: Bylaag tot Sertifikaat uitgereik deur die Chemiese en Metallurgiese laboratorium, Pretoria, d.d. 24 Febr. 1886.

op die plaas Zeekoevlei[56], maar volgens die waarnemende landdros het Pellatt hom met die naam vergis en moes dit die plaas Stinkhoutboom no. 96 wees[57]. Kort daarna het landdros C.B. Otto ook verwys na die goudontdekking en -ontginning op die plaas Stinkhoutboom aan die Malmanierivier[58]. In die berig oor die ontdekking in De Volksstem is gemeld dat die rif op die plaas Stinkhoutboom alias Zeekoevlei van Joseph Fritz ontdek is[59].

Hoewel daar dus twyfel bestaan oor die naam van die plaas, was daar wel op altwee goud aanwesig en is altwee kort na mekaar tot openbare delwerye verklaar en vir prospekteerders oopgestel, Zeekoevlei no. 98 op 7 Februarie 1887 en Stinkhoutboom no. 96 op 18 Julie 1887[60].

Berigte van ontdekkings op ander plase het spoedig gevolg. Ten spyte van die besware van die plaaseienaars het ꞌn stromloop daarheen onmiddellik gevolg en spoedig het ꞌn sestigtal persone soos skerpioene en bobbejane daar rondgesoek na goud[61]. Die gesonde klimaat het natuurlik ook aan die gebied ꞌn groot voordeel bo die goudveld van Oos-Transvaal gegee. Daar is selfs daarmee gespog dat die gebied so gesond was dat ꞌn dokter nie daar ꞌn bestaan kon maak nie.

Regeringsmaatreëls om die toestroming te beheer was noodsaaklik en daarom is versoek dat die gebied so gou moontlik tot ꞌn openbare goudveld verklaar moes word[62]. Hierdie versoek dui ook op die vertroue wat in die gebied gestel is. Hoë verwagtings is gekoester, want die aanwesigheid van goud op soveel naburige plase in die Malmanievallei het op ryk en uitgestrekte goudriwwe gedui. Skagte wat gegrawe is, het getoon dat die riwwe na onder breër word[63] wat die verwagtings versterk het. Nie net die fortuinsoeker nie, maar ook die

---

56. R3685/86: Beëdigde verklaring van A.J. Alexander, d.d. 31 Julie 1886.

57. R3897/86: Wnd. landdros Butner aan Staatsekretaris, d.d. 4 Aug. 1886.

58. R4302/86: Landdros C.B. Otto aan kmdt.-genl. P.J. Joubert, d.d. 28 Aug. 1886.

59. De Volksstem, 16 Augustus 1886.

60. Staatsalmanak der Suid-Afrikaansche Republiek voor 1892.

61. De Volksstem, 16 Augustus 1886.

62. De Volksstem, 30 Augustus 1886.

63. De Volksstem, 15 Oktober 1886.

boere het gedroom van nuwe toekomsmoontlikhede wat ꞥ bestendige mark op hulle drumpel sou meebring.

Vanaf 1887 tot 1892 is die volgende plase tot openbare delwerye verklaar of vir prospekteerders oopgestel:

| | |
|---|---|
| Zeekoevlei no. 98 | 7 Februarie 1887, |
| Stinkhoutboom no. 96 | 18 Julie 1887 |
| Rietpoort no. 95 | 10 Augustus 1887 |
| Wonderhoek no. 192 | 12 September 1887 |
| Doornfontein no. 289 | 9 April 1888 |
| Kafferkraal no. 93 | 22 Junie 1888 |
| Olijvenbult no. 30 | 26 Junie 1888 |
| Stinkhoutboom no. 23 | 26 Junie 1888 |
| Hartebeestlaagte no. 26 | 26 Junie 1888 |
| Kruisrivier no. 154 | 26 Nov. 1888 |
| Stinkhoutboom no. 269 | 4 November 1889 |
| Doornplaat no. 99 | 30 Mei 1892 |
| Windheuvel no. 206 | 1 Junie 1892 |
| Kaalplaats no. 97 | 3 Junie 1892 64). |

Al hierdie plase het die Malmaniedelwerye gevorm, so genoem na die Malmanierivier waarlangs die meeste gouddraende plase geleë was[65].

Teen 1892 was die volgende geregistreerde mynmaatskappye en sindikate te Malmanie bedrywig:
Consolidated Gold Mining Co., met ꞥ geregistreerde kapitaal van R150 000; Malmani Primrose, met ꞥ geregistreerde kapitaal van R160 000; Pioneer Wonderhoek Gold Mining Co., met ꞥ geregistreerde kapitaal van R150 000[66].

Om in die behoeftes van die administrasie van die goudveld te voorsien het die Regering Nathaniel van den Berg op 21 Januarie 1887 as mynkommissaris aangestel. Op 24 Januarie het hy sy werksaamhede aanvaar, met sy kantoor op Zeekoevlei. Nadat Ottoshoop as dorp verklaar en aangelê is[67], het sy

---

64. <u>Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor 1892</u>
<u>Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor 1893</u>.

65. Inleiding tot die argief van Marico, p. 103. (Staatsargief, Pretoria).

66. <u>Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor 1892</u>.

67. Vir besonderhede hieroor kyk p.98

kantoor ook daarheen verskuif. Op 25 Julie 1888 is Van den Berg tot spesiale landdros van die Malmaniegoudveld bevorder en is Adrien Patrick Henri Eckhout as mynkommissaris aangestel [68].

Om die belange van die delwers te bevorder is ook periodiek 'n delwerskomitee verkies. Die eerste verkiesing het op 29 April 1887 plaasgevind, maar die name van die lede kon ongelukkig nie opgespoor word nie. Met die tweede verkiesing is die volgende persone verkies: Penny, Smith, Forsaith, Pippen, Green, Weit, Herd, Solly en Mills. Van die probleme waarmee hulle te kampe gekry het, was o.a. die onwettige delwers in die Bantoegebied wat kragtens wet vir ontginning gesluit was, asook onwettige prospekteerwerk op ongeproklameerde regeringsgrond [69].

Die aanvanklike produksiesyfers en die voortdurende blootlegging van nuwe riwwe wat op redelike dieptes nog 'n groot dikte vertoon het, het groot verwagtings vir die toekoms geskep. Die plaas Rietpoort het byvoorbeeld op 'n diepte van twee en twintig voet 'n opbrengs van tien onse per ton gelewer [70]. Berigte het die produksie 'n maand later op twee en twintig ons gestel in weerwil daarvan dat baie fyngoud as gevolg van ondoeltreffende toebehore verlore gegaan het [71]. Volgens die mynkommissaris was die inkomste van 10 - 28 Februarie ongeveer R1 527 en na sy mening kon dit nog verder verhoog word as meer plase opgestel word [72]. Daarom is met groot ongeduld by die regering aangedring om steeds meer en meer plase te proklameer.

Soos te verwagte was spekulante baie bedrywig en die pryse van kleims het gestyg. Veral nadat beter ontginningsmasjinerie geïnstalleer is, het die pryse verder die hoogte ingeskiet. In 1887 het 'n stuk grond wat normaalweg nie

---

68. S.A. Argiefstukke, Tvl. Lyste van landdroste en delwerye, Argief Marico, p. 103.
69. De Volksstem, 8 Mei 1888.
70. De Volksstem, 21 Januarie 1887.
71. De Volksstem, 7 Februarie 1887.
72. R 1520/87: Mynkommissaris aan die Staatsekretaris, d.d. 3 Maart 1887.

veel werd sou wees nie, reeds die aansienlike prys van R16 000 behaal[73] en teen die einde van dieselfde jaar is die plaas Doornfontein vir R50 000 en 'n ander vir R60 000 verkoop[74], wat 'n buitengewone prysstyging aandui. Vanselfsprekend het die pryse van kleims ook gestyg en spoedig van R10 [75] na R20 verdubbel[76]. Ten spyte van die prysverhoging het die aanvraag na nuwe kleims toegeneem soos bewys word deur die feit dat toe die plaas Rietpoort oopgestel is, binne vier dae om 700 delwerslisensies aansoek gedoen is[77].

Berigte oor die goudveld spreek van wisselende sukses en pessimisme wat weer deur groot verwagtings opgevolg is. Op 2 Julie 1888 is in De Volksstem 'n pessimistiese berig oor die werksaamhede op die goudveld gepubliseer, maar terselfdertyd is verklaar dat nuwe ontginnings op Kaalplaats nuwe hoop gebring het, want daar was die opbrengs belowend. Luidens dieselfde berig is op die aangrensende plaas Stinkhoutboom ook weer talle verlate kleims geopen, wat op nuwe lewe dui. In September is weer berig dat Ottoshoop 'n treurige vertoning maak en soos 'n slagveld lyk[78]. Sulke berigte wat van wisselende vooruitsigte spreek, het mekaar reëlmatig opgevolg. Die geringste ontdekking het die hoop opnuut laat opvlam[79], maar dit was telkemale van korte duur. Ontginningswerk het stelselmatig verminder vanweë kapitaaltekorte en daar is maar gewag op wat die toekoms sou oplewer. Rooigrond was nou ook slegs 'n vervalle plekkie. Alles het daar rustig toegegaan, van die rumoer was daar geen sprake meer nie en die enigste teken van lewe was die „telegramryden" tussen Ottoshoop en Mafeking. Ewe melancholies is bygevoeg dat ook dit sal ophou[80].

Nuwe hoop het egter weer opgevlam na die ontdekking van 'n nuwe rif op Windheuvel, en Golden Calf wat glo ryker en breër sou wees as die hoofrif op die Witwatersrand en 'n op-

---

73. De Volksstem, 5 Julie 1887.
74. De Volksstem, 6 Desember 1887.
75. De Volksstem, 7 Februarie 1887.
76. De Volksstem, 16 Augustus 1887.
77. De Volksstem, 23 Augustus 1887.
78. De Volksstem, 11 September 1888.
79. De Staatscourant, 26 Junie 1889: Goewermentskennisgewing no. 117.
80. De Volksstem, 7 Maart 1889.

brengs van 3 000 tot 4 000 onse goud per maand kon lewer. Die voordele van die ontdekking bo die Witwatersrand is nog verder beklemtoon deur te verklaar dat arbeid, hout en water volop was[81].

Selfs in Maart 1890 was die hoop nog sterk dat die goudveld aan die verwagtings sou voldoen, want die mening is gehuldig dat die plase met die rykste goudriwwe nog nie oopgesit is nie. Op Golden Calf-rif is ook nog fluks gewerk en ŉ goudklont van vyf en ŉ kwart ons wat op Rietpoort gevind is, het getoon dat daar wel goud was. ŉ Gebrek aan kapitaal was egter nog steeds ŉ struikelblok en die oormatige aanwesigheid van water het ook ŉ probleem geword, hoewel die hoofingenieur wat die gebied besoek het, van mening was dat die waterprobleem oorkom kon word[82].

Vanaf Mei 1890 het die berigte van sukses minder geword en is berig dat ŉ stilte oor die gebied neergedaal het en dat slegs op enkele plekke nog gewerk is[83]. Die mening is ook nou uitgespreek dat die kapitaal wat in die Malmaniegoudveld belê is, weggegooi is en dat goud op baie plekke nooit ontgin moes gewees het nie, daarom het Malmanie plaaslik en oorsee ŉ slegte reuk gehad[84].

Die teleurstelling is in ŉ mate versag toe die aandag op nuwe moontlikhede gevestig is. Daar is naamlik beweer dat Marico wel ryk is aan kwiksilwer, lood, asbes en koper. Die mening is uitgespreek dat as die vervoerporbleme uitgeskakel kon word deur die verlenging van die spoorweg van Mafeking na Ottoshoop, koper-, asbes- en looderts in onnoembare hoeveelhede uitgevoer kon word[85].

Teen die einde van 1890 is die spesiale landdros en mynkommissaris op Ottoshoop verplaas en is slegs ŉ waarnemende mynkommissaris aangestel[86]. Vanaf 1 September 1891

---

81. De Volksstem, 24 Junie 1889: Brief deur M.G.E.

82. De Volksstem, 17 Maart 1890.

83. De Volksstem, 5 Mei 1890.

84. De Volksstem, 10 November 1890: Brief deur W.G. Tempelhof.

85. Ibid.

86. De Volksstem, 22 Desember 1890.

het die gebied dan ook onder die Klerksdorpse goudveld geressorteer[87]. Kleims het spotgoedkoop geword en is teen R4 stuk verkoop. Teen die einde van Augustus 1891 het geen maatskappye meer daar gewerk nie, slegs enkele sindikate en private persone[88].

Op 19 September 1894 het mnr. Otto na aanleiding van 'n bespreking in die Volksraad oor 'n spoorweg na die Rustenburg-Maricogebied wel nog gesê dat die Malmaniegoudveld goed is as dit reg bewerk sou word, maar Marico het oor geen steenkool beskik nie en daarom was die produksiekoste te hoog[89].

Hierdie sienswyse is myns insiens die weerspieëling van die algemene gees wat veral in die beginjare op die goudveld geheers het: 'n groot vertroue in die potensialiteite, maar gekortwiek deur die noodsaaklike middele.

Samevattende slotparagraaf

Groot afstande langs slegte paaie na die afgeleë markte het dit vir die Blankes in Marico moeilik gemaak om hulle produkte winsgewend te bemark. Gevolglik was dit dringend noodsaaklik om ander bronne te vind wat 'n kontantinkomste kon verskaf. Grootwildjag het wel 'n tydelike uitkoms gebied, maar daarop kon geen gesonde ekonomie gebou word nie omdat die wild al skaarser en moeiliker bekombaar geword het. Die ontdekking van edele en halfedele metale was gevolglik van groot betekenis vir die gebied. Dit sou 'n sametrekking van mense in die onmiddellike omgewing veroorsaak, wat op sy beurt 'n hoogsnoodsaaklike mark sou skep wat as spoorslag kon dien om die vrugbare landbougebied ten volle te ontwikkel. Aanvanklik het dit gelyk asof die ontginning van lood hiertoe sou dien, maar slegte paaie en 'n gebrek aan kapitaal en doeltreffende masjinerie was 'n onoorkomelike struikelblok.

Hierna het die ontdekking van goud langs die Malmanierivier nuwe toekomsverwagtinge geskep, maar na 'n kortstondige delwerstydperk het net die verlate gruishope en 'n klein dorpie oorgebly om die verhaal van wisselende hoop en frustrasie te vertel.

---

87. De Volksstem, 27 Augustus 1891.

88. Ibid.

89. Notule van die Eerste Volksraad, art. 1763, d.d. 19 Sept. 1894, p. 671.

## SAMEVATTING

Die vrugbare grond, helder waterstrome, aangename klimaat en groot verskeidenheid wildsoorte het van die Maricogebied lank voor die koms van die Blankes ꞌn gesogte woongebied vir die Tswanastamme gemaak. Baie jare lank het dit aan hulle ꞌn rustige tuiste gebied, maar vroeg in die twintigerjare van die 19de eeu is hulle voortbestaan ernstig bedreig deur die inval van die Mantatese. Hoewel die invallers se verwoestingswerk in Junie 1823 gestuit en hulle uitmekaar gejaag is, het daar vir die Tswanas tog geen vrede aangebreek nie, want nog voordat hulle van die ramp herstel het, het ꞌn tweede hulle met net soveel felheid getref toe die Matebeles hulle onder Silkaats in Wes-Transvaal kom vestig het. Weer eens is hulle op ꞌn bloeddorstige wyse aangeval en die wat die dood of knegskap wou ontkom, moes die woestyn invlug.

Juis die aanwesigheid van die Matebeles in die gebied sou die streek onder die aandag van die Blankes bring. Die burgers wat in 1837 onder Hendrik Potgieter, Gert Maritz en Piet Uys aan die twee veldslae teen die Matebeles deelgeneem het, het die moontlikhede van Marico as ꞌn landbou- en jaggebied onmiddellik raak gesien. Die gevolg was dat baie Blankes hulle na die verdrywing van die Matebeles in die streek kom vestig het, Dit het egter eers gebeur nadat die Potchefstroomse en Magaliesbergse gebiede redelik dig bevolk geraak het.

In 1848 het die eerste drie huisgesinne, nl. die van Jan Viljoen, Ockert Oosthuizen en Hans Terblanche, hulle uit die Vrystaat in Marico kom vestig. Hierna het die nuwe intrekkers mekaar vinnig opgevolg sodat die gebied spoedig redelik dig bevolk was. Vir administratiewe en kerklike doeleindes het Marico onder Potchefstroom geressorteer. Hulle is wel op ꞌn keer onder die jurisdiksie van die Rustenburgse landdros geplaas, maar dit het tot soveel ontevredenheid aanleiding gegee dat die gebied weer onder Potchefstroom teruggeplaas is.

Dit was egter nie net die Blankes wat Marico hulle tuiste

gemaak het nie, baie van die Bantoes wat deur die Mantatese en die Matebeles verdryf is, het na 1837 ook na hulle tuistes teruggekeer. Hieruit het een van die grootste probleme vir die Blankes van Marico voortgevloei, want baie Bantoes was die mening toegedaan dat die Blankes hulle uit hulle grondgebied verdring het. As gevolg van hierdie opvatting maar ook omdat sekere Britse sendelinge soos Livingstone, Edwards en Iglis die Bantoes teen die Blankes aangehits en meegehelp het om hulle van wapens en ammunisie te voorsien, het die Bantoes 'n vyandige houding teenoor die Blankes ingeneem. Die gevolg was dat daar vir baie jare onrus in die gebied was. Veediefstalle en selfs moord was aan die orde van die dag waardeur die Blankes gedwing is om soms lang tye in laers saam te trek. Hierdeur het hulle groot finansiële verliese gely. Die uiteinde van die saak was dat 'n kommando teen Secheli wat die leier van die opstandelinge was, moes uittrek. In die slag wat gevolg het, is vier Blankes dood, terwyl Secheli sy verliese op agt en negentig gestel het.

Soos dit elders in die binneland die geval was, het die Blankes hulle in Marico op die landbou en veeteelt toegelê. Die hoëveldstreek met sy koel grond was uitmuntend geskik vir saaiboerdery en kleinvee. Die laerliggende dele wat deur vele waterstrome deurkruis is, was weer uitstekende beeswêreld en 'n aanloklike jaggebied. Uit die jag is 'n welkome kontantinkomste verkry van handelaars wat na die gebied gekom het om velle, ivoor en ander produkte van die jagveld te koop.

In die bosveld het die boere egter met ernstige probleme te kampe gekry, soos byvoorbeeld ernstige koorsepidemies onder die mense, droogtes, perdesiekte en allerhande veesiektes wat in 1896 'n hoogtepunt bereik het met die runderpes. Verder was die afwesigheid van 'n nabygeleë mark en 'n plaaslike kerkplek 'n diepgevoelde behoefte. Namate die bevolkingsdigtheid toegeneem het, het die noodsaaklikheid van 'n eie dorp en landdrosdistrik al hoe groter geword en is daar by verskillende geleenthede daarvoor geagiteer.

Die gevolg was dat die eerste dorp, Zeerust, op 20 Maart 1867 op die plaas Hazeah, ook bekend as Hazenjacht, van D.J. Coetzee gestig is. Met hierdie ideaal verwesenlik is onmiddellik geywer vir 'n selfstandige distrik. Ook hierdie mylpaal is bereik toe die Volksraad Marico op 30 Oktober

1871 tot selfstandige distrik verklaar het, met J.A.L. Montgomery as die eerste landdros.

Ook op kerklike terrein is daar mettertyd groot vordering gemaak, hoewel toegegee moet word dat dit met groot onrus, veral vanweë die optrede van J. Viljoen, gepaard gegaan het. Aangesien ’n groot deel van die bewoners, Viljoen ingesluit, lidmate was van die Nederduitsch Hervormde Kerk, was dit ’n logiese stap toe daar op 12 Junie 1871 oorgegaan is tot die stigting van ’n eie Nederduitsch Hervormde gemeente, met Zeerust as standplaas. Maar toe sommige mense van Marico in 1859 by die Gereformeerde Kerk aansluit en ds. Postma Marico besoek, was Viljoen baie ontsteld en het hy selfs die moontlikheid van ’n godsdiensoorlog voorsien. Toe die eerste Nederduitse Gereformeerde gemeente op 15 Augustus 1868 onder leiding van ds. Cachet gestig is, met Jacobsdal as standplaas, het Viljoen weer eens alles in sy vermoë gedoen om dit te voorkom en in sy pogings het hy hom so te buite gegaan dat hy selfs vir ds. Cachet te lyf gegaan het.

Toe diamante in 1867 ontdek is, het dit ook vir Marico op finansiële gebied vooruitgang gebring omdat daardeur ’n mark binne bereikbare afstand geskep is. In die tagtigerjare van die 19de eeu was daar selfs die moontlikheid van ’n mark binne die Marico-distrik toe goud langs die Malmanierivier ontdek is. Hoewel die ontdekking hoë verwagtings geskep het, was die ontginning van goud in Marico van korte duur. Gelukkig het die ontdekking van goud op die Witwatersrand ’n blywende nuwe mark geskep wat vir Marico veel beteken en die boere boonop in staat gestel het om met transportry ’n bykomende kontantinkomste te verdien.

Op die gebied van die onderwys is in die distrik ewe-eens goeie vordering gemaak en veral die rol wat die Kerke hierin gespeel het, kan nie oorskat word nie. Gedurende die laaste twee dekades van die vorige eeu het die fasiliteite baie verbeter en het beter opgeleide onderwysers tot die onderwys toegetree. Ook die meerdere belangstelling van die owerheid in die onderwys het baie daartoe bygedra dat die gehalte van die onderrig steeds verhoog het.

Uit hoofde van bogenoemde is dit duidelik dat die Marico-distrik op alle terreine van die samelewing besig was om vooruit te gaan toe die Tweede Vryheidsoorlog egter ’n plotselinge einde aan alles gemaak het.

Nadat die nagevolge van die oorlog oorkom is, het Marico in die 20ste eeu egter groot vooruitgang beleef. Zeerust sou tot 'n vooruitstrewende plattelandse dorp ontwikkel wat aan die handelaar en die nyweraar alle fasiliteite kan verskaf. Ook sy skole en veral die sekondêre skool sou groot bekendheid verwerf. Op kerklike gebied sou ook groot vooruitgang kom en nuwe gemeentes afgestig word wat met doeltreffende en sierlike kerkgeboue kan spog. Hoewel droogtes baie van die waterstrome laat opdroog het, sou wetenskaplike hulpmiddele verseker dat Marico bekendheid verwerf veral vir sy beesboerdery maar later ook vir sy wuiwende koringlande onder die besproeiingsdamme.

# BIBLIOGRAFIE

## 1. ONGEPUBLISEERDE BRONNE

### A. STAATSARGIEF PRETORIA


1. Argief van die Staatssekretaris, Z.A. Republiek, 1848 - 1900 (aangedui S.S.)

a. Inkomende stukke (aangedui R).

b. Supplementêre stukke.

2. Argief van die Uitvoerende Raad, Z.A. Republiek, 1858 - 1902. (aangedui U.R.).

3. Argief van die Landdrosdistrik Lichtenburg.

a. Memorandum oor die ontstaan van die dorp en distrik Lichtenburg.

4. Argief van die Landdrosdistrik Marico, 1871 - 1900.

a. Inleiding tot die indeksering van die Argief Marico (aangedui as Landdroste Bethal-Marico).

b. Landdros: Register van Inkomende en Uitgaande stukke 1873 - 1900.

c. Dorpskomitee (Zeerust): Notule Januarie 1875 - April 1879.

d. Kommandant: Inkomende stukke, 1897 - 1898.

e. Veldkornet: Inkomende stukke, 1871.

f. Malmanie-delwerye: Spesiale landdros (Ottoshoop), Inkomende stukke, 1888 - 1898.

g. Mynkommissaris (Ottoshoop): Inkomende stukke 1894.

h. Oorlogstukke, 1900.

i. Naturellekommissaris: Inkomende stukke: 1887.

j. Losse stukke, 1886 - 1889 en ongedateerd.


### B. KERKARGIEF : NEDERDUITS HERVORMDE KERK VAN AFRIKA, PRETORIA.


Diverse stukke i.v.m. Ned. Herv. gemeente van Marico.


## II GEPUBLISEERDE BRONNE


Breytenbach, J.H. en Pretorius, H.S.: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal. Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby). Deel 1

(1844 - 1850). Kaapstad, 1949.

Breytenbach, J.H.: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal. Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby). Deel II (1851 - 1853). Kaapstad, 1950.

Breytenbach, J.H.: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal. Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby). Deel III (1854 - 1858). Kaapstad, 1951.

Breytenbach, J.H.: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal. Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby). Deel IV (1859 - 1863) Kaapstad, 1952.

Breytenbach, J.H.: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal. Notule van die Volksraad, van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby). Deel V (1864 - 1866). Kaapstad, 1953.

Breytenbach, J.H.: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal. Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby). Deel VI (1866 - 1867). Kaapstad, 1956.

Index der Staatscouranten over de jaren 1857 tot en met 1870 Pretoria, 1897.

Index der Staatscouranten over de jaren 1871 tot en met Julie 1881 Pretoria 1898.

Index der Staatscouranten over de jaren 1881 tot en met 1890 Pretoria 1898.

Jeppe, F.: De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek 1849 - 1885. (Hersien deur J.G. Kotze). Pretoria, 1887.

Joubert, C.: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal. Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), Deel VII (1867 - 1868). Kaapstad, 1966.

Krynauw, D.W. en Pretorius, H.S.: Transvaalse Argiefstukke, Staatssekretaris: Inkomende stukke, 1850 - 1853. Pretoria, 1949.

Notulen der verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Eersten Volksraad der Z.A.R., 1891 - 1899.

Notulen der verrichtingen van den Hoog-Edel Achtbaren Tweeden Volksraad der Z.A.R., 1891 - 1899.

Preller, G.S.: Voortrekkermense I. 'n Vyftal oorspronklike dokumente oor die geskiedenis van die Voortrek, met aantekeninge en bylae. Tweede druk. Kaapstad, 1920.

Preller, G.S.: Voortrekkermense II. 'n Drietal oorspronklike dokumente oor die geskiedenis van die Voortrek, met aantekeninge en bylae. Kaapstad, 1920.

Preller, G.S.: Voortrekkermense III. Dokumente oor die geskiedenis van die Voortrek, met aantekeninge en bylae. Kaapstad, 1922.

Preller, G.S.: Voortrekkermense IV. Dokumente uit die geskiedenis van die Voortrek. Kaapstad, 1925.

Resolutions of the Executive Council of the late South African Republic, 1886 - 1899. Pretoria, 1907.

III KOERANTE, TYDSKRIFTE EN PERIODIEKE PUBLIKASIES

Almanak voor de Nederduitsche Hervormde Kerk in Afrika.

De Volksstem (Pretoria).

De Potchefstroomer (Potchefstroom).

Die Brandwag (Johannesburg).

Die Gereformeerde Gemeente Zeerust, 1899 - 1949. Gedenkuitgawe ter herinnering aan die vyftigjarige bestaan van die Gemeente, tydens die vyftigjarige Jubileumfees, Mei 1949. Zeerust, (1948).

Die Zeerustse Eeufees-Gedenkboek, 1867 - 1967. Zeerust, (1967).

Nederduitse Gereformeerde Gemeente Zeerust, 1868 - 1968. Eeufeesblad. Zeerust, (1968).

Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek. Pretoria.

Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek.

Transvaal Argus Potchefstroom.

IV SEKONDêRE BRONNE

A. ONGEPUBLISEERDE

Du Plooy, W.J.: Die militêre voorbereidings en verloop van die Jamesoninval, 1895 - 1896. (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958).

Erasmus, F.W.L.: Ds. Dirk van der Hoff - 'n kritiese beoordeling van sy werksaamhede in die Zuid-Afrikaansche Republiek. (M.A. - verhandeling, P.U.K. vir C.H.O., 1949).

Huyser, J.D.: Die naturellepolitiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1838 - 1877. (D.Litt.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1936).

Krüger, D.W.: Die Republick Stellaland. (M.A.-verhandeling, P.U.K. vir C.H.O., 1930).

Naudé, P.: Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 - 1898. (D. Litt-proefskrif, Univ. v. S.A., 1954).

Oosthuizen, J.: Hercules de la Rey en die Tweede Vryheidsoorlog. (D. Litt-proefskrif, P.U.K. vir C.H.O., 1949).

Perry: J.G.: The social and economic condition of the Transvaal from 1852 to the first annexation in 1877. (M.A.-verhandeling, Univ. van S.A., 1931).

Pretorius, Z.L.: Die geskiedenis van Rustenburg 1851 - 1918. (M.A, - verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1967).

Snyman, J.J.: Die naturellestamme in Marico vanaf die 18de eeu tot die verdwyning van die Matebelestam in November 1837. (M.A.-verhandeling, P.U.K. vir C.H.O., 1949).

Snyman. J.J.: 'n Histories-kritiese studie oor die ontwikkeling van die onderwys van Blankes in die distrik Marico, Transvaal, 1848 - 1948. (M.Ed.-verhandeling, P.U.K. vir C.H.O., 1948).

Van Dyk, J.H.: Die burgeroorlog in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1860 - 1864. (M.A.-verhandeling, P.U.K. vir C.H.O., s.j.).

B. <u>GEPUBLISEERD</u>

Anderson, A.A.: Twenty five years in a waggon in the gold regions of Africa. London, 1887.

Becker, P.: Path of blood. The rise and conquests of Mzilikazi, founder of the Matebele tribe of Southern Africa. London, 1962.

Bruwer, F.P.: Die Bantoe van Suid-Afrika. Johannesburg, 1963.

Cachet, F.L.: De worstelstrijd der Transvalers. Paarl, 1882.

Coetzee, J.C.: Onderwys in Transvaal, 1838 - 1937. Pretoria, 1941.

Cronje, G.(Red).: Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie. Pretoria, 1967.

Du Plessis, J.: Het leven van Andrew Murray. Kaapstad, 1920.

Du Plessis, J.S.: Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1858 - 1902. (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Jaargang 18, dl. I, Die Staatsdrukker, 1955).

Engelbrecht, S.P.: Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Tweede hersiene en vermeerderde uitgawe, Pretoria/Kaapstad, '36.

Hanekom, T.N.;(Red.): Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk - Gedenkboek by ons derde Eeufees, 1952. Kaapstad, 1952.

Harris. W.C.: The wild sports of Southern Africa. London, 1842.

Jooste, J.P.: Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859 - 1959. Potchefstroom, 1958.

Kirby, P.R.,(Red.): Robert Moffat's visit to Mzilikazi in 1835. Johannesburg, 1940.

Kirby, P.R.: The diary of dr. Andrew Smith, director of the "Expedition for exploring Central Africa", 1834 - 1836, vol. 1. Kaapstad, 1939.

Kotze, D.J.: Die eerste Amerikaanse sendelinge onder die Matebeles. (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis. 13de jaargang, deel 1. Kaapstad, 1950).

Lugtenburg, A.H.: Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836 - 1900. Pretoria, 1925.

Mouton, J.A.: Genl. Piet Joubert in die geskiedenis van Transvaal tot 1884. (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis. 20e jaargang, deel 1. Kaapstad, 1957.)

Muller, C.F.J.:(Red.): 500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria/Kaapstad, 1968.

Pelzer, A.N.: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. Deel II. Wordingsjare. Kaapstad, 1950.

Pellisier, S.H.: Jean Pierre Pellisier van Bethulie. Pretoria, 1956.

Potgieter, C. en Theunissen, N.H.: Kommandant-generaal Hendrik Potgieter. Johannesburg, 1938.

Potgieter, F.J.: Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1837 - 1886. Met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing. (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis. 21e jaargang, deel II. Kaapstad, 1959.)

Preller, G.S.: Andries Pretorius. Lewensbeskrywing van die Voortrekker kommandant-generaal. Johannesburg, 1940.

Rex. H.: Die voorgeskiedenis en geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde gemeente Zeerust (Marico) vanaf die predikantskap van ds. Daniël Lindley (1840-1844) tot dié van ds. Samuel Young (1947-1971). Pretoria, 1971.

Sanderson, J.: Memoranda of a trading trip into the Orange River (Sovereignty) Free State, and the country of the Transvaal Boers. 1851 - 1852. (In: Shaw, N.,(Red.): The journal of the Royal Geographical Society, vol. 30. London, 1860.

Scholtz, G.D.: Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1842 - 1885. Pretoria, s.j.

Spoelstra, B.: Die Doppers in Suid-Afrika, 1760 - 1899. Kaapstad, 1963.

Spoelstra,, C.: Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek. Kampen, 1915.

Stow, G.W.: The native rades of South Africa. London, 1910.

Theal, G.McC.: Geschiedenis van Zuid-Afrika. Vierde uitgawe. Kaapstad, s.j.

Theal, G.McC.: History of South Africa from 1795 to 1872, vol 1 and III. (Third edition, George Allen and Unwin Ltd., London, 1916).

Thom, H.B.: Die lewe van Gert Maritz. Kaapstad, 1965.

Van der Walt, A.J.H., Badenhorst, W.J., Coetzee, J.C. en Jenkins, E.H.: Potchefstroom, 1838 - 1938. Johannesburg, 1938.

Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika. Twee dele. Kaapstad, 1951.

Van Heerden, J.J.: Die kommandant-generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, dl. II, Die Staatsdrukker, 1964).

Van Jaarsveld, F.A.: Die eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners, deel 1. Pioniershartstogte, 1836 - 1864. Johannesburg, 1951.

Van Jaarsveld, F.A.: Die veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis. 13de jaargang, deel II. Kaapstad, 1950.)

Van Oordt. J.G.: Paul Kruger en de opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek. Amsterdam/Kaapstad, 1898.

Voigt, J.C.: Fifty years of the history of the Republic in South Africa, 1795 - 1845. vol 1. Kaapstad, 1969.

Wichmann, F.A.F.: Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1838 - 1860. (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis. 4de jaargang, deel II. Kaapstad, 1941.))